UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Bloedfamilie

en

# Gender en gender-identiteit van wit mans in die tekste *Kontrei* (Kleinboer) en *Om na 'n wit plafon te staar* (Jaco Kirsten)

deur Mercia Schoeman

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

Magister Artium (Kreatiewe Skryfkuns)

Eenheid vir Kreatiewe Skryfkuns
Departement Afrikaans
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria

Studieleier: Prof. H.J. Pieterse

Augustus 2010

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# Bedankings


- Graag wil ek my studieleier, Prof. H.J. Pieterse, vir sy bekwame leiding bedank. Sy kennis en sy skryfwerk is vir my ’n konstante inspirasie.
- Dankie aan Adrienne Warricker, wat as inligtingskundige behulpsaam was met die opspoor van sekere bronne.
- En dankie aan my lewensmaat, Karen Burger, aan wie ek met graagte hierdie werk opdra.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUDSOPGAWE

**Bladsy**

## HOOFSTUK 1
## INLEIDING


**1.1 Inleiding** 1
**1.2 Maskuliniteit as studieveld in Suid-Afrika** 1
**1.3 Motivering vir studie** 4
**1.4 Doelstellings van studie** 6
1.4.1 Afbakening van studieveld 6
1.4.2 Primêre en sekondêre vrae 7
A. Primêre vraag 7
B. Sekondêre vrae 7
1.4.3 Doelstellings 8
**1.5 Metodologie** 9
**1.6 Hoofstuk-indeling** 9


## HOOFSTUK 2
## TEORETIESE PERSPEKTIEWE OP MASKULINITEIT


**2.1 Inleiding** 11
**2.2 Gender en maskuliniteit: ’n Teoretiese oorsig** 11
2.2.1 ’n Psigoanalitiese benadering tot maskuliniteit 12
2.2.2 ’n Sosiokulturele benadering: Die sosialisering van gender en maskuliniteit 16
i. Kruis-kulturele en sosiologiese teorieë 16
ii. Marxisme 18
2.2.3 ’n Poststrukturele siening van *gender* en *maskuliniteit* 19
i. Jacques Lacan 20
ii. Michel Foucault 22
iii. Judith Butler 24
2.3.4 Samevatting 25


## HOOFSTUK 3
## DIE MASKULINITEIT VAN WIT, AFRIKAANSE MANS IN SUID-AFRIKA


**3.1 Inleiding** 28
**3.2 Wit Afrikaanse mans (WAM’s) en hegemoniese maskuliniteit in Suid-Afrika: Die kennis van generasies** 28

3.2.1 Militêre diensplig 31
3.2.2 Geweld en vuurwapens 32
3.2.3 Sport, jag en avontuur 33
3.2.4 Familie en die vader as patriarg 34
3.2.5 Die val van homofobie 37
3.2.6 Konklusie 37
**3.3 Post-apartheid en maskuliniteit** 38
**3.4 'n Krisis in maskuliniteit** 41
**3.5 Samevatting en konklusie** 43

## HOOFSTUK 4
## MASKULINITEIT IN *KONTREI*

**4.1 Inleiding** 45
**4.2 Opsomming van teks** 45
**4.3 Merkers van maskuliniteit in die teks** 46
4.3.1 Die skryfproses as 'n soeke na maskuliniteit 47
4.3.2 Taalgebruik 47
4.3.3 Maskuliniteit en die plaasroman 48
4.3.4 Maskuliniteit en seksualiteit 48
i. Objektivering 49
ii. Intimiteit 50
iii. Vrees vir verwerping 51
4.3.5 Manlike diskoerse en paradokse 52
i. Seks teenoor intimiteit en gebondenheid 52
ii. Mag teenoor magteloosheid 53
4.3.6 Politiek en velkleur 54
4.3.7 Die versaking van die Christelik-nasionale familie en die patriarg 55
4.3.8 Geweld en vuurwapens 57
4.3.9 Sport 58
4.3.10 Hoë-risiko gedrag en drankmisbruik 59
**4.4 Samevatting** 60

**HOOFSTUK 5**
**MASKULINITEIT IN *OM NA 'N WIT PLAFON TE STAAR***

| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | **Inleiding** | 61 |
| **5.2** | **Opsomming van teks** | 61 |
| **5.3** | **Merkers van maskuliniteit** | 63 |
| 5.3.1 | Die skryfproses as 'n soeke na maskuliniteit | 63 |
| 5.3.2 | Taalgebruik | 64 |
| 5.3.3 | Maskuliniteit en die jagverhaal | 64 |
| 5.3.4 | Maskuliniteit en militêre diensplig | 65 |
| | i. Vrees | 67 |
| | ii. Intimiteit | 68 |
| 5.3.5 | Manlike diskoerse en paradokse | 69 |
| | i. Die held teenoor die vyand | 69 |
| | i. Hegemonie teenoor hegemonie? | 70 |
| 5.3.6 | Maskuliniteit, velkleur en politiek | 71 |
| 5.3.7 | Maskuliniteit en seksualiteit | 72 |
| 5.3.8 | Fratriargiese verhoudings | 74 |
| 5.3.9 | Vervreemding en herontdekking | 76 |
| **5.4** | **Samevatting** | 76 |

**HOOFSTUK 6: SLOTBESKOUING** 78

**BIBLIOGRAFIE** 87

**OPSOMMING** 101

**SUMMARY** 103

# HOOFSTUK 1
# Inleiding

## 1.1 Inleiding

’n Kontemporêre krisis van maskuliniteit wêreldwyd word toegeskryf aan ’n veranderende strukturele onderbou in globale geopolitiese en ekonomiese verhoudings, die gepaardgaande veranderende dinamika en kompleksiteite in die werkplek, ’n tegnologiese kultuur en die opkoms van feminisme (Kimmel & Kaufman 1994: 261; Lemon 1991; Walker 2005: 162). Sodanige krisis is egter nie ’n eietydse verskynsel nie – maskuliniteit as ’n sosiale diskoers word konstant aan ’n kritiese blik onderwerp en is deurentyd besig om sigself te herstruktureer vir die volgende historiese era. Maskuliniteit kan dus, soos met ander genderrolle die geval is, in ’n konstante fluksie beskou word – ’n tipe permanente krisis (McLeod 1998: 220; Uskalis 1998: 268).

## 1.2 Maskuliniteit as studieveld in Suid-Afrika

Die studie van maskuliniteit het sy oorsprong in feminisme en kulturele studies van die sewentiger- en tagtigerjare (Buchanan 2010: 311). Hierdie vroeë studies oor maskuliniteit (en ’n gepaardgaande krisis) het meestal betrekking op Amerika, Kanada, Australië en Europa, en later ook op Japan en Suid-Amerika (Connell 2000: 4; Kimmel & Kaufman 1994: 261). In hierdie lande is die kontemporêre krisis in maskuliniteit hoofsaaklik teweeg gebring deur die opkoms van feministiese, asook gay en lesbiese bewegings wat mans gedwing het om patriargie en hegemoniese maskuliniteit as problematies te sien. Daardeur het sekere mans met persoonlike en kollektiewe pogings begin om hul manlikheid te dekonstrueer en te herdefinieer (Holmes 2009: 92).

Ná die verkiesing van 1994 is daar in Suid-Afrika veel meer aandag geskenk aan groepe wat onder die ou bedeling gemarginaliseer is, en die meerderheid navorsing in en gender-studies het op die ondergeskikte rol van vrouens gefokus (Morrell 2001: 3; Ouzgane & Morrell 2005: 1; Shefer, Ratele, Strebel, Shabalala & Buikema 2007: 2). Kritiese manne-

studies het egter mettertyd ’n groeiende dissipline in eie reg in Suid-Afrika geword (Shefer *et al,* 2007: 1; Visagie 2004: 2). Waar die belang van mannestudies in Amerika en Europa hoofsaaklik teweeggebring is deur feminisme en queerstudies, hang die groeiende dissipline in Suid-Afrika eerder saam met die val van apartheid (wat ’n veranderde gender-orde daargestel het), die HIV-pandemie en die verbintenis van HIV tot gender-identiteit, seksualiteit en gesondheid, en ’n toename in gender-gebaseerde geweld (Lemon 1991: 204; Ratele 2009: 209; Reid & Walker 2005; Shefer & Foster 2009: 39; Van Zyl 2009: 376; Walker 2005: 8). Hambidge (2004a: 13) noem dat die nuwe regering se beleid van geslagsgelykheid wel sy wonde in die manlike psige gelaat het, en dat daar aandag geskenk moet word aan die dekonstruksie van maskuliniteit in die nuwe beleid van geslagsgelykheid in Suid-Afrika.

Volgens Lemon (1991: 215) is daar tot in die vroeë negentigerjare nog geen studies oor maskuliniteit in Suid-Afrika gedoen nie. Waar daar wel aan maskuliniteit in Suid-Afrika aandag gegee is, was dit meestal deur feministiese teorie, genderteorie en queerstudies wat tradisioneel na mans as die onderdrukkers en patriarge gekyk het (Hambidge 2004a: 13; Reid & Walker 2005: 6; Shefer *et al,* 2007: 2).

Lemon doen haar verhandeling in 1991 oor die ontwikkelende krisis van maskuliniteit in Suid-Afrika, waarskynlik die eerste studie van dié tipe in Suid-Afrika. Ander studies wat gedurende die negentigerjare oor maskuliniteit gedoen is, is dié van Van Staden (1992), Goldstein (1995) en Steyn (1999). Hambidge (2000), Beuke-Muir (2001), Visagie (2004), Crous (2005) en Dent (2007) bou hierop voort deur in die volgende dekade aspekte van gender-identiteit in literatuur te bestudeer.

In Suid-Afrika is die gender-identiteit van swart mans onder andere aangespreek deur outeurs soos Ratele (1998), Horowitz (2001), Morrell (2001), Xaba (2001), Epprecht (2005), Reid en Walker (2005), Sideris (2005), Strebel *et al* (2006), Shefer *et al* (2007), Niehaus (2009) en Zevenbergen (2009). In 2005 publiseer Ouzgane en Morrell *African Masculinities*, wat spesifiek handel oor swart mans en maskuliniteit. Richter en Morrell (2006) kyk na die maskuliniteit van swart mans soos dit verweef is met vaderskap.

In 1998 word ’n uitgawe van *Agenda* getiteld *The new man?* aan maskuliniteit ná apartheid gewy. In hierdie uitgawe, waarvan Robert Morrell die gasredakteur was, word onder andere gekyk na wit en swart mans, asook gay mans se gender-identiteit in post-apartheid Suid-Afrika (Epstein 1998; Ratele 1998; Reddy 1998). Oor die algemeen neem studies in Suid-Afrika ook toe wat aandag aan die subjektiewe gender-belewing van gay mans skenk (Epprecht 2005; Gevisser 1994; Isaacs & McKendrick 1992; Morrell 2001; Niehaus 2009; Ouzgane & Morrell 2005).

Robert Morrell is waarskynlik die leidende akademiese figuur as dit by studies oor maskuliniteit in Suid-Afrika kom en met sy boek *Changing men in Southern Africa* (2001) het hy die diversiteit van maskuliniteit in Suid-Afrika uitgelig. ’n Kritiese beskouing van hegemoniese maskuliniteit teenoor gemarginaliseerde groepe word deur hom en sy mede-skrywers ingeneem. Die wit Afrikanerman se maskuliniteit kom ter sprake in studies deur Du Pisani (2001) en Swart (2001). Hierby sluit Reid en Walker (2005) se saamgestelde publikasie *Men behaving differently* aan, waarin daar onder andere na maskuliniteit in verskillende institusionele strukture en geografiese areas verwys word, asook na die verhouding tussen seksualiteit en maskuliniteit en die nuwe maskuliniteit wat in post-apartheid Suid-Afrika ontstaan het.

Op 26 en 27 Januarie 2005 word ’n konferensie in Kaapstad gehou getiteld *From boys to men: Masculinities at risk*, waarvan die inhoud saamgevat is deur ’n publikasie deur Shefer *et al,* (2007). Die fokus val op seuns en mans se subjektiwiteit soos ervaar oor verskillende sosiale, ekonomiese, kulturele, linguistieke en politiese grense heen, hoewel nie een hoofstuk die gender-identiteit van wit mans aanspreek nie. Die mees onlangse publikasie oor gender en seksualiteit in Suid-Afrika is dié van Steyn en Van Zyl (2009), maar daar is sprekend min besprekings oor maskuliniteit ingesluit in hierdie publikasie. Gibson en Lindegaard (2007) beweer dat teoretisering oor maskuliniteite in Suid-Afrika nog nie genoegsame inligting oor die geleefde subjektiwiteit van mans geartikuleer het nie.

### 1.3 Motivering vir studie

Die studie sal poog om by te dra tot die groeiende kanon van gender-studies in Suid-Afrika deur meer spesifiek te kyk na wit, manlike gender-identiteit soos dit presenteer in twee Afrikaanse tekste, *Kontre*i (Kleinboer, 2003) en *Om na 'n wit plafon te staar* (Kirsten, 2009).

Lemon (1991: 224) noem dat dit feitlik onmoontlik is om die konsep van verskillende maskuliniteite oor verskeie kulturele en etniese groepe in 'n enkele studie te bestudeer. So sal die subjektiewe belewing van die swart man se maskuliniteit in Suid-Afrika 'n studieveld op sy eie regverdig. Suttner (2007: 196) beweer dat teorieë oor maskuliniteit glad nie van toepassing op swart Suid-Afrikaanse mans is nie, aangesien hul maskuliniteit binne die konteks van kolonialisme en apartheid beskou moet word. Hoewel 'n Afrika-perspektief en 'n dekolonialisering van gender-navorsing deur verskeie outeurs soos Oyewumi (2004: 7) en Tripp, Casimiro, Kwesiga en Mungwa (2009: 94) voorgestel word, is die outeur geneig om met Horowitz (2001: 234) saam te stem dat daar wel duidelik dominante, universele ooreenkomste bestaan oor wat hegemoniese maskuliniteit behels. Connell (1995: 77) het in die tagtigerjare die term *hegemoniese maskuliniteit* geskep waarmee hy na die heersende en verhewe vorm van maskuliniteit verwys. Sekere eienskappe van hegemoniese maskuliniteit soos geweld, militarisme, patriargie, hoë-risiko gedrag en seksualiteit sal in hierdie verhandeling as *merkers* dien om maskuliniteit in die tekste te belig.

Terselfdertyd moet ook in ag geneem word dat bogenoemde hegemoniese eienskappe genuanseer en gevorm word deur die spesifieke konteks waarin dit voorkom (Shefer *et al,* 2007: 3). Hilton (1996: 291) noem pertinent dat daar 'n sterk assosiasie tussen hegemoniese maskuliniteit en kolonialisme bestaan. Vanaf koloniale tye tot en met 1994 het wit mans in Suid-Afrika 'n dominante magsposisie beklee, en hul belewing van hul gender is as 'n konsep van mag, status, leierskap en outoriteit gesien, hul manier van dink as universeel (Swart 2001: 77; Van der Merwe & Viljoen 1998: 168). Hierdie rol van dominansie en patriargale mag van wit mans strek vanaf kolonialisme tot die val van apartheid en word histories en polities deur outeurs soos onder andere Davies (2009),

Dent (2007) en MacDonald (2006) en, met betrekking tot letterkunde, deur Van der Merwe (1994), uiteengesit.

Sedert 1994 en die amptelike beëindiging van apartheid het omvattende politiese, sosiale en ekonomiese veranderinge plaasgevind, wat gelei het tot 'n demokratiese bewind met 'n oorwegend swart meerderheidsregering. Hierdie nuwe bedeling het 'n gepaardgaande sosiale rewolusie ontketen, met belangrike implikasies vir gender-identiteit en gender-verhoudings (Walker 2005: 163). Ná die politieke veranderinge van 1994 het wit mans hulself nie meer in 'n patriargale, hegemoniese magsposisie bevind nie. Sodanige paradigmaskuiwe ten opsigte van stereotipiese manlike gedrag binne die post-apartheid gemeenskap het daartoe gelei dat daar van wit mans, meer as van enige ander groep, verwag is om aan 'n stel nuwe vereistes te voldoen en 'n nuwe gender-identiteit te skep (Cock 2001: 49; Davies 2009: 72; Lemon 1991: 219; Reid & Walker 2005: 10; Ouzgane & Morrell 2005: 17; Swart 2001: 78). Volgens Visagie (1999: 452) het sodanige destabilisering van die manlike subjektiwiteit daartoe gelei dat wit mans al hoe meer kontak met die heersende ideologieë verloor het. Die kern van hul wit, manlike identiteit het vervaag en is vervang deur 'n gefragmenteerde gender-identiteit in terme van manlikheid en seksualiteit (Dent 2007: 21; Morrell 2005: 272; Reid & Walker 2005; Visagie 1999: 439). Problematiese verskynsels wat hiermee geassosieer word, is sosiale wanaanpassings, kulturele wanorganisasie en 'n onsamehangendheid van emosionele en seksuele ervaring (Cock 2001: 51; Morrell 2001: 18; Visagie 1999: 439-440). Hierdie krisis in maskuliniteit word vererger deurdat mans moontlik moeiliker as vrouens 'n gender-identiteit skep (Goldstein 1995: 15).

Binne hierdie komplekse postkoloniale diskoers in Suid-Afrika kom die soeke na en krisis rondom identiteit as literêre tema dikwels voor (Roos 2006: 56). Vir die doeleindes van hierdie studie is daar besluit om op wit, Afrikaanse mans (WAM's) se veranderde subjektiwiteit in postapartheid Suid-Afrika te fokus, en wel soos dit in twee Afrikaanse tekste vergestalt word. Volgens die kandidaat is *Kontrei* (2003) deur Kleinboer en *Om na 'n wit plafon te staar* (2009) deur Jaco Kirsten albei deel van 'n nuwe generasie van radikale skrywers wat kulturele kommentaar skep deur tradisionele, linguistiese en

etniese grense te oorskry. Beide tekste is met hul publikasie as kontroversieel beskou oor die wyse waarop hulle WAM's se subjektiwiteit en gepaardgaande vervreemding en konflik binne die nuwe, hibriede samelewing van post-apartheid Suid-Afrika uitbeeld. Dit is die kandidaat se opinie dat die tekste hulle ideaal tot gender-studies in die literatuur leen, aangesien WAM's se konflik met hul veranderde rol in postapartheid Suid-Afrika in elke teks sterk figureer. Hopelik sal sodanige analise verruimend inwerk op die interpretasie van soortgelyke tekste in Afrikaans.

## 1.4 Doelstellings van studie

### 1.4.1 Afbakening van studieveld

Die krisis wat WAM's aangaande hul veranderende rolle in Suid-Afrika beleef, sal by nadere ondersoek van literêre tekste ook onder groepe soos swart mans, wit vrouens en swart vrouens gevind word. Omdat hierdie studie slegs op WAM's fokus en die literêre tekste van twee wit mans bestudeer word, en omdat die twee manlike hoofkarakters albei vasgevang is in paradoksale diskoerse en konflikte rondom hul maskuliniteit, sal daar meestal 'n eensydige, pessimistiese beeld van WAM's in dié studie uit die verf kom. So 'n pessimisme is, in hierdie geval, slegs omdat die protagoniste in beide tekste 'n negatiewe beeld skep. Die kandidaat gee erkenning aan die vele positiewe aspekte wat ook met maskuliniteit geassosieer word en dat heelwat Afrikaanse tekste wit mans uitbeeld wat vervullende lewens lei en wegbeweeg het van hul stereotipiese rol. Morrell (2001: 31) noem dan ook dat nie alle mans verdedigend op hul veranderende gender-rol reageer het nie en dat baie WAM's hul rol as "nuwe man" aangryp en verantwoordelikheid neem vir gelyke genderverhoudings.

Dit moet gekwalifiseer word dat hierdie studie slegs op die *Afrikaanse* tekste van wit mans fokus, omdat daar spesifiek gekyk word na hoe wit, manlike Afrikaanse skrywers hul subjektiwiteit in tekste uitleef en beleef. Teoreties sal ook slegs die *maskuliniteit* van wit mans omskryf word, en nie dié van vrouens of swart mans nie. Daar word egter erken dat vroulike skrywers soos, onder andere, Henriette Grové (*Die kêrel van die pêrel*,

1983), Jeanne Goosen (*Ons is nie almal so nie*, 1990), Marlene van Niekerk (*Triomf*, 1994), Elsa Joubert (*Die reise van Isobelle*, 1995), Anna M. Louw (*Vos*, 1999), Marieta van der Vyver (*Wegkomkans*, 1999), Ingrid Winterbach (*Niggie*, 2002) en, meer onlangs, Welma Odendaal (*Landskap met diere*, 2010), asook bruin skrywers soos A.H.M. Scholtz (*Vatmaar*, 1995), S.P. Benjamin (*Reuk van steenkool*, 1997), Joseph Marble (*Ek, Joseph Daniel Marble*, 1999) en E.K.M Dido (*Die onsigbares*, 2003), ook op betekenisvolle maniere maskuliniteit in hul tekste belig.

Die tekste ter sprake in hierdie verhandeling is aan ’n stiplees onderwerp om sekere merkers wat met hegemoniese maskuliniteit geassosieer word, te belig. Omrede die spesifieke doelstellings en beperkte omvang van hierdie verhandeling, is daar weggestuur van ’n linguistiese benadering, wat na taal as ’n gender-konstruk kyk (Coates 2004: 221). Die verhandeling is ook nie ’n poging om semantiese kettings, weggesteekte ideologieë en verskuilde agendas oor gender in die teks openbaar te maak soos deur die kritiese diskoers-analise gedoen word nie (sien Fairclough 2001).

1.4.2 Primêre en sekondêre vrae

Om die kandidaat in staat te stel om ondersoekend na die gender en gender-identiteit van die protagoniste in die tekste te kyk, is daar gepoog om die volgende vrae te beantwoord:

A. Primêre vraag:

Hoe word gender en gender-identiteit van WAM’s in die postapartheid literêre tekste *Kontrei* (2003) deur Kleinboer, en *Om na ’n wit plafon te staar* (2009) deur Jaco Kirsten, vergestalt?

B. Sekondêre vrae:

i) Wat is die heersende beskouings oor gender en gender-identiteit?
ii) Wat is die heersende beskouings oor maskuliniteit?

iii) Hoe vind hierdie beskouings neerslag in *Kontrei*?

iv) Hoe vind hierdie beskouings neerslag in *Om na 'n wit plafon te staar?*

### 1.4.3 Doelstellings

As oorhoofse doelstelling is 'n verkennende literatuurstudie gedoen oor gender en die subjektiwiteit van wit, heteroseksuele mans in Suid-Afrika en hoe dit in twee tekste, *Kontrei* en *Om na 'n wit plafon te staar,* belig word.

Die volgende sekondêre doelstellings is nagestreef:

i. 'n Ondersoekende literêre oorsig van die ontwikkeling van gender en gender-identiteit is gedoen met spesifieke verwysing na:

- Bestaande perspektiewe en teorieë aangaande gender, gender-identiteit en maskuliniteit. (Voorkeur word gegee aan die teoretiese konsepte wat van toepassing is op die gekose literêre tekste).
- Probleme rondom die vorming en breekbaarheid van manlike gender-identiteit, met spesifieke verwysing na seksualiteit. Hier sal veral gebruik gemaak word van psigoanalitiese teorieë.
- Probleme rondom die verskuiwing van die grense van hegemoniese manlikheid en die krisis van maskuliniteit, soos ervaar deur WAM's in Suid-Afrika.
- Daar is veral gefokus op diskoerse van mag deur te verwys na geweld, militarisme (verwysende na die voormalige Suid-Afrikaanse Weermag - SAW), patriargie, seksualiteit, hoë-risiko gedrag en taalgebruik, wat as merkers van maskuliniteit in die tekste uitgelig is.

ii. Die tekste is binne 'n literêre en historiese raamwerk geplaas en geanaliseer aan die hand van bogenoemde doelstellings. Daarna is 'n vergelykende analise van die inligting gedoen.

## 1.5 Metodologie

Nie-empiriese navorsing is gedoen waardeur soveel as moontlik kennis en kommentaar oor die onderwerp ingewin is. Die navorsing is kwalitatief, induktief en inter-dissiplinêr van aard, waarvoor ’n verteenwoordigende hoeveelheid bronne van relevante literatuur, akademiese artikels, media-resensies en internet-artikels ingesamel, bestudeer en ontleed is.

Die tekste van Kleinboer en Jaco Kirsten is onderwerp aan ’n stiplees en is ontleed en geanaliseer sover dit van toepassing op die onderwerp en doelstellings van die studie is, waarna ’n interpretasie en vergelykende analise van die twee tekste gedoen is.

## 1.6 Hoofstuk-indeling

*Hoofstuk 1* omvat ’n uiteensetting van wat die studie behels, asook die motivering, doelstellings en die metodologie waarvan gebruik gemaak is. Die hoofstuk verwys kortliks na maskuliniteit en gender-studies wêreldwyd. ’n Bestekopname van Suid-Afrikaanse gender-studies word dan gegee.

In *hoofstuk 2* word gekyk na toepaslike teoretiese en sielkundige begrippe rondom gender-diskoerse, wat in die daaropvolgende hoofstukke gebruik sal word om die tekste te belig.

*Hoofstuk 3* gee aandag aan verskynsels wat tipies saamhang met die manlike hegemoniese subjektiwiteit in Suid-Afrika. Militarisme, mag, geweld, patriargie, seksualiteit en konflik kom binne die gekose literêre tekste voor as deel van die protagoniste se identiteit en dus ook gender-identiteit. Daarmee saam is daar binne die Suid-Afrikaanse konteks ook gekyk na ’n hegemoniese kultuur soos onderhou deur kolonialisme en apartheid en die implikasies daarvan vir WAM’s.

In *hoofstuk 4* is die konsepte, teorieë en aannames, soos voorheen uiteengesit, gebruik om die teks *Kontrei* te belig, en in *hoofstuk 5* is dieselfde gedoen met *Om na 'n wit plafon te staar*.

*Hoofstuk 6* omvat slotopmerkings, 'n kort vergelykende analise en bevindings van hierdie studie.

# HOOFSTUK 2

# Teoretiese perspektiewe op maskuliniteit

## 2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal gepoog word om kontinuïteit tussen teoretiese idees aangaande gender en maskuliniteit aan te dui. Deur na die vernaamste teorieë te kyk, sal gepoog word om aan te dui hoe hierdie teoretiese benaderings mekaar komplementeer, waardeur verseker sal word dat die literêre tekste ter sprake meervlakkig benader sal word.

## 2.2 Gender en maskuliniteit: ’n Teoretiese oorsig

Hoewel erkenning gegee word aan die uitstaande bydrae wat feministiese studies tot studies in maskuliniteit gelewer het en dat maskuliniteit selde afsonderlik van feminisme bespreek kan word, laat die beperkte omvang van hierdie verhandeling en die aard van die tekste nie ’n in-diepte bespreking oor feminisme toe nie. Dit is ook nie moontlik om ’n volledige uiteensetting van die belangrikste teorieë oor maskuliniteit binne die perke van hierdie verhandeling te verskaf nie (sien, onder meer, Alsop, Fitzsimons & Lennon 2002; Connell 1995; Lemon 1991; Whitehead 2002 vir meer volledige besprekings). Die belangrikste perspektiewe op maskuliniteit sal wel bespreek word. In hierdie bespreking moet in ag geneem word dat ’n chronologiese verloop van idees en duidelike kategorisering sonder oorvleueling van teorieë nie moontlik is nie. Ter wille van duidelikheid sal daar gepoog word om die teoretiese perspektiewe op maskuliniteit te kategoriseer vanuit ’n biologiese, psigoanalitiese, sosiologiese en ’n poststrukturalistiese perspektief.

Aan die biologiese perspektief sal daar nie veel aandag in hierdie hoofstuk geskenk word nie, aangesien ’n suiwer biologiese perspektief reeds vir geruime tyd as onvoldoende en reduksionisties beskou word om die kompleksiteit van gender te omskryf. Daar sal volstaan word deur die stelling te maak dat maskuliniteit as ’n interaksie tussen biologie

en die omgewing beskou word en dat die twee mekaar wedersyds beïnvloed (Alsop *et al,* 2002: 4; Connell 1987: 67; Hambidge 2000: 7; Holmes 2009: 130).

### 2.2.1 ’n Psigoanalitiese benadering tot maskuliniteit

Vroeë en latere psigoanaliste soos Freud (Connell 1994, 1995), Alfred Adler (Connell 1994: 15; Connell 1995: 10), Carl Jung (Connell 1994: 21; Connell 1995: 12; Steinberg 1994: 181), Karen Horney (Connell 1995:11), Erich Fromm (Connell 1995: 17; Fromm 2004), Erik Erikson (Connell 1995: 14; Isaacs & McKendrick 1992) en Nancy Chodorow[3] (Alsop *et al,* 2002: 58; Richards 1990: 163) het almal teoretiese insette gelewer met betrekking tot die psigologiese prosesse en strukture waardeur maskuliniteit ontwikkel.

Psigoanalise was die eerste denkrigting wat gender-konstruksie as ’n lang, moeilike en konflikterende proses beskryf het, en het daardeur die plastisiteit, onstabiliteit en desentralisasie van die kern van maskuliniteit beklemtoon (Connell 1994: 33; Frosh 1995: 220; Middleton 1992: 132). Hilton (1996: 295) beweer dat dit vir seuns moeiliker is om ’n gender-identiteit te vorm as vir dogters, en dat die proses met heelwat konflik, vrees en angs gepaard gaan.

Psigoanalise plaas gender-identiteit binne die konteks van primêre verhoudings gedurende die vroeë kinderjare. Daarvolgens ontwikkel maskuliniteit implisiet uit die onbewuste, passievolle, seksueel-emosionele verstrengeling van liefde en jaloesie wat die seun gedurende sy vroeë kinderjare teenoor beide ouers ervaar, ook bekend as die simboliese Oedipus-kompleks (Alsop *et al,* 2002: 46; Connell 2000: 7; Goldstein 1995: 9). Deur met die vader te identifiseer, word die seun manlik en heteroseksueel, en die moeder word gesien as iemand met die potensiaal om die seun te verneder (Kimmel 1994: 127).

---

[3] Soos Middleton (1992) en Buchanan (2010), verkies die outeur om Nancy Chodorow se Objekverhoudingsteorie van 1978 onder psigoanalise te bespreek. Ander outeurs assosieer haar werk meer met poststrukturalisme.

Nancy Chodorow het veral die simboliese distansiëring en ontkenning van die moeder (as primêre versorger) beklemtoon. Daarvolgens impliseer maskuliniteit 'n distansiëring van vroulike gedrag, insluitend die intieme, emosionele elemente wat met vroulikheid geassosieer word (Alsop *et al,* 2002: 156; Connell 1995: 11; Kimmel & Kaufman 1994: 271; Richards 1990: 163). Die seun ontvlug van die verswelging deur die moeder deur met die vader te identifiseer (Richards 1990: 163). Soos Kimmel (1994: 126) dit stel: "... being a man means not being like a woman." Die ontkenning en vlug vanaf die moeder (as simbool van vroulikheid en intimiteit) is desperaat, vreesbevange en aggressief; 'n konstante proses waardeur emosies en behoeftes onderdruk moet word. Juis omdat maskuliniteit op die verwerping van die vroulike berus, word die manlike identiteit as potensieel breekbaar gesien (Kimmel 1994: 127). Richards (1990: 163) beweer dat die identifikasie met die vader nie noodwendig met angs en vrees vir simboliese kastrasie gepaard hoef te gaan nie, maar deel van 'n liefdevolle ontwikkelingsproses kan vorm waardeur goeie eienskappe van die vader geïnternaliseer word in 'n sterk selfbeeld van die seun.

Die wegvlug vanaf die vroulike domineer mans se lewens en is tekenend in alles wat hulle doen – hoe mans hul liggame "dra", hul manier van beweging, aantrek, loop, praat, hardloop en eet, asook hul distansiëring van stereotipiese vroulike emosies soos intimiteit, empatie, medelye, versorging, toegeneentheid, afhanklikheid en ontvanklikheid (Gibson & Lindegaard 2007: 136; Kimmel 1994: 132). Mans se distansiëring van emosies en intimiteit bring gevoelens van vervreemding, emosionele isolasie en alleenheid mee; 'n onkunde oor hul eie gevoelens, emosies en behoeftes, asook 'n irrasionele chauvinisme met 'n averse effek op intieme, betekenisvolle verhoudings – 'n tipe "emosionele ongeletterdheid" (Alsop *et al,* 2002: 50; Goldstein 1995: 19; Hambidge 2000: 211, 212; Kaufman 1994: 148; Middleton 1992: 128). Mans poog dikwels, volgens Brod (1990: 128), om hierdie leemte wat deur onvervulde emosionele behoeftes en gebrekkige intimiteit gelaat word, met seks te vul.

Vir Jung kom die vroulike (anima) as onontwikkelde potensiaal in die onbewuste van mans voor. Die oplossing vir die vervreemding en angs wat met maskuliniteit gepaard

gaan, word omvat in ’n androgene bewustheid waar ’n kombinasie van maskuliniteite en femininiteite mekaar komplementeer deurdat teenstrydige elemente tot ’n harmoniese geheel geïntegreer word (Buchanan 2010: 20; Connell 1994: 21; Van der Merwe & Viljoen 1998: 175).

Gedurende die seun se wegvlug van die moeder, is die seun afhanklik van die vader en portuurgroep se goedkeuring van sy maskuliniteit: “Manhood must be achieved. It must be validated by other men; women cannot validate manhood” (Kimmel & Kaufman 1994: 266). Na hierdie sosiale onderlinge vriendskappe en wedywering tussen mans word dikwels verwys as ’n *fratriargie*, ’n homososiale eenheid van “male bonding” (Brod 1990: 133; Kimmel 1994: 129). Waar patriargie “... the rule of the *fathers* ...” is, word fratriargie beskou as “... the rule of the *brothers*” (Brod 1990: 133). Dit impliseer nie noodwendig ’n homo-erotiese verhouding tussen mans nie, maar verwys eerder na ’n sosiale orde wat om mans sentreer en deur hulle gereguleer word. ’n Fratriargie is noodsaaklik om ’n patriargale stelsel in stand te hou ten koste van vrouens en gay mans, en dui op die mag wat sommige mans oor ander uitoefen, asook op onderliggende kompetisie tussen mans (Brod 1990: 133; Hearn 2007: 15). Vir Visagie (2004: 17) is ’n fratriargie die hunkering na en voortsetting van ’n onskuldige preadolessensie van rowwe seunspeletjies en pret voordat ’n gesinslewe mans weggeruk het na ’n lewe van meer verantwoordelikheid.

Vir die meerderheid psigoanaliste is gender en *seksualiteit* intrinsiek verweef en onderhou hulle mekaar (Connell 1994: 13; Kaufman 1994: 146). So word seksuele vermoëns van mans dikwels binne ’n manlike fratriargie gemeet aan hul seksuele ervarings en hul seksuele bekwaamheid (Shefer *et al,* 2007: 3). Volgens Fromm (2004: 98) is seks altyd ’n toets waardeur ’n man sy prestige en waarde in die oë van die vrou probeer bewys en behou. Vrouens word as seksuele trofeë beskou en dien as bevestiging van mans se seksuele vaardigheid en bravado (Brod 1990: 129). Die mees radikale manier waarop ’n man verneder kan word, is deur kastrasie, waar die verlies van die penis (impotensie) neerkom op ’n simboliese verlies van mag en identiteit, wat hom die vrou se spot op die hals haal (Fromm 2004: 98; Goldstein 1995: 9). Mans leef saam met

’n konstante vrees vir seksuele mislukking en gepaardgaande magsverlies (kastrasie-angs) en seks is vir mans, volgens Fromm (2004: 98), altyd ’n toets met ’n gepaardgaande vrees vir mislukking.

Een van die sleutelkonsepte van maskuliniteit is mag en geweld (Gibson & Lindegaard 2007: 129, Hearn 2007: 19; Visagie 1999: 448). Geweld is vir Frosh (1995: 230) ’n respons op die fragmentering van die manlike fantasie van mag en baasskap. Vir Fromm (2004: 100) is antagonisme altyd potensieel teenwoordig in ’n man-vrou-verhouding. Patriargale geweld kom vir Artz (2009: 188) voor wanneer mans ervaar dat hulle mag en kontrole oor vrouens bedreig word. Gewelddadige optrede van mans word vir Middleton (1992: 123) dikwels geassosieer met die frustrasie wat mans ervaar om konstant hul emosies te onderdruk. Op ’n psigoanalitiese vlak kom gevoelens van haat en geweld by mans teenoor vrouens voor juis omdat mans kwesbaar teenoor vrouens is en dit binne vrouens se vermoë is om hulle te verneder (Connell 1994: 11). “Man’s specific hostility is to *overpower* by physical force, political and economic power; woman’s to *undermine*, by ridicule and contempt” (Fromm, 2004: 103).

Volgens Goldstein (1995: 15) is seuns en mans onder veel meer druk om aan gender-rolle te voldoen as dogters, en hul straf is ook veel erger as hulle faal. Dink maar aan die verskillende betekenisse wat aan terme soos “tomboy” en “sissie” geheg word. Dikwels assosieer en bewys mans hul maskuliniteit deur hoë-risiko gedrag, soos byvoorbeeld geweld, vrouemishandeling, meer as een seksuele maat, misbruik van alkohol en teenkanting teen gedrag wat hul gesondheid kan verbeter (Hearn 2007: 24; Kimmel & Kaufman 1994: 271; Tripp *et al,* 2009: 92). Mans se vrees vir vernedering en spot kan selfs swaarder weeg as hul vrees om hul lewe te verloor – vandaar die heroïese optrede wat met maskuliniteit geassosieer word (Fromm 2004: 101). Kimmel (1994: 131) sê: “Our fear is the fear of humiliation. We are ashamed to be afraid.”

Samevattend kan gesê word dat psigoanalise ’n moontlike verklaring bied vir die kwesbaarheid en konflik wat mans ten opsigte van hul gender-identiteit ervaar. Deur psigoanalise het die onderlinge skakeling tussen hegemoniese maskuliniteit, homofobie

en heteroseksisme een van die sleutelkonsepte in studies oor maskuliniteit geword (Alsop *et al,* 2002: 146, 156; Connell 1995: 9). Hierdie skakeling onderhou en verseker die sistemiese mag van mans binne die patriargie (Alsop *et al,* 2002: 69, 144; Holmes 2009: 89, Middleton 1992: 228; Whitehead 2002: 14). Die onderdrukking van emosies en gevoelens is vir Middleton (1992: 121) 'n verdere sleutelkonsep in die konstruksie van maskuliniteit, en Shefer *et al,* (2007: 3) beklemtoon heteroseksualiteit en gedwonge vreesloosheid as dominant binne hegemoniese manlikheid. Die onderliggende psigoanalitiese emosie van maskuliniteit is vir Kimmel (1994: 129) vrees, 'n vrees wat mans in 'n lewenslange saga indwing om nie te misluk nie (hetsy seksueel of andersins), om vreesloos voor te kom en om hul maskuliniteit te bewys in die aangesig van vernedering.

Maskuliniteit word egter nie net op 'n persoonlike vlak onderhandel nie. 'n Man kan sy maskuliniteit op 'n subjektiewe, individuele vlak anders ervaar as wat hy sy maskuliniteit binne 'n historiese, sosiale kategorie ervaar (Hearn 2007: 13).

2.2.2 'n Sosiokulturele benadering: Die sosialisering van gender en maskuliniteit

Sosiokulturele gender-teorieë het in die vyftigerjare prominent in studies oor maskuliniteit geword omdat mans toenemend deur veranderende werkspatrone, toenemende egskeiding, werkloosheid en die verval van tradisionele industrieë geraak is (Lemon 1991; Whitehead 2002: 19). Antropologie, etnografie, geskiedenis en mediastudies word saam met sosiologie by die sosiale karakter van gender betrek (Connell 2000: 8).

i. Kruis-kulturele en sosiologiese teorieë

Kruis-kulturele, antropologiese studies het sedert die sestigerjare aangedui dat gender kultuurgebonde eerder as biologies is (Lemon 1991: 109). Hierdeur is maskuliniteit kollektief binne kulturele verband gedefinieer en deur sosiale institusies gehandhaaf (Connell 2000: 11). Hierdie bevinding het 'n sterk argument ten gunste van die

sosialisering van gender daargestel. So het *sosialerolteorie* en *sosiale konstruksionisme* voorgehou dat gender-rolle in die alledaagse lewe deur ’n sosialiseringsproses geïnternaliseer word. Sosiale strukture en kulturele netwerke soos die kerk, familie, georganiseerde sport, die media, die werkplek, militêre instansies en feitlik alle vlakke van die intellektuele en alledaagse lewe is met gender-boodskappe oor kultureel-aanvaarbare gedrag belaai (Connell 2000: 21; Holmes 2009: 59; Messner 1992: 161; Whitehead 2002: 17). Veranderinge in gender-rolle sal plaasvind as die agente van sosialisering nuwe verwagtinge daarstel (Connell 1995: 23).

Die proses van sosialisering is onlosmaaklik verbind aan stereotipes binne ’n gegewe kultuur, en hierdie stereotipes skryf tipies manlike gedrag voor. So word die krisis van maskuliniteit as ’n pertinente voorbeeld gesien van een van die gevolge van onvanpaste stereotipes in ’n veranderende samelewing (Lemon 1991: 115). Waar mites en stereotipes volhard met die patriargale manlike gender-rol, en waar hierdie rol nie meer kan voldoen aan die vele konflikterende en weersprekende eise wat deur maskuliniteite gestel word nie, kom weersprekings tussen “... the images of the past and the realities of the present ...” voor (Lemon 1991: 132). Mans wat nie buigbaar is en kan aanpas by ’n minder rigiede manlike rol wat sekere vroulike eienskappe insluit nie, hanteer die veelvuldige eise van ’n globale samelewing moeiliker, en dit beïnvloed hul psigologiese gesondheid, sosiale stabiliteit en funksionering (Connell 1994: 23; Lemon 1991: 155). Ook Erich Fromm het beklemtoon dat die psige voortdurend moet aanpas by die uitdagings van die omgewing (Buchanan 2010: 189).

Mans is egter nie passief ten opsigte van die sosialiseringsproses nie (Whitehead 2002: 21). In die tagtigerjare beskou *simboliese interaksionisme* gender as ’n “managed achievement”, waar gender in verhouding tot ander gekonstrueer word (Holmes, 2009: 48). Gender word as die fundamentele deel van enige interaksie gesien en almal tree te alle tye, bewustelik of onbewustelik, in ’n gender-bepaalde manier op. Daarvolgens is gender vir Connell (1987: 76) ’n “practical accomplishment” en Holmes (2009: 57) beweer dat “the doing of gender” as ’n aktiewe proses van konstante interaksie heelwat

werk behels. Hierin lê dikwels kontrasterende, konflikterende emosies en verpligtinge opgesluit (Connell 2000: 31).

Multikulturele, sosiale en geskiedkundige veranderlikes bring mee dat geen universele patroon van maskuliniteit daargestel kan word nie – vir Connell (2000: 10) is dit meer toepaslik om van verskillende manifestasies van maskuliniteite te praat. In sy beskouing oor veelvuldige maskuliniteite verwys Connell (1995: 77) na *hegemoniese maskuliniteit*, wat hy as die heersende en verhewe vorm van maskuliniteit binne klasse en kultuur sien. Vir ’n volledige uiteensetting van ander vorme van maskuliniteite, sien Connell (1995).

ii. Marxisme

Die toepassing van Marxisme, veral deur feministiese teoretici, is met vrug in genderstudies gebruik deurdat die verhouding tussen mag en gender op dieselfde wyse beskou is as die magsverskille tussen klasse (Alsop *et al,* 2002; 69; Brod 1990: 125; Buchanan 2010: 168; Connell 1995: 18). Daarvolgens word maskuliniteit binne ’n sosiale orde en historiese opset deur diskursiewe diskoerse van mag gekonstrueer (Alsop *et al,* 2002: 82, 85; Connell 2000: 57). Maskuliniteit is diep geïntegreer in die geskiedenis van institusies en ekonomiese strukture, en Connell (2000: 41) noem dat imperialisme en kolonialisme beide “gendered” prosesse is. Mans gebruik hul mag verskillend, afhangende van hul ras, klas, seksualiteit en nasionaliteit (Connell 2000: 8; Holmes 2009: 11; Reid & Walker 2005: 7).

*Vervreemding* van die individu is ’n algemene Marxistiese konsep, en Brod (1990: 132) wys op die parallelle tussen die huidige krisis van kapitalisme en die krisis van maskuliniteit. Mans voel verlore in ’n wêreld waar die ideologieë van individualisme en maskuliniteit nie noodwendig meer gesinchroniseer is met die stedelike, industriële, sekulêre samelewing nie, wat lei tot ’n depersonalisasie van patriargale mag en vervreemding van die individu (Buchanan 2010: 11; Brod 1990: 126; Kimmel & Kaufman 1994: 263). Connell (2000: 22) verwys na die onversoenbaarheid van die konflikterende ideale van maskuliniteit soos dit in die politiese/ekonomiese sfeer teenoor

die persoonlike/familiale sfeer voorkom. Verskillende waardes en gedragskodes word deur die publieke en private sfere voorgestaan, waardeur dubbele standaarde dikwels aan maskuliniteit gekoppel word – ’n konflikterende dialoog tussen individuele maskuliniteit en groepsmaskuliniteit, tussen strukture en persoonlike lewe (Brod 1990: 133; Connell 2000: 30; Remy 1990: 50). Hoewel mans se sosiale en ekonomiese mag die oorsprong van individuele mag en voorregte is, lei dit ook tot pyn en vervreemding, ’n vreemde kombinasie van mag en magteloosheid (Kaufman 1994: 142). Mans voel dikwels magteloos en onbevoeg, selfs al beklee hulle posisies van mag (Aslop *et al,* 2002: 143; Kaufman 1994: 145).

Sosiologiese teorieë en Marxisme het die interkonneksie tussen intieme, persoonlike ervarings en grootskaalse historiese en sosiale magstrukture binne gender-teorie bevestig. Connell (1995: 77) beklemtoon dat hegemoniese maskuliniteit, wat terselfdertyd die status van ander gemarginaliseerde groepe (soos gays en swart mans) bepaal, ’n historiese, dinamiese begrip is wat mettertyd ondermyn en verplaas sal word. Waar die historiese situasie en omstandighede verander, word genderrolle teengegaan en voortdurend gerekonstrueer (Connell 2000: 14).

### 2.2.3 ’n Poststrukturele siening van *gender* en *maskuliniteit*

Die poststrukturalisme is ’n komplekse teorie wat swaar op Marxistiese en ’n selektiewe weergawe van psigoanalitiese idees steun (Middleton 1992: 133). Vinnig veranderende omstandighede, kompleksiteit, dubbelsinnigheid, vloeibaarheid en diversiteit staan sentraal tot die poststrukturalistiese sienings van gender. Die gefragmenteerde werklikheid en verskeidenheid van menings wat daaruit spruit, het ’n poststrukturele raamwerk ideaal gemaak vir die ontleding van die konstruksie van identiteite in hedendaagse tekste (Connell 2000: 19;  Roos 2006: 45; Viljoen 2002: 21).

Die gebruik van “*subjektiwiteit”* as ’n meer omvattende begrip ter beskrywing van maskuliniteit word deur Visagie (2004: 10) voorgestaan, aangesien hy “identiteit” te begrensend vind.  Omdat hierdie verhandeling slegs ’n oorsigtelike studie is, sal daar nie

dieper gedelf word in filosofiese verskille tussen "identiteit" en "subjektiwiteit" nie en sal die begrippe, soos deur Butler (1990), as sinonieme gebruik word.

i. Jacques Lacan

Lacan (1977) se hersiening van die Oedipus-kompleks herinterpreteer gender binne ’n linguistiese konteks. Vir Lacan is gender-verskille ingebou in die kontemporêre, dominerende diskoerse van taal, denke en kultuur (Van der Merwe 1998: 155). Alle identiteit, insluitende maskuliniteit, word geskep deur identifikasie met die konvensies van die *simboliese orde* van rasionele taal, wat geskied op daardie oomblik wanneer die seun sy linguistiese vermoë bereik (Lemon 1991: 107; Van der Merwe 1998: 176). Die simboliese orde is ’n binêre struktuur wat bepaal of ’n persoon manlik of vroulik is en dit is slegs in taal en deur taal dat gender-identiteit plaasvind (Alsop *et al,* 2002: 54; Van Staden 1992: 84). Vir Lacan word taal dít wat die simboliese orde – die orde van die *Wet van die Vader*, die patriargie – daarstel (Van Staden 1992: 145). In hierdie opsig word ’n hipotetiese vraag deur Whitehead (2002: 62) gevra: "If we ceased to talk about women and men would women and men still exist?"

Lacan en die Franse feminis, Luce Irigaray, sien rasionele denke, betekenis en die subjektiwiteite wat deur taal daargestel word as fallies, met ander woorde manlik en binne die simboliese orde van die fallus (Van der Merwe & Viljoen 1998: 155 - 156). Maskuliniteit, soos deur die fallus gesimboliseer, is die primêre en gesentraliseerde betekenaar van mag en voorregte in die samelewing (Alsop *et al,* 2002: 51, Middleton 1992: 118; Van der Merwe & Viljoen 1998: 155). Vir Irigaray is die manlike subjek gesentreer rondom homself en sy eenheid, en sy verwys na die inherent diskriminerende struktuur van taal teenoor vrouens (Buchanan 2010: 254; Van der Merwe & Viljoen 1998: 154).

In ooreenstemming met psigoanalise, noem Lacan dat ’n manlike gender-identiteit altyd breekbaar en kwesbaar is omdat dit gegrond is op die simboliese verwerping van die moeder en op simboliese kastrasie (Alsop *et al,* 2002: 54; Whitehead 2002: 218). Lacan

brei uit op psigoanalitiese kastrasie-angs, aangesien simboliese kastrasie elke subjek te beurt val met sy intreding tot die orde van taal. Die onvervulbare verlange en begeerte na die geborgenheid en heelheid van die moederskoot, asook die kastrerende effek van konfrontasie met die vader, lei tot 'n gevoel van vervreemding, innerlike verdeeldheid en skeiding (Van der Merwe & Viljoen 1998: 176). Lacan sien hierdie verlange en begeerte as fundamenteel in die struktuur van die psige, 'n leegheid wat gekonfronteer of gevul moet word – 'n konstante herinnering aan en begeerte na volheid (Van der Merwe & Viljoen 1998: 177; Visagie 2004: 56).

In ooreenstemming met ander teoretiese perspektiewe, behels maskuliniteit vir Lacan 'n strewe na bykans onbereikbare ideale en illusies van hegemoniese maskuliniteit (Whitehead 2002: 214). Die reëls van hegemoniese maskuliniteit is so gekonstrueer dat slegs 'n fraksie van mans glo dat hulle aan dié vereistes voldoen. Omdat mans nie hegemoniese ideale kan bereik nie, probeer hulle konstant om hul maskuliniteit te bewys en is daar 'n permanente onsekerheid aan maskuliniteit gekoppel (Alsop *et al*, 2002: 143; Kimmel 1994: 126). Daarom benodig mans die konstante bevestiging van hul maskuliniteit deur die blik van "ander" (Alsop *et al*, 2002: 143).

Lacan onderskei tussen die Subjek en die "Ander"/ "ander." Waar die "Ander" in die onbewuste geleë is, dui "ander" op mense waarmee die subjek sosialiseer en wat 'n invloed op die vorming van sy psige het (Van der Merwe & Viljoen 1998: 176). Lacan beweer dat mans slegs 'n sin van hulself as samehangende entiteite en identiteite kan verkry deur die blik van "ander" – in ander mense se optrede teenoor hulle en hoe mans ervaar dat ander hulle sien. Daar is altyd 'n element van die vroulike blik – goedkeurend of afkeurend – teenwoordig (Whitehead 2002: 214, 220). Homoseksuele, vrouens en etniese groepe dien as die minderwaardige "ander" waarteen wit mans dikwels hul maskuliniteit afspeel (Kimmel 1994: 136; Van der Merwe & Viljoen 1998: 155; Whitehead 2002: 76).

ii. Michel Foucault

Foucault (1978) het geen gender-teorie geformuleer nie; sy idees is wel deur ander vir gender-analise gebruik (Connell 2000: 20). Foucault se idees vind aanklank by sosiologiese teorieë en Marxisme (sien 2.2.2, i & ii), waardeur daar wegbeweeg word vanaf materialisme en gefokus word op die individuele ervaring van mans en hul histories spesifieke subjektiwiteit. Die proses waardeur gender-identiteit volgens Foucault se perspektiewe ontwikkel, gaan gepaard met die ontwikkeling van identiteit as geheel en is interafhanklik van ander aspekte van identiteit. Gevolglik verloor gender, as deel van die manlike identiteit, sy sentrale plek wat dit deur psigoanalise bekom het (Alsop *et al*, 2002: 86).

Marxisme se beskouing oor die werksmag is ’n nuwe konfigurasie deur Foucault gegee, waar mag in diskoerse gesetel is (Marais 2005: 60; Middleton 1992: 151). Foucault fokus nie soseer op mag soos deur groot sosiale strukture van kapitalisme en patriargie uitgeoefen word nie, maar kyk meer op ’n mikrovlak na hoe mag in die alledaagse verhoudings en praktyke voorkom (Alsop *et al*, 2002: 83). Sodanige inter-subjektiewe mikro-onderhandelinge skep, volgens Foucault, die omstandighede vir makro-onderhandelinge (Whitehead 2002: 217).

Die konstruksie van gender en subjektiwiteit vind vir Foucault deur diskoerse plaas, waardeur heteronormatiwiteit diep in die samelewing ingebed word (Middleton 1994: 143; Steyn & Van Zyl 2009: 3). Elke diskoers is ’n magsdiskoers wat ’n sekere maatskaplike orde in stand probeer hou (Van Staden 1992: 42). Geen individu bestaan buite diskoerse nie en is altyd geposisioneer binne ’n diskursiewe magsregime met politiese, sosiale en kulturele dimensies (Whitehead 2002: 207). Daardeur is maskuliniteit ’n historiese, politiese respons wat floreer in ’n sekere kulturele opset wat sekere gedragspatrone van mans verwag. Die betekenis van *gender* word konstant onderhandel en maskuliniteit is deel van ’n eindelose siklus van konstruksie, handhawing, en selfskepping, asook konstante werk – ’n voortdurende proses van wording (Alsop *et al*,

2002: 79; Whitehead 2002: 215). Soos Foucault, aangehaal in Whitehead (2002: 215), sê: "The self is not given to us, we have to create ourselves as a work of art."

Vir Foucault is diskoerse altyd normatief – daar is geen neutrale diskoers nie – en diskoerse dra aanvaarbare en onaanvaarbare gedrag binne 'n subjektiewe raamwerk met hulle saam (Alsop *et al*, 2002: 82; Coates 2004: 216). Sodanige diskursiewe praktyke reguleer die subjek se denke en perspektiewe (Marais 2005: 57). Maskuliniteit is daarom afhanklik van die kontemporêre diskoers binne die kulturele en sosiale sfeer van die oomblik, en is altyd onderworpe aan veranderinge in tyd en ruimte (Whitehead 2002: 207, 217).

Veelvuldige diskoerse beïnvloed 'n individu se lewe gelyktydig, en voortdurende keuses word in mans se subjektiewe konstruksie van hul maskuliniteit gemaak. Dominante diskoerse kom dikwels as natuurlik voor, slaag daarin om onsigbaar te bly en skuil onder 'n vaandel van universele normaliteit (Lemon 1991: 7; McLeod 1998: 219; Rowlands *et al,* 1998: 8). Hierdie diskoerse se mag lê juis daarin dat hulle die feit verbloem dat hulle slegs een van baie verskillende diskoerse is. Daar is altyd 'n verskeidenheid van weersprekende, kompeterende diskoerse van maskuliniteit toeganklik vir die individu op enige gegewe tyd, waardeur maskuliniteit onderwerp word aan onverwagte en teenstrydige effekte (Alsop *et al,* 2002: 79, 82; Coates 2004: 216; Whitehead 2002: 216). 'n Mens is dikwels onbewus van die invloed van diskoerse (Van der Merwe & Viljoen 1998: 177).

Diskoerse is selfonderhoudend in dieselfde sin as wat dit selfondermynend is, met ander woorde diskoerse gebruik selfondermyning vir hul selfonderhoud (Van Staden 1992: 24). 'n Diskoers keer altyd op homself en ondergrawe diegene wat dit onderhou (Van Staden 1992: 25, 26). Deur dekonstruksie kan sodanige teenstrydighede en paradokse binne 'n teks ontbloot word.

In aansluiting by Lacan, word die subjektiwiteit van die manlike uitgeleef deur 'n manlike blik, 'n manier "... of being and seeing the world" (Whitehead 2002: 209). 'n

Subjektiwiteit kan nie as manlik beleef word behalwe deur die blik van die "ander" en deur sy eie narratief van die self nie (Whitehead 2002: 216).'n Fundamentele element van die manlike subjektiwiteit is die behoefte aan bevestiging van maskuliniteit deur die blik van die "ander" (Whitehead 2002: 218). Hierdie blik verpolitiseer liggame en skep velde van waarhede en kennis, waarvan ras, seksualiteit, ouderdom, klas en gender maar 'n paar is (Whitehead 2002: 203).

Deur die manlike blik is mans dikwels onsigbaar vir hulself (Rowlands *et al*, 1998: 9). Daardeur word maskuliniteit in 'n mate afgemaak as 'n leë, oorbodige kategorie, waardeur mans onseker en onsigbaar geword het (Rowlands *et al*, 1998: 3). Middleton (1992: 152) gaan sover as om die inwaarts gerigte manlike blik as afwesig te beskou, aangesien mans eerder 'n hegemoniese siening van hul identiteit aanhang en nie in voeling met hul emosies wil wees nie.

iii. Judith Butler

Judith Butler (1990) se teorie is die mees onlangse verskuiwing in denkrigtings oor gender. Butler se werk word dikwels onder queerteorie bespreek, en haar teorie is gegrond op 'n poststrukturele benadering wat erkenning gee aan 'n wye spektrum van vloeibare identiteite (Buchanan 2010: 394). Binne Butler se omskrywing van gender word 'n ruimte geskep waarop kulturele kodes, opvattings en waardes kan inwerk om natuurlike geslag te produseer (Botes & Cochrane 2007: 102). So sal die betekenis van maskuliniteit verander afhangende van diskursiewe konstruksies (Gibson & Lindegaard 2007: 136). Soos vir Foucault, gaan die proses waardeur gender-identiteit vir Butler ontwikkel gepaard met die ontwikkeling van identiteit as geheel (Alsop *et al*, 2002: 86).

Butler en Foucault het die aanname van binêre man/vrou en manlike/vroulike gender-kategorieë bevraagteken, en dit met 'n gender-vloeibaarheid vervang (Alsop *et al*, 2002: 161; Rowlands *et al*, 1998: 18). Botes en Cochrane (2007: 101) verwys juis na Butler se kontinuumbenadering vir gender-identiteit, en noem dat dit verruimend op die

interpretasie van literêre tekste inwerk, veral waar verskeie rolle en funksies van gender-identiteit belig word.

Butler omskryf ’n performatiewe (“performative”) teorie, ’n optrede of uitvoering van gender, waarvolgens gender-identiteit gekonstrueer word deur mans se optrede (“performance”) van hulself en die konstante herhaling van ’n norm of ’n stel norme, asook deur ander se optrede teenoor mans. Gender is nooit staties nie, maar word aktief geproduseer in interaksie met ander en ’n subjek neem identiteite aan gedurende sy interaksie met andere (Coates 2004: 216). Maskuliniteit is dus nie ’n gegewe nie, maar ’n sosiale konstruksie met verskillende betekenisse wat herhaaldelik “uitgevoer”(“perform”) moet word volgens ’n “script” of draaiboek wat hegemoniese gedrag voorskryf. Daardeur word mans die subjekte van hul optrede en die optrede van ander teenoor hulle (Alsop *et al*, 2002: 99; Botes & Cochrane 2007: 102; Coates 2004: 216, 217; Gibson & Lindegaard 2007: 137). Deur gender as ’n struktuur van subjektiwiteit te sien, maak dit voorsiening vir variasies en word maskuliniteit ’n proses wat oor en oor herhaal word, eerder as ’n rol (Alsop *et al,* 2002: 79; Coates 2004: 216).

Verskeie draaiboeke is binne ’n kulturele opset beskikbaar, en sommige draaiboeke word strenger afgedwing as ander. Binne die patriargie word maskuliniteit as een van die mees gebiedende en afdwingbare draaiboeke gesien, en mans leef in aanhoudende paranoia, vrees en onsekerheid oor hul eie vaardigheid en aanvaarbaarheid as mans (Schoene-Harwood 2000: 48). Derhalwe streef mans voortdurend na ’n geïdealiseerde, normatiewe optrede (“performance”) om hulself te bewys, soos byvoorbeeld deur ekstreme macho gedrag, oordrewe seksualiteit en seksdrang, en gender-gebaseerde geweld (Shefer *et al,* 2007: 3).

## 2.4 Samevatting

Uit hierdie oorsig van die teoretiese invalshoeke blyk dit dat maskuliniteit selfs meer gekompliseerd is as wat aanvanklik deur die psigoanaliste en sosioloë gespekuleer is. Soos Gibson en Lindegaard (2007) voorstel, moet ’n amalgamering van verskeie teorieë

voorgestaan word. So ’n amalgamering sal meebring dat maskuliniteit op ’n makro- sowel as mikrovlak beskou word, en dat aandag aan intrapsigiese en interaktiewe verhoudings geskenk word.

’n Eenvoudige definisie van *maskuliniteit* gaan nie voorgehou word nie. Maskuliniteit is meervoudig, vloeibaar en ’n lewenslange proses van wording. Eerder sal daar na idees gekyk word wat deur die meeste akademiese bydraes met maskuliniteit assosieer word. Vir die doel van hierdie verhandeling word maskuliniteit as ’n historiese en sosiale subjektiwiteit beskou, ’n sosiale konstruksie wat grootskaalse institusies en ekonomiese verhoudings sowel as interpersoonlike kontak en seksualiteit insluit. Steyn (1999: 12) som dit op as hy sê: “Manlikheid is ’n sosiale konstruksie wat geproduseer word deur ’n dialogiese wisselwerking tussen die psige en ’n spesifieke historiese en sosiale konteks”.

Die faktore wat maskuliniteit beïnvloed, is kompleks en verweef, soseer dat enige volledige bespreking daarvan onmoontlik is. Maskuliniteit word nie net uit persoonlike, huislike en sosiale omstandighede gevorm nie, maar ook deur nasionale en globale magstrukture wat van een samelewing tot ’n ander sal verskil (Dent 2007: 1; Holmes 2009: 10). Op ’n breë vlak kan geografie, biologie, ekonomie, die kollektiewe geheue van die mensdom, kulturele verskuiwings, verandering in nasionale identiteit, verandering in aspirasies en patrone van konsumerisme betrek word by gender en maskuliniteit (Rowlands *et al,* 1998: 16). Kimmel (1994: 120) som dit op deur te sê dat maskuliniteit ’n konstante verandering van ’n versameling betekenisse is wat deur mans se subjektiewe verhouding met hulself, met mekaar en met die wêreld gekonstrueer word.

Hegemoniese maskuliniteit stel *merkers* daar wat sekere vereistes aan mans stel: mans as die broodwinner en besluitnemer, sterk, magtig, aktief, dominant, kontrolerend, konstant kompeterend, seksueel vaardig en geneig tot avontuur en hoë-risiko gedrag soos drank- en dwelmmisbruik en promiskuïteit. Nasionaliteit, ras, klas, velkleur, etniese groeperinge, seksualiteit, religie, politieke oortuigings, groepsdruk, familielewe, taal, persoonlike fantasieë en versinsels kan ook gebruik word as merkers om die manlike subjektiwiteit te belig (Gibson & Lindegaard 2007: 143; Viljoen 2002: 21).

Die meeste teorieë wys daarop dat maskuliniteit breekbaar en onstabiel is, dat die proses van gender-identifikasie vir mans deurtrek is met spanning en konflik en voortdurend afhanklik is van die bevestiging van "ander". Mans word dikwels onsigbaar vir hulself, vasgevang in 'n raamwerk van stereotipes van uitgediende norme en waardes wat hulle alleen en vervreem van hul omgewing laat. Vervreemding is 'n konsep wat voortdurend met maskuliniteit geassosieer word, 'n Lacaniaanse leegte (lacuna) wat mans se subjektiwiteit onderlê (Frosh 1995: 218).

Onderliggend aan maskuliniteit is verskeie magsdiskoerse. Teenstrydighede in mans se ervaring van mag word dikwels toegeskryf aan die sosio-psigologiese prosesse van gender en aan die teenstrydige verhouding tussen mag, vervreemding en oppressie; aan die interaksie van die persoonlike met die kollektiewe maskuliniteit.

# HOOFSTUK 3

# Die maskuliniteit van wit, Afrikaanse mans in Suid-Afrika

## 3.1 Inleiding

Uit die teoretiese bespreking in Hoofstuk 2 is dit duidelik dat *maskuliniteit* ’n verwikkelde en meervoudige konsep is. Die verhoudings tussen sosio-ekonomiese veranderinge en die manlike subjektiwiteit is interverweef en kompleks, des te meer in ’n land soos Suid-Afrika waar ’n politieke rewolusie plaasgevind het. Die oorgang na demokrasie in Suid-Afrika het gepaard gegaan met ’n grondwet wat verskuiwings binne die genderorde beskerm in ’n liberale diskoers van menseregte (Reid & Walker 2005: 10). Aangesien mag oorwegend en intrinsiek die eiendom van wit, Afrikaanse mans (WAM’s) was, het sodanige veranderinge in die gender-orde gelei tot wat baie mans vandag as ’n krisis in maskuliniteit beleef (Beuke-Muir 2001: 1; Lemon 1991: 204; Reid & Walker 2005: 1; Tripp *et al*, 2009: xv).

Hierdie hoofstuk sal poog om WAM’s en hul maskuliniteit binne die konteks van Suid-Afrika te plaas, en daar sal terselfdertyd gepoog word om ’n oorsigtelike beeld van die manlike subjektiwiteit in die Afrikaanse prosa te gee. Die soeke na en krisis aangaande identiteit – wat maskuliniteit insluit – staan dikwels sentraal tot Afrikaanse literatuur en identiteitskepping en kan dien as ’n tematiese raamwerk waarbinne kontemporêre Afrikaanse prosa gelees en geïnterpreteer word (Roos 2006: 59).

## 3.2 Wit Afrikaanse mans (WAM’s) en hegemoniese maskuliniteit in Suid-Afrika: Die kennis van generasies

Morrell (2005: 272), Reid en Walker (2005: 7) en Davies (2009: 4), soos vele ander outeurs, noem dat die Suid-Afrikaanse genderorde en identiteitspolitiek teen ’n breë agtergrond van globalisering gesien moet word, waarbinne die eiesoortige, historiese invloed van die erfenis van apartheid, kolonialisme en postkolonialisme steeds voortleef. Kolonialisme en postkolonialisme in Suid-Afrika het tot gevolg gehad dat WAM’s oor

generasies heen beurtelings die rol van die koloniseerder, die gekoloniseerde en die gedekoloniseerde vervul het (Roos 2006: 56). Uskalis (1998: 247) noem dat WAM's die rolle van beide die sogenaamde "insider" en "outsider" gedurende verskillende tydperke moes beklee. Kolonialisme is opgevolg deur apartheid, waar die onderskeiding tussen klas, ras en gender gebruik is om die patriargale en politiese *status quo* van die apartheidsregime te handhaaf. Die apartheidstelsel was veral afhanklik van, en het gesentreer om, die gegewe mag van WAM's, en het beslag gevind in wat Lemon (1991: 223) 'n "apartheidspatriargie" noem. Vir Ratele (2009: 301) leef baie Suid-Afrikaners steeds hul seksuele identiteite uit in lyn met die seksuele vrees, onkunde en rassisme wat deur die apartheidsbedeling voorgestaan is.

Onder apartheid was WAM's sinoniem met status, en hulle het die hoogste sport in die magshiërargie beklee. Hegemoniese maskuliniteit het berus op 'n outoritêre ideologie van Christelike nasionalisme en patriargie, rigiede outoriteit, etnosentrisme en die subordinasie van marginale groepe – 'n sinergie van religie, politiek en kultuur. WAM's se gedrag is dikwels met rassisme, militarisme, arrogansie en geweld geassosieer (Du Pisani 2001: 157; Francken & Renders 2005: 170; Van der Merwe 1994: 52). Hierdie voorskriftelike hegemoniese rolmodel is van geslag tot geslag as die indirekte kennis van 'n kollektiewe identiteit oorgedra (Jansen 2009: 84).

'n Rewolusie breek gedurende die laat vyftigerjare in die Afrikaanse prosa uit deurdat 'n groep skrywers die ou orde se apartheidspolitiek, godsdiens, seksualiteit, moraliteit en literêre konvensies uitdaag. Terselfdertyd word daar ook weggebreek van ou temas en tegnieke (Brink 1985: 11; Kannemeyer 2005: 276; Francken & Renders 2005: 169; Van der Merwe 1994: 47, 91). Brink (1985: 113) beskryf die Sestigers, soos hierdie groep skrywers bekend staan, as "... 'n kulturele, sosiale en politieke fenomeen ...". Temas van wanhoop, eksistensiële vervreemding en onthegting van WAM's en hul subjektiewe belewing van hul maskuliniteit kom in hul tekste voor (Van Coller 2009: 24). Skrywers van hierdie era sluit in Etienne Leroux (*Die Mugu,* 1959; *Sewe dae by die Silbersteins*, 1962); Dolf van Niekerk (*Die son struikel*, 1960), André P. Brink (*Lobola vir die lewe,* 1962; *Die ambassadeur*, 1963), Abraham de Vries (*Dubbeldoor*, 1963; *Vliegoog*, 1965),

Jan Rabie (*Die groot anders-maak*, 1964), Chris Barnard (*Dwaal*, 1964) en Breyten Breytenbach (*Katastrofes*, 1964).

WAM's se maskuliniteit onder apartheid is gevorm en ondersteun deur 'n staatsmasjinerie van wetgewing wat hul geïnstitusionaliseerde mag verseker het. Alle sosiale konstrukte wat meegewerk het tot gender-identifikasie, was in diens van die apartheidsregering en het gestreef om tradisionele, patriargale Afrikanerwaardes te behou. Vir Foucault is enige opvoedingstelsel 'n verpolitiseerde poging om gepaste diskoerse te verseker en die mag daaraan verbonde te kontroleer (Marais 2005: 59), soos duidelik in Suid-Afrika plaasgevind het. Van die uitstaande voorbeelde van sulke wetlike diskoerse in Suid-Afrika is die Ontugwet, die Verbod op Gemengde Huwelike, die Groepsgebiedewet en die kriminalisering van homoseksualiteit (Du Pisani 2001: 169; Francken & Renders 2005: 176; Ratele 2009: 294; Roos 2006: 80). Homoseksuele, vrouens en etniese groepe was die swakker "ander" waarteen WAM's hul maskuliniteit afgespeel het (Alsop *et al*, 2002: 150; Connell 2000: 49; Kimmel 1994: 136; Reid & Walker 2005: 8 - 9).

Met die vryheidstryd teen apartheid op sy mees intense gedurende die sewentiger- en tagtigerjare, neem tekens van ontnugtering en leegheid in die Afrikaanse prosa toe (Brink 1985: 145; Van der Merwe 1994: 101). André P. Brink se *Kennis van die aand* (1973) en *Die muur van pes* (1984) handel oor erotiese verhoudings oor die kleurgrens, wat die magsbasis van WAM's se hegemoniese manlikheid diep raak (Viljoen 2002: 36; Francken & Renders 2005: 176). Apartheid, geweld en onluste word deur skrywers soos J.C. Steyn (*Dagboek van 'n verraaier*, 1978), Brink (*'n Droë wit seisoen*, 1979), Peet van der Merwe (*Slagboom*, 1980), Dan Roodt (*Sonneskyn en Chevrolet*, 1980), Harry Kalmer (*Die waarheid en ander stories*, 1989) en André Letoit (*Suidpunt-jazz*, 1989) belig. Hier verskyn die tradisionele beeld van die Afrikanerman as kryger in 'n moderne weergawe as 'n anti-apartheidsaktivis (Visagie 2004: 48).

'n Rasse-ideologie gekoppel aan gender-identifikasie is gedurende apartheid deur Christelik-nasionale skole en universiteite, kerke, georganiseerde sport, die media,

sensuur, kulturele netwerke en portuurgroepe oorgedra (Francken & Renders 2005: 175; Horowitz 2001: 236; Jansen 2009: 72 – 75; Louw 2009: 13; Van der Merwe 1994: 7). Vervolgens sal daar kortliks na sekere van hierdie strukture verwys word wat prominent figureer in die konstruksie van maskuliniteit in *Kontre*i (Kleinboer 2003) en *Om na ’n wit plafon te staar* (Kirsten 2009).

### 3.2.1 Militêre diensplig

Deur die militarisering van wit skole, kadette, veldkampe, voorligtingsklasse en verpligte militêre diensplig, het die apartheidsera ’n streng gender- en rashiërargie, gedomineer deur WAM’s, in plek gehou (Cock 2001: 53; Jansen 2009: 83, 85; Visagie 1999: 448). Waar ’n gewapende konflik voorkom, soos in Suid-Afrika die geval was, is daar altyd ’n opsetlike kultivering van manlike hardheid en geweld (Cock 2001: 51; Connell 2000: 51).

In die Suid-Afrikaanse media is die beeld van die Suid-Afrikaanse oorlogsheld voorgehou –’n kru uitbeelding van hoe maskuliniteit vervul word deur dood te maak en geweld te pleeg in diens van ’n ideologie (Du Pisani 2001: 166; Rowlands *et al,* 1998: 28). Die idee van ’n aggressiewe maskuliniteit is as aanvaarbaar voorgehou, en binne die konteks van apartheid selfs as heroïes en noodsaaklik vir WAM’s se hegemoniese maskuliniteit beskou (Cock 2001: 50).

Daar is selde aan die fisiese en psigologiese geweld van oorlogvoering en die sielkundige impak daarvan op ’n generasie mans en hul idee van maskuliniteit aandag geskenk. Vir Chris Louw (2009: 12, 14) het die apartheidsbestel ’n geslag van WAM’s (wat in die bosoorlog en militêre kampe betrokke was) van hul menswaardigheid gestroop, hulle verkneg en ontmagtig. “Wie of wat het jou die reg gegee om my hele geslag aan ’n mensonterende stelsel uit te lewer en na ’n gedoemde oorlog te stuur vir jou fokken rassedrome?”, vra Louw (2009: 13), oftewel Boetman, aan die politici van die apartheidsera. Dit is vir Louw (2009: 18) dieselfde generasie WAM’s wat die oorlog moes veg van wie daar nou verwag word om op te offer en die transformasieproses deur te voer.

Verpligte militêre diensplig, gewapende konflik en grensoorloë het 'n belangrike diskoers in die Afrikaanse literêre wêreld geword (Reddy 2005: 107; Visagie 2004: 61). In populêre grensfiksie is die positiewe beeld van die jong man wat vir sy vaderland veg voorgestaan, soos byvoorbeeld in Adriaan Snyman se *Kruisvuur* (1981), Bertrand Retief se *Tweede prys is 'n houtjas* (1983) en die jeugverhaal *Skutter Lukas Nel* (1989) deur Louis L. Pretorius. Populêre grensfiksie het die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) as gesaghebbende partriagale instelling beskryf wat "vaderlik" oor die soldate gewaak het (Steyn 1999: 82). Aan die ander kant het grensliteratuur 'n beeld geskep van die wreedheid van 'n bosoorlog wat mans psigologies vernietig en maskuliniteit verdraai het (Steyn 1999: 6). Vir Visagie (2004: 61) word grensliteratuur onder meer gekenmerk deur 'n bevraagtekening van die geslagtelike, 'n kritiese bevraagtekening van maskuliniteit en die ondermyning van die hipermanlike beeld van soldate. Op 'n komplekse, literêre vlak kyk skrywers van hierdie era na verskeie aspekte van militarisme en maskuliniteit, en die werk van P.J. Haasbroek (*Heupvuur*, 1974), Etienne Van Heerden (*My Kubaan*, 1983; *Om te awol*, 1984), Alexander Strachan (*'n Wêreld sonder grense*, 1984), Louis Krüger (*'n Basis oorkant die grens*, 1984), Koos Prinsloo (*Jonkmanskas*, 1982; *Die hemel help ons*, 1987), P.H. Roodt (*Afrika is blou soos 'n lemoen*, 1990), Gawie Kellerman (*Swart sendelinge*, 1991), Eben Venter (*Foxtrot van die vleiseters*, 1993) en Mark Behr (*Die reuk van appels*, 1993) staan uit ten opsigte van hierdie tematiek.

Terselfdertyd is WAM's se militêre geskiedenis op dramatiese wyse ondermyn in die werk van Dan Roodt (*Sonneskyn en Chevrolet*, 1980), Andre Letoit (*Suidpunt-jazz*, 1982), Etienne Leroux (*Onse Hymie*, 1982), André P. Brink (*Houd-den-bek*, 1982), Alexander Strachan (*Die jakkalsjagter*, 1990) en Etienne van Heerden (*Die stoetmeester*, 1993). Deur hierdie tekste het Afrikaanse literatuur in die brandpunt gestaan soos selde tevore (Van Coller 2009: 25).

### 3.2.2 Geweld en vuurwapens

Geweld en magsug is twee van die konstituerende elemente van die manlike subjektiwiteit en is ingebed in die konstruksie van maskuliniteit (Cock 2001: 46; Crous 2005: 156; Gibson & Lindegaard 2007: 129; Visagie 1999: 448). Soms word daar na 'n "kultuur van geweld" verwys, waar geweld as aanvaarbare kommunikasiemedium vir

mans beskou word (Gibson & Lindegaard 2007: 129, 138). So beweer Cock (2001:43) en Du Pisani (2001: 164) dat al hoe meer WAM's geweld beskou as 'n geregverdigde manier om huislike konflik op te los.

Patriargale geweld, wat fisiese en psigologiese geweld insluit, is 'n manier waarop mans sosiale kontrole en beheer oor vrouens wil neem, 'n desperate poging om vrouens te domineer en as besittings te beskou (Artz 2009: 173, 175; Visagie 1999: 449). Wanneer die illusie van mag en beheer wat geweld onderlê ontmasker word, lei dit tot 'n desperate leemte by mans (Schwenger 1984: 154; Visagie 1999: 449). Frosh (1995: 230) sien geweld as 'n respons op die fragmentering van die fantasie van mag. Na die 1994-verkiesing het die fantasie van mag beslis vir WAM's uitmekaar gespat.

Die besit van vuurwapens word beskou as 'n manifestasie van geweld. In Suid-Afrika was wapenbesit vir lank genormaliseer en gesosialiseer as deel van 'n gemilitariseerde maskuliniteit. WAM's het dit as hul reg beskou om vuurwapens te besit, en vuurwapens word steeds as statussimbool onder mans gesien (Cock 2001: 43, 50). In literatuur is die seksuele aard van vuurwapens, met die geweer gelykstaande aan die fallus, 'n algemene beeld.

### 3.2.3 Sport, jag en avontuur

Sport en avontuurlike aktiwiteite is veilige maniere om sosiaal betrokke te raak sonder veel emosionele verantwoordelikheid en bied daarmee 'n repetisie vir ander, meer belangrike interaksies (Messner 1992: 168; Middleton 1992: 227). Vir Morrell (2001: 23) is sport in Suid-Afrika nou verweef met hegemoniese maskuliniteit, hetsy die man as toeskouer of deelnemer betrokke is. Deur sport is mag, nasionalisme en maskuliniteit geprojekteer en ingegrawe in die Afrikanerdom (Jansen 2009: 74).

Vandag se nasionale sporthelde word dikwels as moderne krygshelde voorgehou, met sport as 'n nuwe vorm van oorlogvoering waardeur mans hul maskuliniteit, waagmoed, sterkte en uithouvermoë kan toets (Du Pisani 2001: 166; Lemon 1991: 65). Georganiseerde sport is, volgens Messner (1992: 161), geskep as 'n homososiale sfeer

waar kompetisie en (dikwels gewelddadige) fisiese kontak hoog geag word, terwyl vroulikheid verwerp word. Sport is een van die min kulturele aktiwiteite wat 'n intiemer band tussen mans toelaat as wat normaalweg geduld word (Steyn 1999: 118). Buiten in jeugverhale, kom sport as literêre tema relatief min in Suid-Afrikaanse tekste voor. In 1983 verskyn 'n rugbyroman, *Blaaskans: Die bewegings van Flip Nel,* deur John Miles en 1994 sien die publikasie van Braam van der Vyfer se *Stywe arm.*

WAM's se maskuliniteit word dikwels in prosa bevestig deur die voorstelling van 'n macho-wêreld van viriele manlikheid, aksie, die buitelug, gevaar en sogenaamde "manlike bedrywighede" soos reisavonture, kameraderie, sport, jag en natuurparke (Roos 2006: 63; Visagie 2004: 84). Die jagmotief kom gereeld in Afrikaanse prosa voor as die perfekte voorbeeld van 'n manlike aktiwiteit en word dikwels as formatiewe, dog gewelddadige ritueel van Afrikaanse maskuliniteit beskou (Beuke-Muir 2001: 6; Cock 2001: 51; Visagie 2004: 107). Die tekste van skrywers soos Alexander Strachan (*Die jakkalsjagter*, 1990; *Dwaalpoort*, 2010); Piet van Rooyen (*Die olifantjagters*, 1997), Johann Botha (*Groot vyf: Spoor van 'n dekade*, 1997), Christiaan Bakkes (*Die lang pad van Stoffel Mathysen,* 1998), Johan Bakkes (*Moer toe die vreemde in*, 2001), Willem D. Kotzé (*Kalahari-kind*, 2003) en P.J. Haasbroek (*Kruispunt*, 2010) is hier ter sprake (sien ook 3.2.4). Van Coller (2009: 4) verwys na die inkarnasie van die "Hemingway-agtige held". Jag is al geïnterpreteer as 'n toevlug vir mans wat onseker is oor hul seksualiteit en, veral in die kortverhale van Koos Prinsloo, word die geweer as 'n verlengstuk van die fallus beskou (Cock 2001: 46; Roos 2006: 63; Steyn 1999: 131; Visagie 2004: 108).

### 3.2.4 Familie en die vader as patriarg

Waar die kontemporêre Afrikaanse prosa gekenmerk word deur 'n uiteenlopende representasie van die manlike subjektiwiteite, is die literatuur aanvanklik oorheers deur beperkende en stereotipiese voorstellings van maskuliniteit (Rowlands *et al,* 1998: 4). Afrikaner-nasionalisme is gepropageer deur 'n mitologisering van die wêreld van die voorvaders, wat 'n sekere beeld van maskuliniteit onderskryf het. In vroeë Afrikaanse fiksie het die Afrikaanse plaas- en kontreikuns, asook 'n lang tradisie van streeks- en herinneringsliteratuur, ongetwyfeld daartoe bygedra om die motief van die hegemoniese

man as vader, broodwinner, boer, jagter, kryger en outoriteitsfiguur te vestig en te idealiseer (Du Pisani 2001: 158; Visagie 2004: 40). Vroeë nasionalistiese voorstellings van die boer, kryger en jagter kom voor in die werke van Sangiro (*Op safari*, 1925), D.F. Malherbe (*Die meulenaar*, 1926), P.J. Schoeman (*Die swerwerjagter*, 1933; *Die jagterprins*, 1935), Boerneef (*Boplaas*, 1938; *Van my kinderdae*, 1939), J. van Melle (*Bart Nel*, 1942), J. von Moltke (*Jagkonings*, 1943) en F.A. Venter (*Eenderse morge*, 1950; *Geknelde land,* 1960; *Werfjoernaal,* 1965). Swart mense en dikwels ook vrouens, as die historiese "ander," verskyn slegs op die periferie van hierdie tekste. Bogenoemde literatuur het meestal neergekom op die selfbewuste herhaling van ou tradisies, wat aansluit by Butler (1990) se stelling oor 'n herhaling van optredes ("performances") waardeur manlike gedrag vasgelê word.

Binne die gesinsopset, met die man as sentrale figuur, is familiewaardes van Afrikanernasionalisme en religie nagestreef en die landelike as idealisties voorgestel (Du Pisani 2001: 158; Van Coller 2009: 13; Van der Merwe 1994: 56, 62). Du Pisani (2001: 158) merk op dat die beeld van die boer as hegemoniese rolmodel dominant was selfs na verstedeliking. Die voorstelling van die eerlike, standvastige, godsdienstige, hardwerkende, sterk, viriele en aggressiewe manlike karakter was dikwels onbereikbaar vir die gewone man (Lemon 1991: 98). Die Sestigers se tekste het vir Du Pisani (2001: 160) tot 'n meer verligte houding onder WAM's gelei, en hul vernuwing in literatuur het jong WAM's as stadsbewoners uitgebeeld wat vrae oor hul hegemoniese maskuliniteit gevra het (Du Pisani 2001: 161). Die geïdealiseerde, patriargale rol van die boer is deur die Sestigers vanaf 'n ironiese afstand waargeneem, wat die hegemoniese stereotipe ondermyn het (Visagie 2004: 41). So het Etienne Leroux se *Sewe dae by die Silbersteins* (1962) en *Magersfontein, o Magersfontein* (1976) en Karel Schoeman se *'n Lug vol helder wolke* (1967) eerder die ou tradisionele waardes van die plaasroman op 'n parodiërende wyse onderlê (Van Coller 2009: 15, 16). Meer onlangs kan die tekste genoem word van Alexander Strachan se *Die jakkalsjagter* (1990), Etienne van Heerden se *Die Stoetmeester* (1993) en *Kikoejoe* (1996), *Hierdie lewe* (1993) van Karel Schoeman en Eben Venter se *Foxtrot van die vleiseters* (1996).

Toenemend het ’n jonger generasie WAM’s se gender-identiteit en maskuliniteit in konflik met dié van ’n ouer generasie mans s’n gekom as gevolg van die interaksie tussen die geskiedenis van die individu, die familie en die Afrikanervolk (Francken & Renders 2005: 179). Daar is van jong mans verwag om met ouer WAM’s soos hul vaders te identifiseer, terwyl hulle terselfdertyd ook ’n nuwe maskuliniteit, gebaseer op ander diskoerse, moes navolg. Veral binne die politieke konteks van Suid-Afrika is die bemoeienis in Afrikaanse literatuur met die vaderfiguur opvallend (Viljoen 2003: 28). Die wêreld van die vader bied nie meer ’n sinvolle toekomsperspektief nie en ’n jonger generasie WAM’s het ’n wantroue in die morele waardes van ’n ouer geslag ontwikkel (Francken & Renders 2005: 180; Roos 2006: 50). ’n Aggressiewe verwerping van Afrikaner- en manlike hegemonie en identiteit kom gevolglik onder die jeug voor, wat ’n ouer generasie vir vandag se probleme blameer (Davies 2009: 117). Dit impliseer die verwerping van die waardesisteem van ’n ouer generasie, insluitende die vaderfiguur, die apartheidstelsel, en die vader as simbool van die apartheidstelsel (Viljoen 2002: 27).

Die werk van Koos Prinsloo (*Jonkmanskas*, 1982; *Die hemel help ons*, 1987; *Weifeling*, 1993) en Mark Behr (*Die reuk van appels*, 1993) kan in hierdie verband genoem word. Vir Brod (1990: 133) kom dit neer op ’n verskuiwing vanaf die Wet van die Vader na die Wet van Broederskap. Lacaniaans gelees verwys Van Coller (2009: 20) na hierdie generasiegaping as ’n opstand teen die vader, teen Ou-Testamentiese godsdiens, die Suid-Afrikaanse geskiedenis en tradisies – dus, die patriargale waardestelsel.

Ander prosatekste wat die toenemende politiese konflik en identiteitsverwarring van die negentigerjare verwoord, is dié van Dolf van Coller (*Skoonveld*, 1993), P.J. Haasbroek (*Lem*, 1993), Pierre de Vos (*Slegs blankes/whites only*, 1994), Charles Malan (*Pan se pretboek*, 1996), Eben Venter (*Ek stamel en sterwe*, 1996), Jaco Fouché (*Ryk van die rawe*, 1996), Tinus Horn (*Droster*, 1996), Jaco Fouché (*Paartie by Jake’s*, 1997), Herman Wasserman (*Verdwaal*, 1997), Ryk Hattingh (*Witskrif*, 1997), Pieter Stoffberg (*Kruispunt*, 1997), Pieter Wagener (*Boereboeddhiste*, 1997), M.C. Botha (*Belydenis van ’n bedrieër*, 1997), André P. Brink (*Die jogger,*1997), Karel Schoeman (*Hierdie lewe*, 1993; *Verliesfontein*, 1998) en Chris Barnard (*Boendoe*, 1999).

### 3.2.5 Die val van homofobie

Die emansipasie van WAM's van rigiede Afrikaner-stereotipes is eerste aangegryp deur gay bewegings in Suid-Afrika (Morrell 2001: 31). Saam met politieke protes- en grensliteratuur het homo-erotiese literatuur 'n verdere aanval op die patriargale stelsel en hegemoniese maskuliniteit geloods. In die negentigerjare het Hennie Aucamp (*Volmink*, 1991; *Dalk gaan niks verlore nie*, 1992), Koos Prinsloo (*Weifeling*, 1993), Johann de Lange (*Vreemder as fiksie,* 1996; *Tweede natuur*, 2000), Danie Botha (*Die soft rock klub*, 1995), Pieter Celliers (*'n Kas is vir klere*, 1997) en, in 'n mindere mate, Thijs Nel (*'n Annerster soort*, 1997) skepties vrae rondom heteroseksisme in die samelewing en gay mans se subjektiwiteit gestel. Daarmee saam het Suid-Afrikaanse skrywers ook aansluiting by die internasionale postmodernisme gevind, wat die ondermyning van subjektiwiteit hoog aangeslaan het. Dit het aan skrywers die moontlikheid gebied om die manlike subjektiwiteit aan 'n meer grondige en selfbewuste bevraagtekening te onderwerp (Visagie 2004: 8). Van die belangrikste literatuur van die negentigerjare is dan ook gemoeid met die land se verlede wat gedissekteer word (Reddy 2005: 105; Roos 2006: 46; Van Coller 2009: 49).

### 3.2.6 Konklusie

Vir Uskalis (1998: 265) is enige identiteit (insluitende maskuliniteit) wat deur tradisies en outoriteit gewettig word, konstant onder bedreiging en is daar altyd suspisies omtrent sodanige identiteit. 'n Sisteem van patriargale dominansie is ook skadelik vir die dominante groep van mans – in hierdie geval WAM's – aangesien so 'n sisteem die dominante groep verhoed om hul volle self-potensiaal te bereik (Brod 1990: 126). 'n Algemene destabilisasie van die uitdrukkings van maskuliniteit en manlike seksualiteit onder WAM's in kontemporêre Suid-Afrika word met toenemende belangstelling in die literatuur gevolg (Sideris 2005: 113, 119; Walker 2005: 163).

### 3.3 Postapartheid en maskuliniteit

Vir WAM's in Suid-Afrika het hul realiteit en subjektiwiteit sedert die paradigmaskuiwe van die negentigerjare drasties verander. Die tekste van Etienne van Heerden (*Die Stoetmeester*, 1993) en Eben Venter (*Foxtrot van die vleiseters*, 1993) word deur Kannemeyer (2005: 644) as die eerste Afrikaanse tekste beskou waarin die realiteite van die nuwe Suid-Afrika en WAM's neerslag vind.

WAM's is van hul identiteit en mag ontneem deur 'n nuwe regering; in die oë van "ander" is hulle nie meer die regmatige heersers nie: "Daar het 'n einde gekom aan die ideologie wat vroeër 'n spieël na die wit manlike subjek uitgehou het waarin hy sy ego kon konstrueer as bolwerk teen die leegte van simboliese kastrasie wat elke subjek te beurt val tydens sy intrede in die orde van taal en betekenis" (Visagie 1999: 440). Waar ideologie en hegemonie voorheen saamgewerk het om aan sekere diskoerse ondersteuning en outoriteit te verleen, was dit nie meer vir WAM's die geval nie (Uskalis 1998: 255). WAM's is met 'n Lacaniaanse leegte gelaat wat gekonfronteer of op ander maniere gevul moet word (Visagie 2004: 56). Louw (2009: 21) verwys na 'n "magsverliessindroom" waaraan baie WAM's ly, wat 'n nostalgiese terugblik na hul hegemonies en kultureel dominante rol insluit.

Gevoelens strek egter verder as 'n magsverliessindroom; dit raak die basis van Afrikaner-identiteit, wat as breekbaar in die nuwe bedeling beskou word. Die hegemoniese orde van die nuwe Suid-Afrika het die trotse kennis van die Afrikaner se verlede gedestabiliseer. Jansen (2009: 48) verwys na "... [A] disruption of a once-simple narrative about the past". Kannemeyer (2005: 547) sê dat die Afrikaner nie net sy greep op die hede kan verloor nie, maar ook dat hulle hele verlede in gedrang is. So is WAM's se mitologiese kennis van hul maskuliniteit wat van een generasie na die ander gekoester is – verhale oor 'n bitter stryd vir vryheid en 'n lang bosoorlog waar 'n oorwegend wit SAW geveg het vir hul volk – nou as onwaar en brutaal genegeer (Cock 2001: 49; Jansen 2009: 45). Voorregte is opgegee aan diegene wat tot onlangs nog as heidense kommuniste, terroriste en vyande van die staat beskou is. Demitologisering en dekonstruksie van WAM's se rol

gedurende apartheid is verder onderneem deur die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK), waar WAM's meestal met negatiewe en onaanvaarbare kwaliteite geassosieer is (Cock 2001: 43; Du Pisani 2001: 171; Swart 2001: 77). Tradisionele merkers van WAM's se maskuliniteit het dus verskuif en word merendeels met suspisie bejeën (Uskalis 1998: 257).

Na 1994 en in die lig van die WVK se bevindings, het die "evil Boer" vir Roos (2006: 51) die voorheen heroïese, geïdialiseerde boer in die Afrikanergeskiedenis vervang in verskeie parodiërende hervertellings van die verlede. Christoffel Coetzee (*Op soek na Generaal Mannetjies Mentz*, 1998), Karel Schoeman (*Verliesfontein,* 1998), Etienne Van Heerden (*Die swye van Mario Salvati*, 2000), P.G. du Plessis (*Fees van die ongenooides,* 2009) en Dan Sleigh (*Eilande,* 2002; *Afstande*, 2010) kyk op alternatiewe maniere na die Suid-Afrikaanse geskiedenis en ontwrig die geykte beeld van die manlike, Afrikaanse heldefiguur.

Met die swaard van regstellende aksie oor hul koppe het WAM's onderaan die lys van bevoorregting in die nuwe Suid-Afrika geland (Beuke-Muir 2001: 2). Afgesien van die ekonomiese implikasies, is die impak van regstellende aksie ook psigologies vernietigend (Du Pisani 2001: 171; Morrell 2001: 31). WAM's se waarheid en subjektiwiteit is versplinter en gefragmenteer (Visagie 1999: 451). Ambivalensie en 'n totale verlies van betekenis word deur Jansen (2009: 47) beskryf, asook elemente van skaamte en skuldgevoelens, sosiale onstabiliteit, oneer, onsekerheid, vrees, woede, verwardheid, vervreemding, morele paniek, verwronge ras- en kulturele identiteit en 'n fatalistiese toekomsvisie (Davies 2009: 5; Jansen 2009: 48, 84). Wat vir WAM's stabiel, reg en natuurlik gevoel het, word nou as 'n wrede, onderdrukkende houding teenoor andere beskou, asook as 'n bron van angs en pyn vir hulself (Kimmel 1994: 159). Enige inwaarts gerigte blik het die potensiaal om 'n negatiewe ervaring te wees: "... there is something dark in the corner of the mind, some stuff that one doesn't want to drag into the light" (Middleton, 1992: 51). Hierdie gevoelens is onvermydelik as daar 'n groot diskontinuïteit tussen die sosiale en psigologiese in die samelewing voorkom.

WAM's het die draers van die kollektiewe skuld van die Afrikaner in 'n postapartheid Suid-Afrika geword (Visagie 1999: 443). Uit Hoofstuk 2 blyk dit dat daar ook 'n psigologiese dinamika is wat die subjektiewe ervaring van maskuliniteit en magsverhoudings nog meer kompliseer, en wat gekenmerk word deur rolverwarring en onsekerheid oor identiteit en seksualiteit.

Postapartheid ontnugtering, problematisering van die manlike subjektiwiteit, gewysigde magsverhoudings en die soeke na 'n nuwe maskuliniteit kom al hoe meer prominent in Afrikaanse literatuur voor (Francken & Renders 2005: 173; Roos 2006: 50; Visagie 2004: 4). Spottend verwys Kirsten (2008: 169) in een van sy rubrieke na Suid-Afrika as "... 'n land waar die soeke en definiëring van identiteit, hetsy persoonlik of in groepsverband, dalk kan kwalifiseer as ons nasionale sport ...". Tradisionele gender-tipes is toenemend bevraagteken en ondermyn deur tekste waar die onderskeid tussen held en vyand verdwyn en die lewe se betekenis bevraagteken is (Van der Merwe 1994: 101). WAM's se gevoelens van isolasie en wanhoop is duidelik in die tekste van 'n ouer sowel as jonger generasie skrywers waarin die hedendaagse werklikhede van 'n nuwe Suid-Afrika neerslag vind. Voorbeelde is André P. Brink (*Donkermaan*, 2000), Tom Dreyer (*Stinkafrikaners*, 2000), Jaco Botha (*Sweisbril*, 2000), P.J. Haasbroek (*Oemkontoe van die nasie*, 2001), Koos Kombuis (*Hotel Atlantis*, 2002), Dries Brunt (*Dagboek van 'n eensame,* 2003), John Miles (*Die buiteveld*, 2003), Manie de Waal (*Trips: 'n Roman*, 2003), Eben Venter (*Begeerte*, 2003), Herman Wasserman (A*an die ander kant van die stad,* 2003*)*, Kleinboer (*Kontrei*, 2003), Abraham H. de Vries (*Tot verhaal kom*, 2003), Dan Roodt (*Moltrein*, 2004), Emile Joubert (*Kouefront*, 2007), Jaco Fouché (*Ed van inligtingstelsels*, 2009; *Skrywersblok*, 2009), Jaco Kirsten (*Om na 'n wit plafon te staar*, 2009).

Die stigmatisering van WAM's as motief kom vir Roos (2006: 51) voor as "...'n soort van Boer Bashing", waar slegs die negatiewe kwaliteite van die konvensionele Afrikaner beklemtoon is. "En die wonde op die onbewuste van dié manlike skrywers is diep" sê Hambidge (2004a: 13) as sy na die werk van Kleinboer, onder andere, verwys.

Die belewenis en teenstrydighede van "'n middeljarige blanke Afrikanerman van so tussen dertig en vyftig" wat deur die apartheidstelsel geleef het, word deur Chris Louw (2009: 22) in sy boek *Boetman en die swanesang van die verligtes* gegee: "Ek, 'n middeljarige Afrikanerman. Wat bly vir my oor? Ek is te oud om heeltemal onskuldig te wees. Ek is te jonk om ten volle aandadig te wees. Ek is te onskuldig om verskonings te versin. Ek is te skuldig om my hande te was. Ek is gatvol".

## 3.4 'n Krisis in maskuliniteit

Die krisis in maskuliniteit waarop sommige WAM's in Suid-Afrika aanspraak maak, kan maklik bevraagteken word. Hoewel WAM's hul eksklusiewe politiese mag verloor het, geniet hulle steeds relatiewe sosiale en ekonomiese mag en voordele (Jansen 2009: 112; Visagie 2004: 25).

So bevind die Kommissie vir Geslagsgelykheid (KGG) in 2009 dat daar nog heelwat gender-ongelykheid in Suid-Afrika voorkom en dat die samelewing steeds volgens oorwegend patriargale houdings funksioneer (Van Rooyen 2009: 10). WAM's trek steeds ekonomiese en politiese voordeel uit 'n wêreldwye patriargie, en die lewenstyl van die deursnee-Afrikaanssprekende sedert 1994 het weinig verander of versleg (Roos 2006: 49). Die aantal swart vrouens in senior bestuursposte is net 3,6 %, terwyl wit vroue 19% en wit mans 51% van die poste beklee (Van Rooyen 2009: 10). SAPA (2010: 1) berig dat die gemiddelde inkomste van 'n wit man in Suid-Afrika R19 000 per maand is, teenoor R2 400 van 'n swart man en R9 600 van wit vrouens. Hoewel promosie, toekenning van kontrakte en posisies in die publieke sektor swart mense bevoorreg, word die privaat sektor nog gedomineer deur wit mense en oor die algemeen is wit mense steeds beter gekwalifiseer en handhaaf 'n hoër lewenspeil as swartes (Cilliers 2008: 107; Jansen 2009: 29).

Ook psigologies blyk dit dat WAM's nie noodwendig 'n krisis beleef nie. 'n Studie van Roothman, Kirsten en Wissing (2003) bevind dat alle Suid-Afrikaanse mans (insluitende WAM's) oor die algemeen 'n hoër selfbeeld en vlak van selfaanvaarding as vrouens het,

asook ’n sterker siening van hul ego’s, soms tot op die punt van die onrealistiese en oordrewe. Tradisioneel definieer WAM’s hulself dus nog dikwels volgens superieure patriargale persepsies van onafhanklikheid en sien hulself as suksesvolle broodwinners, kompeterend, vreesloos en onoorwinlik (Roothman *et al*, 2003: 215).

’n Skielike magsverlies, die ontbloting van menseregteskendings, regstellende aksie, chroniese werkloosheid, vervroegde aftrede, ontslag, swart ekonomiese bemagtiging, seksuele integrasie, resessie en kompetisie maak dit egter al hoe moeiliker vir WAM’s om hul maskuliniteit rondom hegemoniese stereotipes te bou en te organiseer (Rowlands *et al*, 1998: 24; Visagie 1999: 447). Kollektief mag WAM’s steeds ’n magsposisie beklee, maar individueel beleef hulle – een van die mees bevoorregte groepe ooit in Suid-Afrika – hulself al hoe meer as magteloos, terwyl hul bevoorregte posisie op gevoelens van vervreemding rus. WAM’s se ervaring van magsverlies stem vir die kandidaat ooreen met ’n stelling wat Kimmel (1994: 137) oor Amerikaanse mans se belewing van magsverlies maak: magsverlies is vir WAM’s hul subjektiewe werklikheid en hulle reageer en tree daarvolgens op, selfs al is hierdie magsverlies nie noodwendig ’n akkurate beskrywing van hul werklikheid nie

Die ideologie van dominante maar disfunksionele maskuliniteit kan lei tot verswakte fisiese en emosionele gesondheid. Louw (2009: 19) praat van magsverlies as ’n rou-aksie, ’n eksistensiële krisis wat aanleiding tot ander psigiatriese siektes kan gee. Gebroke verhoudings, onbuigbaarheid, rigiditeit en self-destruktiewe gedrag deur gevaarlike, gewelddadige aktiwiteite word met magsverlies geassosieer (Lemon 1991: 154; Whitehead 2002: 21). Dit kan meebring dat mans hul patriargale voorregte teenoor hul gesin met geweld probeer bevestig (Holmes 2009: 91). Daar is ook ’n toename in selfmoordsyfers, hoë-risiko gedrag, dwelm- en alkoholmisbruik onder mans, met ’n verhoogde risiko vir MIV. Daarbenewens soek mans ook nie maklik mediese hulp nie, skeep hul gesondheid af en neig om ooroptimisties oor hul eie gesondheid te wees (Hearn 2007: 25 - 28). Gesinsmoorde, wat veral voorkom onder WAM’s, ’n hoë egskeidingsyfer waar die vrou as aanklaer dagvaar, verkragting en gesinsgeweld is almal patologiese simptome van magteloosheid (Hearn 2007: 24; Horowitz 2001: 241; Lemon 1991: 212).

Verder is die kandidaat van mening dat mans neig om ’n emosionele afstand te handhaaf, geïsoleerd van vrouens en ander mans, en meestal sosialiseer deur sport, werk, speletjies en professionele en Christelike hiërargieë, soos deur Hearn (2007: 23) en Kaufman (1994: 151) onder Amerikaanse mans bevind is. Dit is juis hierdie Christelik-patriargale diskoers wat vandag aangegryp word deur ’n onsekere generasie van WAM’s wat ’n terugkeer na patriargie en ’n innerlike kern van maskuliniteit propageer, soos in Suid-Afrika bedryf word deur die Mighty Men saamtrekke van Angus Buchan, waar hy mans gereeld aanmoedig om “ware mans eerder as patete of sissies te wees” (De Villiers & Cloete, 2010: 1).

Dit blyk dus dat maskuliniteit vir WAM’s ’n daaglikse, meedoënlose toets geword het, gekenmerk deur kompetisie, angs, vrees, stres, isolasie, emosionele afstomping en ’n gepaardgaande verlies aan selfbeeld (Horowitz 2001: 236). Terselfdertyd sê Lemon (1991: 164) van die krisis van WAM’s: “The so-called crisis in masculinity represents a time of renegotiating taken-for-granted assumptions, and a re-distribution of power in human relations in response to these changes.” Brod (1990: 132) beweer dat dit nie noodwendig ’n krisis in maskuliniteit is nie, maar ’n dieperliggende krisis van kapitalisme. Wat ook al die geval mag wees, is dit vir Visagie (1999: 452) noodsaaklik dat WAM’s na ’n alternatiewe maskuliniteit begin streef wat nie vergroei is met mag en geweld nie.

## 3.5 Samevatting en konklusie

Literêr-histories is dit duidelik dat die Afrikaanse prosa gekenmerk word deur ’n geïntensiveerde tematisering en onderhandeling van gender-identiteit en maskuliniteit, veral in die werk van wit, manlike skrywers. Hierdie groeiende belangstelling hou verband met ’n internasionale oplewing in genderstudies wat toenemend meer op maskuliniteit fokus (Visagie 2004: 240).

Die WAM’s van vandag se maskuliniteit word beïnvloed deur ’n gewelddadige, komplekse geskiedenis van Britse kolonialisme, Afrikaner nasionalisme, apartheid,

internasionale isolasie en ’n vryheidstryd. Binne hierdie teenstrydige diskoerse van politieke en sosiaal-ekonomiese magsnetwerke, word daar van WAM’s verwag om konstant hul identiteit te herdefinieer en te herskep. Gibson en Lindegaard (2007: 133) stel ’n nuwe vorm van maskuliniteit voor, waar die persepsie van ras, klas en gender op ander maniere ge-artikuleer word.

Dat gewysigde magsverhoudings en die persepsie van ’n marginalisering van Afrikaans neerslag gevind het in die prosa, is volgens Roos (2006: 99) baie duidelik. Vir Visagie (2004: 6) word die twee dekades vanaf 1980 tot 2000 gekenmerk deur ’n sterk, kritiese bevraagtekening van die manlike subjektiwiteit in die Afrikaanse literatuur. Meer as ooit tevore is daar van WAM’s verwag om opnuut hul persoonlike en groepsidentiteit as mans te onderhandel en ’n nuwe identiteit aan te neem wat nie met politieke mag verweef is nie (Viljoen 2002: 21; Visagie 1999: 442). Sommige WAM’s moet hulself herontdek en herdefinieer, maar die proses word aansienlik bemoeilik in ’n samelewing waarbinne interverweefde strukturele en subjektiewe dimensies sodanig versteur is dat hulle sukkel om ’n postapartheid maskuliniteit te onderhandel en te handhaaf (Swart 2001: 78).

Die broosheid van die manlike subjektiwiteit, WAM’s se gevoelens van hulpeloosheid, verbittering, geïsoleerdheid, desperaatheid en ’n soeke na ’n nuwe identiteit staan al hoe meer sentraal in die prosa (Francken & Renders 2005: 185). Hambidge (2004a: 13) noem dat manlike skrywers nie meer terugdeins daarvan om hul weerloosheid, gewonde psige, verlangens en woede oor hul omstandighede uit te spel nie. Dit is die geval in beide tekste, *Kontrei* en *Om na ’n wit plafon te staar*, wat hier onder bespreking is. Binne hierdie tekste is sekere merkers van maskuliniteit opgespoor wat aanduidend is van hoe maskuliniteit in Suid-Afrika manifesteer. Daar word gehoop dat literatuur, in dié verband, insigte en persepsies toon wat nog nie algemeen erken word nie (Schwenger 1984: 7).

# HOOFSTUK 4

# Maskuliniteit in *Kontrei*

## 4.1 Inleiding

Kleinboer se *Kontrei* (2003) is deur verskeie gerespekteerde resensente soos Koos Kombuis, Joan Hambidge, Antjie Krog en André P. Brink as 'n grensverskuiwende publikasie in Afrikaanse fiksie gesien (Engelbrecht 2003: 7; Isaacson 2006: 18). Vir De Vries (2004: 8) is dit "... the decadent novel which Afrikaans literature desperately needs", hoewel Kleinboer deur sy abjekte realisme homself ook die titel van 'n manlike chauvinis op die hals gehaal het.

In 'n onderhoud met Martina Smit (2004: 9) erken Kleinboer dat die boek "... 'n meedoënlose relaas van alles wat net aangaan" is. Dan Roodt, die uitgewer, sê in 'n onderhoud dat die boek "... op 'n onbevange manier kyk na die nuwe Suid-Afrika en die amorele stel waardes waarmee ons nou sit" (Engelbrecht 2003:7). En Mputhing (2007: 5) sê *Kontrei* (vertaal as *Midnight Missionary*) "... maps the links between human interaction, sexual desire and cultural exchange in a uniquely South African context". *Kontrei* is vir Visagie (2005: 225) 'n teks wat nou verbonde is aan die politieke en seksuele emansipasie van Suid-Afrika sedert die verkiesing.

## 4.2 Opsomming van teks

Die teks is 'n belydenisroman in die vorm van 'n brief aan die verteller se tweelingbroer, Sarel (Brink 2004: 76; Hambidge 2004a: 13). Sarel dien dan ook, volgens Hambidge (2004 a: 13), as 'n alter ego. Hoewel die titel aan 'n plaasroman mag herinner, is *Kontrei* 'n toespeling op "kont ry."

'n WAM, sy swart geliefde, Lungi wat MIV-positief is, en haar seun, Jomo, woon in Yeoville, 'n werkersbuurt waar selde Afrikaans gepraat word (11) en waar 95 persent van die inwoners swart is (222). Binne 'n stedelike mistroostigheid onderhou die verteller sy

gesin deur by ’n rekenaarfirma te werk. Hy drink baie, rook dagga en het kompulsief seks met swart prostitute waarvoor hy voortdurend kroeë en bordele besoek: “... ’n [N]ihilistiese wêreld van ’n seksmal hoereloper... ” lui die beskrywing op die flapteks van die boek.

Sy herhalende besoeke aan kroeë en bordele, asook sy seksvertellings, word onderbreek deur terugflitse na sy kinderjare as Afrikanerseun, waardeur die hede in jukstaposisie met die verlede geplaas word (Hambidge 2004a: 13). Daar is ook ’n hunkering na ’n gelukkiger jeugtyd (Smith 2004: 9). Eggo’s van ’n tipiese ou Afrikaner-bestel is voortdurend teenwoordig: Afrikanernasionalisme en ’n “lang Calvinistiese skadu” (27) waarvolgens ’n mens getroud moet wees voordat jy seks kan hê. Die verteller se beskrywings van eksplisiete seks word verder afgewissel met Bybelverse wat ironies inspeel op die lot, versoeking en beproewing van hoere. Die Bybelverse tussendeur herinner Brink (2004: 76) aan die wreedheid en seksualiteit wat die Bybel onderlê, ’n abjekte kombinasie van seks en religie.

Brink (2004: 76) waarsku dat ’n mens jou nie moet vas staar teen die amoraliteit van die teks nie. *Kontrei* handel ook oor die lewe van ’n man wat geheg is aan sy honde, sy plante en tuin, wat na sy geliefde se kind omsien, wat afgesny is van sy geliefde (Lungi) en nie met haar kan kommunikeer nie. Daar is selfverwyt, eensaamheid en desperaatheid teenwoordig om uit die siklus van seks te ontsnap, ’n soeke na orde wat keer op keer in chaos uitloop (Mputhing 2007: 5). So noem De Vries (2004: 8) dit “... one of the saddest books I ever read” en Hambidge (2004a: 13) noem dit ’n teks oor “ewige onvervulling”.

## 4.3 Merkers van maskuliniteit in die teks

Heelwat merkers van maskuliniteit kom in die teks voor en hoewel die kategorieë oorvleuel, sal daar gepoog word om hierdie merkers tematies te bespreek.

### 4.3.1 Die skryfproses as ’n soeke na maskuliniteit

Die verteller in *Kontrei* noem spesifiek dat hy die boek geskryf het om wraak te neem op sy geliefde, Lungi: “My revenge will be to fuck around and to WRITE about it” (35). Die verteller ervaar hulpeloosheid en magteloosheid teenoor sy geliefde omdat hy afhanklik van haar is, terwyl sy hom op ’n afstand hou. Deur wraak te neem, bemagtig hy homself as man en besweer hy sy afhanklikheid van haar. “Hoe meer ek rondfok, hoe meer skryf ek ...” (121). Die teks is terselfdertyd ’n strewe na die koherente storie van die self. Uiteindelik gee die verteller sy hegemoniese rol en status as broodwinner prys om eerder te skryf.

### 4.3.2 Taalgebruik

Die verteller se taalgebruik is fallosentries – ’n taal waarin die fallus die sentrum is wat alles oorheers en waar daar ’n inherent diskriminerende struktuur van taal teenoor vrouens is (Van der Merwe & Viljoen 1998: 156). Mag oor vroue word deur die verteller verkry deur op pejoratiewe maniere na seks te verwys: “stoot” (14), “die waatlemoen gesaag” (133), “gemielie” (207), “gewikste doos” (204), “[n]aai haar poes los” (164). Sodanige taalgebruik onderskryf die verteller se heteroseksualiteit onomwonde, soos ook waar hy op bladsy 98 na ’n “moffie” verwys. Na ’n vagina verwys hy as ’n “doos” (36), “poes” (69), “gespalkte braaihoender” (70), “skaamspleet” (105), “kont” (126) en “’n voos genaaide krieketbal, kompleet met spleet soos ’n gewikste doos” (204). “’n Bordeel is ’n fabriek waar vye ingemaak word,” skryf die verteller op bladsy 137.

Hoewel die verteller, binne die Afrikaner-patriargie, verskeurd is oor sy rol as WAM, is hy duidelik nog verknog aan Afrikaans as taal wanneer hy spelfoute in die graffiti agter ’n toiletdeur regmaak (64, 134).

### 4.3.3 Maskuliniteit en die plaasroman

Kenmerkend van die vroeë plaasroman in die Afrikaanse literatuur, kom die heroïese boerepatriarg as sentrale karakter binne die tekstipe voor (Van der Merwe 1994: 54). Vir Smit (2004: 9) is *Kontrei* ’n stadsroman met sy wortels in die platteland, waarin daar ingeskryf word teen die kodes van die ou Afrikaanse plaasroman en patriargale maskuliniteit. Vir Francken en Renders (2005: 182) ontleen die herskryf van die plaasroman hom tot ’n kragtige reaksie teen literêre tradisie – ’n opstand teen die vader, teen ou-testamentiese godsdiens, tradisie en ’n patriargale waardestelsel. In *Kontrei* is die boer se jagveld bordele, sy prooi swart prostitute (Hambidge 2004b: 6). Die verteller is ’n nuwe tipe Boer met sy penis as sy geweer, ’n “boer-in-beton” (Smit 2004: 9; Smith 2004: 9). Deur die plaasroman te herskryf, poog die verteller waarskynlik om sy maskuliniteit te herdefinieer.

Daar bestaan altyd binne ’n sekere kultuur of gemeenskap voorafopgestelde illusies oor hegemoniese maskuliniteit (Whitehead 2002: 214). Hoewel die verteller uitgediende waardes van Afrikaanse maskuliniteit verwerp – veral seks- en rastaboes – verwerp hy nie sy Afrikaansheid nie. Hy beskou homself steeds as ’n “boerseun” wat hou van sy braaivleis, sport, rockmusiek en drank (Smit 2004: 9). Hoewel hy voortdurend die taboe-grense van Afrikaner-maskuliniteit uitdaag, erken hy dat hy tog soms die behoefte het om na ’n geïdealiseerde maskuliniteit te streef. Op bladsy 33 fantaseer hy: “Ek lyk soos ’n Edgars-brosjure: elmboog op knie, kakebeen sterk, wange blink en skoen selfversekerd op die muurtjie langs my vuurwa.”

### 4.3.4 Maskuliniteit en seksualiteit

Die seksuele lewe van die vertellende subjek word tot ’n belangrike strukturerende beginsel in die teks verhef (Visagie: 2005: 228). Die verteller bieg deur homself oor en oor te herhaal in die teks. Die verteller is bewus daarvan dat hy ’n verslaafde oorgawe aan die herhalende roetine van liefdelose seks het: “[E]k is verslaaf aan die vanielje-opening van sjokoladevrouens ... help!” (74); “Doos is altyd in die pad” (90). Hy praat ook van sy

"... kompulsiewe gerondloop agter vog en vreemde vagina aan wat my lewe kompliseer" (197). Sy hele lewe draai om seks. Op bladsy 228 noem hy seks met prostitute 'n "... duur, meganiese gewoonte".

Brink (2004: 76) noem in sy resensie dat *Kontrei* dalk op die oog af soos 'n "geil naaikatalogus" lees, maar waarsku ook teen die paradokse wat in die teks omvat is. So, byvoorbeeld, verrig die verteller bedagsame huislike takies wat meer met vroulikheid geassosieer word. Hy behandel die prostitute wat hy besoek met respek en sê altyd daarna dankie (23).

i. Objektivering

Vir die meerderheid psigoanaliste is gender en seksualiteit intrinsiek verweef en onderhou hulle mekaar (Connell 1994: 13; Kaufman 1994: 146). Seks en seksuele prestasie is 'n belangrike rigtingwyser vir mans en hul maskuliniteit (Van Staden 1992: 81). Die verteller beskryf seks deurgaans in kompulsiewe, grafiese en eksplisiete detail. Elke prostituut by wie hy slaap, word resepmatig aan die leser voorgestel (waar hulle vandaan kom, hulle kamernommer, hoe hulle lyk). Die verteller sien fisiese aangetrokkenheid en intimiteit eksklusief in seksuele terme. In sy oë word vrouens doelbewus seksueel geobjektiveer en die aantal vrouens by wie hy geslaap het, dien as aanduiding van sy viriliteit en maskuliniteit, "'n mylpaalgevoel" (54). Sy gedrag sluit aan by 'n wêreldwye hegemoniese verskynsel dat vrouens as seksuele trofeë beskou word en as bevestiging van mans se seksuele vaardigheid en bravado dien (Brod 1990: 129).

Vir Brod (1990: 128) impliseer objektivering van 'n liggaam gedurende seks 'n self-bewuste distansiëring wat seks meganiseer en die intimiteit daaruit neem. Deur objektivering onderskryf die verteller die hegemoniese ideaal waardeur mans hulle moet distansieer van die emosionele vroulike. Om 'n man te wees, beteken om nie 'n vrou te wees nie (Kimmel 1994: 126). Dieselfde konstruksies wat gedurende die kinderjare ontwikkel waardeur seuns hul maskuliniteit opeis deur hul van die simboliese moeder te distansieer, hou hulle as mans emosioneel gevange.

Die objektivering van die vroulike liggaam het ook ’n effek op die verteller se siening van sy eie liggaam. Daar is ’n oordrewe fokus op sy genitalieë – sy “bloedwors” (14), “kokkedoor” (59), “’n makeshift lipstiffie” (135), sy “papegaai” (140) en die “grysstof” in sy “ballas” (144). Seks is dieselfde “performance”, dieselfde draaiboek oor en oor en die verteller se liggaam word ’n seksuele masjien. Deur sy kompulsiewe besoeke aan prostitute en die fokus op die seksuele, ooridentifiseer die verteller met die seksuele aspek van sy maskuliniteit. Met sy penis probeer hy sy identiteit skep. Uiteindelik word hy ’n parodie van maskuliniteit.

Die verteller wonder wel op bladsy 121 of dit die natuur is wat hom voortdryf van een vrou na die ander. Sentraal tot die biologiese siening is dat mans seks nodig het, altyd seks wil hê en dat hulle seksuele drange buite hul beheer is (Shefer & Ruiters 1998: 41). Hy probeer dan ook sy verhouding met Lungi vanuit ’n biologiese perspektief verklaar: *“Lungi seldom reaches out or surrender, and never admits guilt. I almost always have to bridge the gap. Does it have something to do with ovum that waits, sperm that moves?”* (182). Eerder as om sy innerlike wêreld te konfronteer, val die verteller terug op biologiese stereotipes van maskuliniteit (121). Daardeur maak hy homself ’n magtelose slagoffer wat nie beheer of keuses oor sy maskuliniteit kan uitoefen nie.

### ii. Intimiteit

Die verteller het ’n onvermoë om met vroulikheid op enige ander manier as seksueel om te gaan. “The culturally dislocated protagonist lives in emotional isolation,” stel Mputhing (2007: 5) dit. Die verteller het tog ’n behoefte aan intieme verhoudings as hy erken dat hy graag wil hê dat Lungi (sy geliefde) sy hele lyf moet bemin en nie net op sy genitalieë fokus nie (185). Hy hou van sagte eienskappe in ’n vrou en kla dat Lungi nie genoeg aan hom raak nie (8), dat sy meestal bot en stug is en selde emosies teenoor hom wys (52). Sy soeke na kontak is dan ook ’n soeke na harmonie, ’n strewe om verenig te word met sy Jungiaanse anima as hy sê dat hy verswelg wil word deur ’n vrou: “Ek wil myself nie sien nie, ek wil opgaan, verdwyn in die vrou, penis eerste” (164). Die macho-beeld van die verteller versplinter geleidelik soos hy na voltooiing soek totdat hy

uiteindelik homself vernietig as hy erken: "Dalk het ek onbewustelik naby die huis rondgenaai juis om uitgevang te word" (228). Die verteller moet sterf om homself te verwek (Van Staden 1992: 108).

Die emosionele distansiëring van die vroulike bring vir outeurs soos Alsop *et al* (2002: 50), Goldstein (1995: 19), Hambidge (2000: 211, 212) en Kaufman (1994: 148) gevoelens van vervreemding, emosionele isolasie en alleenheid mee. Die verteller is onkundig oor sy eie gevoelens en toon 'n irrasionele chauvinisme met 'n averse effek op intieme, betekenisvolle verhoudings. Wanneer hy wel een maal emosioneel by 'n prostituut betrokke raak, ondermyn dit sy mag as man en hy word impotent (94): "Dis gevaarlik om alleen saam met 'n vrou te eet; 'n intieme band vorm tussen julle" (80), merk hy op. Selfs die aksie van eet word as meer intiem as seks beskou.

Selfbewustheid kan ook lei tot vrees en aggressie wanneer die verteller in kontak met sy emosies gestel word. Hierdie emosionele ongemak word vir die verteller verwoord deurdat hy Frank Zappa aanhaal: "*Help, I'm a rock*. Dis hoe ek vandag voel: vol vibrasies, maar ek weet nie hoe om te beweeg nie" (44); "Ek kanaliseer my gestremde emosies deur my voël", voeg hy op bladsy 53 by.

Hoewel die verteller sy maskuliniteit voortdurend deur seks onderskryf, is hy tog bewus van 'n diepere behoefte. In 'n introspektiewe oomblik vra hy: "Gebruik ek seks as 'n ontvlugting? As 'n plaasvervangende aktiwiteit sodat ek netelige kwessies nie hoef aan te spreek nie? Probeer ek my eksistensiële vakuum met seks vul? Is dit nie vrugteloos nie? Ek werk net vir doos" (63).

iii. Vrees vir verwerping

Volgens Fromm (2004: 98) is seks altyd 'n toets waardeur 'n man sy prestige en waarde in die oë van die vrou moet bewys en behou. By prostitute is die verteller sonder vrees vir verwerping, sonder die vrees vir vernedering en die kritiese blik van 'n belangrike "ander". Inteendeel, sy maskuliniteit word voortdurend bevestig deur die vroulike blik

van prostitute as hulle hom prys: "You can fuck," komplimenteer een prostituut hom (19). En dan weer: "You know how to fuck" (107). "You fucked me nice" (86). "That was a real fuck" (179). "You've got the stuff, you can shake, you finished me" (207). Die teks wemel van soortgelyke geil opmerkings wat die verteller se "bose ego'tjie gestreel" word (195). Prostitute bewonder die verteller, sy libido, sy groot penis, sy ervaring en verskaf daardeur aan hom 'n konstante verheerliking van die fallus, wat hy selde by sy geliefde, Lungi, vind. Hy glo ook dat hy hulle seksueel bevredig, wat enige vrees vir vernedering uitskakel.

Sy maskuliniteit word dus voortdurend bevestig deur die blik van 'n "ander", maar hierdie bevestiging fokus slegs op die seksuele, wat die idee by die verteller mag skep dat sy maskuliniteit slegs van sy seksuele prestasie ("performance") afhang. Die onderskrywing van seksuele bekwaamheid word dan ook deur Shefer *et al* (2007: 3) as 'n sleutelkonsep vir suksesvolle maskuliniteit gesien.

### 4.3.5 Manlike diskoerse en paradokse

Maskuliniteit word deur 'n verskeidenheid magsdiskoerse in die samelewing onderhou. Diskoerse is selfonderhoudend in dieselfde sin wat dit selfondermynend is: dit gebruik selfondermyning vir selfonderhoud (Van Staden 1992: 24). Die bevestiging van maskuliniteit kom soms neer op 'n dubbelgekodeerde bevestiging van maskuliniteit, 'n gepaardgaande ondermyning en diepgaande fragmentering van die manlike subjektiwiteit. Slegs 'n paar teenstrydige diskoerse in hierdie teks sal bespreek word.

#### i. Seks teenoor intimiteit en gebondenheid

"My een muse is 'n hoer, die ander 'n huisvrou" (116), som die verteller een van die paradokse op wat sy maskuliniteit onderlê. En op bladsy 93 noem hy dat hy van hoere en huishenne hou, "... maar nie in dieselfde kwartiere nie". Aan die een kant wil hy emosionele intimiteit en gebondenheid hê; aan die ander kant verkies hy oppervlakkige emosies, 'n "intense in-en-uit-ervaring" (23). Deur by prostitute te slaap, is hy vry van die

verwagtinge van emosionele intimiteit of gebondenheid, dít waarna hy juis verlang as hy sê: "Die stiltes begin vat aan my. Ek beny paartjies wat uit dieselfde bord eet en lag en drink ..." (53). Oor emosionele kontak met sy geliefde sê hy: "Sy het 'n wonderlike vagina, maar die res van haar kom byna outisties voor. Sy raak nooit eerste aan my nie" (53).

Die verteller probeer die ambivalensie en paradoksale behoefte na afhanklikheid en onafhanklikheid hanteer deur kompulsiewe seksuele kontak. Hy kompenseer vir die leegte wat emosielose seks by hom laat deur nog meer emosielose seks te hê: "Looking to sex to fulfill what are really non-sexual needs, men end up disappointed and frustrated" (Brod 1990: 128). Die verteller erken dat sy orgasmes "... dikwels wit toue in 'n put van depressie" is (192). Hy is vasgevang in 'n herhalende proses van seks met prostitute waardeur hy probeer sin maak van sy gebrekkige intieme lewe. Hy maak dan die ironiese stelling: "Ek soek sagtheid in 'n vrou, en kry dit wel in hoere" (23).

ii. Mag teenoor magteloosheid

Diskoerse van mag en maskuliniteit word dikwels onderlê deur 'n onsigbare diskoers van magteloosheid wat destruktief op maskuliniteit inwerk. Die verteller se seks met prostitute is beide 'n uitdrukking van sy publieke mag teenoor vrouens, asook 'n uitdrukking van sy gebrek aan persoonlike mag. Hoewel hy homself in 'n magsposisie bevind en na prostitute as "prooie" verwys, erken hy ook dat hy waarskynlik die slagoffer is (22).

Hierin lê 'n paradoks deurdat swart prostitute, volgens die samelewingshiërargie, onder die mag van die verteller is, maar terselfdertyd is die verteller afhanklik van die bepalende en bevestigende blik van die prostitute (en alle vroue) om sy mag as man te behou. 'n Verdere paradoks kom voor deurdat seks met swart vrouens – as die historiese "ander" – vir die verteller 'n bevryding van die taboes van sy Afrikanerverlede is, maar terselfdertyd erken hy dat hy aan seks met swart vrouens verslaaf is (74).

Waar die verteller na onafhanklikheid en mag streef, ondermyn hy terselfdertyd sy mag deur sy afhanklikheid van die vroulike blik. So noem hy Lungi sy "warrior lover" (234); en "Ek slaap saam met die vyand" (77). Lungi se simboliese konneksie met die moeder maak haar die begeerde, maar sy is ook die een wat kan kastreer en verneder.

### 4.3.6 Politiek en velkleur

Diskoerse word dikwels wetlik gereguleer (Marais 2005: 59). Van die uitstaande wetlike diskoerse van die apartheidsorde wat diskriminerend was, is die Ontugwet, die Verbod op Gemengde Huwelike, die Groepsgebiedewet en die kriminalisering van homoseksualiteit (Du Pisani 2001: 169; Francken & Renders 2005: 176; Ratele 2009: 294; Roos 2006: 80). So word seksualiteit en maskuliniteit as 'n politiese uitvloeisel beskou, onderworpe aan weersprekende diskoerse en morele regulering (Steyn & Van Zyl 2009: 4).

Hiërargiese sosiale waardes is deur diskoerse in 'n samelewing ingeskryf, met die wit manlike liggaam wat as die hoogste geag op die sosiale ranglys voorkom (Steyn & Van Zyl 2009: 5). Swart prostitute word hiërargies nie hoog in die samelewing geag nie, maar beklee 'n sentrale posisie in *Kontrei.* Swart vrouens, en spesifiek swart prostitute, hou waarskynlik vir die verteller minder van 'n bedreiging vir sy maskuliniteit in, aangesien sy kanse vir vernedering en verwerping minder is. Die verteller noem dat hy nie kon voldoen aan die vereistes van wit vrouens nie (103).

Die verteller is trots dat hy, voordat dit wetlik aanvaarbaar was, seks met swart vrouens gehad het (55). Daardeur het hy in 'n groot mate weggebreek van die hegemoniese beeld van WAM's en daag hy die aanvaarbare, gevestigde norme en waardes vir WAM's se maskuliniteit uit. Hoewel hy die patriargale stelsel van Afrikaners en WAM's se maskuliniteit uitdaag deur swart prostitute te verkies, faal hy egter deurdat hy steeds 'n viriele, manlike stereotipe van hegemoniese maskuliniteit navolg. Die ondermyning van die verteller se maskuliniteit is in hierdie geval eerder destruktief as polities bevrydend; 'n ondermyning en sabotasie van homself.

### 4.3.7 Die versaking van die Christelik-nasionale familie en die patriarg

*Kontrei* is in briefvorm aan die verteller se tweelingbroer, Sarel, gerig. Mputhing (2007: 5) verwys na die "... sibling rivalry and strict male-dominated upbringing" van die verteller en sy broer. Sarel was in alle opsigte eerste, behalwe dat die verteller die kleurgrens eerste oorgesteek het (5). Dit is deur sodanige tipiese wedywering waardeur maskuliniteit deur ander mans goedgekeur en bevestig moet word: "Manhood must be achieved. It must be validated by other men; women cannot validate manhood" (Kimmel & Kaufman 1994: 266).

Saam met die verteller se broer, is die vaderfiguur belangrik in die bevestiging van sy maskuliniteit. Die stereotipiese simbool van WAM's se maskuliniteit is vir Viljoen (2003: 51) in die vaderfiguur omvat. Die verteller se vader is die beliggaming van maskuliniteit gegrond op ou Calvinistiese waardes en Afrikanernasionalisme – hy is streng, polities konserwatief en Calvinisties (98, 101). As deel van die verteller se Christelike opvoeding is bepaal dat voorhuwelikse seks en masturbasie verbode is (127). Die verteller haal gereeld Bybelverse oor prostitusie aan, waardeur seks en religie vir hom op 'n soms komiese manier vervleg word.

In 'n onlangse studie van die Afrikaanse literatuur wys heersende diskoerse daarop dat die vader sedert die politieke omwentelinge van die negentigerjare nie noodwendig meer as die eksklusiewe beliggaming van mag in die Afrikaanse familiestruktuur beskou word nie (Visagie 2004: 82, 83). Dit is deels te wyte aan 'n algemene wantroue teen die vorige generasie en 'n opstand teen die vader (Hambidge 2004b: 6). In verskeie prosatekste in Afrikaans word die vaderfiguur ondermyn en as die vernaamste versinnebeelding van apartheidspatriargie beskou, wat 'n oordrag van ideologiese waardes van vader na seun onmoontlik maak. Klassieke voorbeelde sluit die tekste van Koos Prinsloo (*Jonkmanskas*, 1982) en Mark Behr (*Die reuk van appels*, 1993). 'n Paradoks kom voor deurdat daar van WAM's verwag word om met ouer WAM's soos hul vaders te identifiseer, terwyl hulle terselfdertyd aangemoedig word om die progressiewe maskuliniteit van die "nuwe man" na te volg (Shefer *et al*. 2007: 3).

As ’n gemoderniseerde Afrikaanse Oedipus, wil die verteller in *Kontrei* sy pa en die ou stel waardes wat hy verteenwoordig, dood hê en die falliese Wet van die Vaders ongedaan maak. Die verteller verwerp egter nie sy Afrikanerkultuur in totaliteit nie. Hy beskou homself as ’n “verloopte Boer” (125) met ’n onvermoë om sy nostalgiese jeug met die hede te versoen, soos deur Hambidge (2004b: 6) uitgewys. Ironies sê een van die prostitute dan ook aan hom: “Julle Boere naai darem maar lekker” (154). Dit is juis deur seks met swart vrouens wat hy die taboe-grense van WAM’s se hegemoniese maskuliniteit en die Wet van die Vader uitdaag. Sy pa reageer krities, met ’n Calvinistiese verwysing, toe die verteller met ’n swart vrou trou: “Jy het my aan ’n kruis vasgespyker” (113). Sy pa se reaksie nadat hy van haar skei, sluit aan by die pa se vorige uitlating as hy sê: “Goddank” (113). Een van die redes waarom hy swart vrouens verkies, noem hy dan ook op bladsy 16: “Die bruin en swart mense het meer fun as ons wittes. Hulle kasty hulself nie so oor hul bestaan en ontstaan en sogenaamde gebore-in-skuld nie” (161). So ontsnap die verteller dan van die “... lang Calvinistiese skadu van opvoeding ...” (27) wat deur sy vader gelaat is.

Deur die verwerping van die Wet van die Vader het die verteller egter sy wegwyser na die fallus, dit wat hom kan vervul, verloor. Die fallus van die vader is nie die visie waarmee die verteller wil assosieer nie, want die fallus word in daardie geval met apartheid en rassisme geassosieer. Die verteller soek voortdurend na ’n heelheid, die herstel van die toestand voordat simboliese kastrasie deur die vader plaasgevind het. Volgens die kandidaat is dit die konflik tussen die verteller se penis en die fallus, tussen die werklike en simboliese vader, wat hom reddeloos laat ronddobber van een vrou na die ander. ’n Sekere weerloosheid omvou die verteller waar hy, afgesny van intimiteit, sy maskuliniteit probeer bevestig deur kompulsiewe seks met prostitute, waar hy ’n leegheid probeer vul met ’n illusie van heelheid. Die gevoel van ’n onvervulde leegte, ’n ongemaklike dringendheid en afhanklikheid, is die basis van seksuele verslawing, ’n afwyking wat die “obsessive pursuit of sexual conquests” impliseer (Brod 1990: 128). “Die fallus, in Lacan se terme, is nie meer die transendentale betekenaar nie” sê Hambidge in ’n resensie van *Kontrei* (2004a: 13). Die verwysing na die fallus en die vader bevoordeel die manlike subjek in sy strewe en begeerte na ’n terugkeer na die

volheid wat voor kastrasie-angs bestaan het, ’n gelykstelling tussen penis en fallus (Visagie 2004: 56).

As deel van die verteller se soeke na heelheid, probeer hy ook sin skep deur na sy herkoms te kyk. Hy beskou homself nie meer as deel van ’n stam nie en voel ingeperk (53). Hoewel hy hom steeds met die Afrikaanse kultuur identifiseer, voel hy wrewelrig teenoor eng Afrikaners (54). Vir Hambidge (2004a: 13) is Lacan se “naakte ek” (“naked I”) ’n weerlose manlike subjek, soekend na sy herkoms om sin aan sy hede te gee. Daar is ’n groot kontras tussen die verteller se familie waarin hy grootgeword het en sy nuwe, swart familie wat hy deur Lungi bekom het. “Hy sal die piep kry as hy sien hoe ek soms pap en vleis saam met swart Afrikane met die hand eet” (38), merk die verteller van sy pa op. Die wêreld van die vader bied nie meer ’n sinvolle toekomsperspektief nie en ’n jonger generasie WAM’s het ’n wantroue in die morele waardes van ’n ouer geslag ontwikkel (Francken & Renders 2005: 180; Roos 2006: 50).

Hoewel die Afrikanerkultuur nie meer deel van sy daaglikse verwysingsraamwerk is nie, ervaar die verteller wel aanpassingsprobleme in die oorwegend swart Yeoville waar hy woon (Visagie 2005: 238). Hy is ’n ewige buitestander, gedeeltelik ontheg van sy eie kultuur se beskouings van maskuliniteit, wat aanvaarding binne ’n ander etniese groep se omskrywing van maskuliniteit soek. Hy kry wel aanvaarding binne die swart kultuur wanneer ’n prostituut sy seksualiteit en maskuliniteit bevestig deur te sê: “Your cock is strong like a black man’s”(166).

### 4.3.8 Geweld en vuurwapens

Hegemoniese machogedrag en ’n oordrewe seksualiteit en seksdrang word deur Shefer *et al* (2007: 3) met gender-gebaseerde geweld geassosieer. Die verteller in *Kontrei* wys makliker aggressie as enige ander emosie. Hy stamp vir Lungi en sê: “... sit op jou gat, ek wil met jou praat” (13). Patriargale geweld is ’n desperate poging waarop mans mag, sosiale kontrole en beheer oor vrouens wil neem (Artz 2009: 173, 175; Hearn 2007: 19). Vir Middleton (1992: 123) word patriargale geweld aan die konstante onderdrukking van

emosies gekoppel. Op bladsy 51 slaan hy Lungi met ’n sambok omdat sy “cheeky” is. Die verteller beskou haar “cheeky” houding as ’n bevraagtekening en uitdaging van sy maskuliniteit en hy probeer haar met geweld in ’n patriargale rol terugdwing.

Te midde van sy magsvertoon verwys die verteller egter ook na die “... natural superiority of women” (17). Onder sekere omstandighede word geweld as mag ervaar, onder ander omstandighede as magteloosheid (Gibson & Lindegaard 2007: 143). Daar is reeds na die paradoks van mag teenoor magteloosheid verwys onder 4.3.5 (ii), ’n dubbelkodering waar die verteller deur geweld probeer beheer neem oor sy verhouding, maar juis daardeur sy selfbeheersing verloor en sy verhouding ondergrawe.

Binne die ooglopend magsgesentreerde diskoers van geweld, word die hoofkarakter ’n parodie van homself. Te midde van ’n gewelddadige uitbarstings loop hy met sy “rollie” (15) rond en vuur op mense wat in sy sitkamer handuit geruk het (11). Sy rewolwer is vir hom ’n magsvertoon in die aangesig van magteloosheid (211). Seks, vuurwapens en geweld word gekombineer in sy stelling: “’n Holster het ook skaamlippe” (136). Waar Cock (2001:43) en Du Pisani (2001: 164) beweer dat al hoe meer WAM’s geweld beskou as ’n geregverdigde manier om huislike konflik op te los, vind die verteller sy gewelddadige optrede nie aanvaarbaar nie en noem hy homself ’n “verfoeilike moer” (51).

Wanneer Lungi die verteller se maskuliniteit verwond, hom verneder deur self ontrou aan hom te wees, reageer hy met jaloesie en geweld. Hy klap haar teen die kop en bevestig sy maskuliniteit deur te sê: “Yes, I’m a fokken Boer, pasop!” (230).

4.3.9 Sport

Soos algemeen binne die fratriargie van mans voorkom, is sport ’n samebindende faktor en word dit dikwels as substituut vir sosialisering gebruik (35). Van kindsbeen af moes hy aan sport deelneem en ’n ambisie wat hy met maskuliniteit verbind is om ’n bal by ’n Springbokoefening sekuur in ’n lynstaan in te gooi (87). Daar is gereeld verwysings na

sport in die teks (35, 41, 87, 194, 227). Die verteller sosialiseer meestal in kroeë waar hy sport kyk en met vreemde mense en vriende geselsies aanknoop, (24, 57), sy "drinkebroers (107) met wie hy rugby praat en poel speel (109). Kroegetes bring vir hom net 'n tydelike verligting van alleenheid en verveeldheid, noem hy op bladsy 142. Selfs in tye waar emosies meer van pas sal wees, val hy eerder terug op sportverwysings (227). So het hy seks met 'n prostituut terwyl hy sport kyk (42), 'n maklike manier om homself van enige emosies wat met seks gepaard gaan, te distansieer.

Soos alles in sy lewe, word selfs sport met seks verbind, soseer dat hy selfs die naat van 'n krieketbal vergelyk met die "... spleet van nog 'n gewikste doos" (204).

4.3.10 Hoë-risiko gedrag en drankmisbruik

Die verteller se ingesteldheid op hoë-risiko gedrag blyk uit sy tallose besoeke aan bordele en sy gereelde drank- en daggamisbruik. Seks met swart prostitute hou altyd vir die verteller 'n mate van gevaar in en dit word as 'n avontuur beleef. "Is rondfok net 'n plesierige manier om gevaarlik te lewe?" vra die verteller op bladsy 121. Hy noem spesifiek op bladsy 55 dat hy by 'n swart vrou geslaap het voordat die Ontugwet herroep is en hy loop die konstante risiko om deur Lungi uitgevang te word. Vir Hearn (2007: 17) is hoë-risiko gedrag 'n vorm van geweld teen die self. Daar is by die verteller in *Kontrei* egter nooit 'n totale oorgawe aan die manlike rol van heldhaftigheid en hoë-risiko gedrag nie – hy gebruik meestal kondome.

In die verteller se toestand van vervreemding van homself en sy wêreld, is hoë-risiko gedrag vir hom 'n manier om met sy emosies in kontak te kom, sy manier van uitreik na die mensdom (121). Hierdie gedrag gaan met drank en dwelmmisbruik gepaard. "Asseblief, ek het vanaand arms om my nodig," sê hy nadat hy LSD geneem het (197). Die verteller se emosies is meer intens as hy dagga rook en hy huil as hy na musiek luister (104), iets wat hy homself nie onder gewone omstandighede sou toelaat nie. Drank en dwelms verskaf een uitweg uit die hegemoniese beperkinge wat aan die verteller deur die samelewing gestel word.

## 4.4 Samevatting

*Kontrei* is ’n plaasroman wat in ’n stad afspeel, met ’n jagter wat homself meer as ’n prooi sien en homself verstrengel in paradokse van mag en magteloosheid. Die soeke na die self word deur Hambidge (2004b: 6) as een van die obsessies van die protagonis gesien. Die verteller is so vasgevang in teenstrydige diskoerse van mag dat hy hom kompulsief tot seks met swart vrouens wend. Die oorheersende merker waarom die verteller sy maskuliniteit eensydig gekonstrueer het en voortdurend bevestig, is seks. “Die woord ‘naai’ kan ’n mantra wees”, sê hy op bladsy 61. Sy optrede as man en sy draaiboek is alles seksueel van aard. Dit blyk dat sy maskuliniteit, wat hy hoofsaaklik in terme van seksualiteit definieer, hom daarvan weerhou om ’n betekenisvolle manlike rol uit te leef en hom net verder laat vasval in paradokse van hegemoniese maskuliniteit. Deur ’n belydenisroman te skryf, reik die verteller uit na verlossing van sy seksuele obsessie (Visagie 2005: 231).

Die verteller is vervreemd en ontheg van homself, sy emosies, sy familie en kultuur. Die beeld van die patriargale vader (ook die simboliese vader wat die apartheidstelsel verbeeld) het versplinter. “’n Gevoel van verdwaaldheid in ’n wêreld wat – veral deur kompulsiewe seks – saamgehou móét word, anders vlieg alles in sy moer”, merk Brink (2004: 76) oor *Kontrei* op.

*Kontrei* is ’n intense, dog onvolmaakte poging van die verteller om tot insigte te kom. Hy is soekend na ’n fallus om sy emosionele leegte as man te vul, om die veelvuldighede en paradokse van sy maskuliniteit te verenig. Sy soeke na sy identiteit as ’n WAM lê in die toenadering wat hy by swart vrouens as die historiese “ander” soek, en waardeur hy hom terselfdertyd distansieer van sy opvoeding, religie, sosialisering en die uitgediende Wet van die Vaders. Vir Isaacson (2006: 18) ondersoek die verteller die “edges of alienation”. Brink (2004: 76) vra tereg of seks vir die verteller ’n komplisering of vereenvoudiging van sy lewe is.

# HOOFSTUK 5

## Maskuliniteit in *Om na ’n wit plafon te staar*

### 5.1 Inleiding

*Om na ’n wit plafon te staar*, deur Jaco Kirsten, word in 2009 deur Tafelberg gepubliseer (Vervolgens sal daar na die titel slegs as *Wit plafon* verwys word). Kirsten beskryf dit as ’n allegoriese, satiriese roman (De Vries 2009: 10). Die manlike karakters in *Wit plafon* is deur ’n resensent as macho, konserwatief en arrogant beskryf, tekenend van WAM’s, wat tot heelwat polemiek gelei het (Coetzee 2009: 5; Marais 2009: 4). Vir Coetzee (2009: 5) raak die boek al die geliefkoosde gespreksonderwerpe van WAM’s aan, wat sy dan opnoem: “hoe dom/belaglik almal is wat nie soos ons is nie; weermag- en oorlogpraatjies; vroulike lywe en manlike wellus, oneroties en skoolseunagtig beskryf.” As satire vind Marais (2009: 4) dit ook nie besonder snaaks nie. Die skrywer, Jaco Kirsten, noem *Wit plafon* egter ’n morele boek waar waardes ter sprake kom en bevraagteken word (De Vries 2009: 10). So skryf Kirsten (2009b: 20) in ’n rubriek in *Die Burger*: “Uiteindelik is ek tegelyk ’n agent van verandering, sowel as die produk van apartheid, goed én sleg. Ek bevind my ... so effens in ’n eksistensiële niemandsland. En dít, skat ek, is die storie van my geslag se Afrikaners.” Dan, amper as ’n pleidooi, voeg hy by: “Dis waarskynlik nie ’n mooi storie nie, maar dis ál wat ek het.”

### 5.2 Opsomming van teks

*Wit plafon* is ’n satiriese teks waarin daar van “spotprentagtige karaktertekening” gebruik gemaak word (De Vries 2009: 10). Swakhede van karakters word oorbeklemtoon en vergroot. “... [D]ie boek werk soos ’n spotprent met ’n storie,” noem Kirsten in ’n onderhoud aan Willem de Vries (2009: 10). Die sterkste temas in die teks is, volgens Kirsten, die hantering van regstellende aksie en diversiteit in die werkplek ná 1994 (Malan 2009: 12).“Wit mense is gelooi, veral die wit man,” sê Kirsten (Malan 2009: 12).

Die hoofkarakter, ’n polities niekorrekte motorjoernalis (Lourens Erasmus) is, soos die meeste van die ander karakters in die boek, op stereotipes gegrond. Hy is ’n WAM, diep in die dertig, kort tevore geskei. Lourens raak verbitterd omdat hy voel dat hy, as WAM, te na gekom word en dat daar teen hom gediskrimineer word deur die nuwe regering. In ’n resensie noem Coetzee (2009: 5) dit “... sy vreugdelose, hopelose gekla en geteem.” Hy is verbitterd oor sy lewe, sy werk en sy land, wonder waar hy inpas en het ’n troostelose toekomsvisie vir Suid-Afrika. Binne die swart ekonomiese bemagtiging van Suid-Afrika ervaar hy homself as magteloos. Hy weet ook nie meer of hy mag trots wees op sy verlede nie, veral op die tyd wat hy in die SAW as valskermsoldaat spandeer het. Hy vind dat sy geskiedenis as WAM en sy tyd in die SAW deur ander genegeer word om meer polities korrek voor te kom.

Dan word Lourens gevra om ’n boek te skryf, maar die uitgewers, Orca, verwar hom met ’n kunsredaksielid, Laurens Erasmus. Die uitgewer kom haar fout te laat agter en Lourens begin werk aan sy boek. *Transformasie-medikasie* handel oor ’n professor wat ’n middel, Tirasinol, ontdek wat jou velkleur van wit na swart kan verander. Hierdie teks, Lourens se opdragverhaal en ’n satire op die Suid-Afrikaanse regering se transformasiebeleid, kom as metateks voor binne die konteks van Lourens se lewensverhaal. Die metateks onderskryf die tema van die hoofteks, waar dit meer voordelig is om ’n swart man as ’n WAM in Suid-Afrika te wees. Indien WAM’s hul velkleur deur die gebruik van Tirasinol kan verander, word daar in die metateks gespekuleer dat die ANC nie meer gaan weet wie by regstellende aksie moet baat vind nie, en enige polities korrekte persoon of instelling sal met agterdog en aggressie bejeën word. Een van die karakters, Hetta, verwys na Lourens se boek deur te sê “... dit rip transformasie, affirmative action en equality totally af” (105). Op bladsy 109 noem sy dit ook “subliminal racism.”

As WAM kan Lourens nie deur die wit plafon bo hom breek nie, vandaar die dubbelsinnige titel van die boek, wat verwys na WAM’s se toenemende onvermoë om verder in hul loopbaan te vorder as gevolg van regstellende aksie. Lourens verduidelik dan ook die titel op bladsy 205: “Well, I feel that we’ve reached a stage where whites have reached a ceiling in this country. A white ceiling, so to speak.” Dit word uiteindelik

’n bloedbespatte plafon as een van die manlike karakters, Braam, selfmoord pleeg omdat hy op vervroegde pensioen moet gaan (217).

Deur die roman te skryf, onderneem Lourens, volgens die flapteks van die boek, nie net ’n reis op soek na ’n voltooide roman nie, maar ook na homself en sy plek in postapartheid Suid-Afrika.

## 5.3 Merkers van maskuliniteit

Heelwat merkers van maskuliniteit kom in die teks voor en hoewel die kategorieë oorvleuel, sal daar gepoog word om hierdie merkers tematies te bespreek.

### 5.3.1 Die skryfproses as ’n soeke na maskuliniteit

Soos die verteller in *Kontrei*, noem Lourens dat hy om ’n spesifieke rede skryf. Op bladsy 67 het Lourens vir die eerste keer in jare weer ’n doel toe hy besluit om die boek te skryf, wat hom verward en verlig laat voel (97). Vir hom bied skryf ’n geleentheid “... om homself te herskep as iemand met ’n toekoms” (96) en op bladsy 163 beskou hy die boek wat hy skryf as ’n moontlike keerpunt in sy lewe. Die skryfproses op sigself, waardeur Afrikaner-nasionalisme gedekonstrueer word in stereotipes – as’t ware strokiesprente – word vir Lourens ’n herbevestiging van sy maskuliniteit as WAM. Die teks dien as fallus vir Lourens om die leemte in sy psige te vul.

Lourens sien skeppende skryfwerk oorwegend as ’n vroulike aktiwiteit. Hy merk op: “As vrouens oor mislukte liefde skryf, kry hulle simpatie. As mans dit doen, dan sê hulle dis omdat hy óf ’n swakkeling óf ’n doos is” (58). Die uitreiking na sy vroulike kant, sy anima, deur sy skryfwerk, laat hom selfbewus en skaam voel. Hy beskou sy selfbeeld as te broos om weg te breek van die sosiale druk waaronder mans, volgens Goldstein (1995: 75), verkeer om hul emosies te onderdruk en volgens genderrolle op te tree. “Mans kan wel goed skryf oor seks en promiskuïteit, maar dan moet jy geen skaamte hê nie. Soos Kleinboer”, noem een van die karakters op bladsy 58.

### 5.3.2 Taalgebruik

Wanneer mans hul gender "perform" of opvoer, is taalgebruik deel van die opvoering. Irigaray verwys na die inherent diskriminerende struktuur van taal teenoor vrouens (Buchanan 2010: 254; Van der Merwe & Viljoen 1998: 154). Taal is dan ook een van die bepalende elemente in die konstruksie van maskuliniteit in interaksie met kollektiewe identiteit (Viljoen 2002: 23).

Die pejoratiewe verwysings na vrouens in *Wit Plafon* word deur Coetzee (2009: 5) as "die stem van sommige wit Afrikanermans" getipeer. Lourens en sy vriend, MJ, verwys na vrouens as "wippe" (98), praat van hul "lekker tiete" (11, 144) en dink gedurig net "aan doos" (144). Deur sodanige taalgebruik word eenvoudige binêre kategorieë van gender onderhou, gender as 'n fisiese realiteit gesien en verskille tussen mans en vrouens beklemtoon, meestal op 'n hiërargiese manier waardeur heteronormatiwiteit bevestig word. Omdat maskuliniteit vir psigoanaliste op verwerping van die vroulike berus (Kimmel 1994: 127), kan gespekuleer word dat oormatige manlike taalgebruik dien om afstand vanaf die vroulike te skep.

### 5.3.3 Maskuliniteit en die jagverhaal

Daar is twee oorwegend manlike verskynsels waarin konflik en geweld altyd teenwoordig is, naamlik oorlog en jag (Visagie 2004: 107). Die jagter en avonturier is vir Visagie (2004: 106) een van die histories deurlopende temas in Afrikaanse literatuur, soos onder 3.2.3 bespreek. Om jag te maak – hetsy in 'n oorlogsituasie of op diere – gee volgens Schwenger (1984: 102) uitdrukking aan 'n nostalgie vir 'n argetipiese soort maskuliniteit wat gekenmerk word deur eenvoud en fisiese avontuur. Vir Visagie (2004: 17) is jag deel van fratriargiese gedrag waar WAM's hunker na 'n onskuldige preadolessensie toe rowwe speletjies en pret nog toelaatbaar was.
Lourens, wat op die grens die jagter was, voel asof hy aan 'n bedreigde spesie behoort (90). In die bosoorlog het Lourens se status as WAM van hom 'n jagter gemaak, nou

maak dieselfde status van hom ’n prooi. Die simboliek van jag bevestig vir Beuke-Muir (2001: 6) die kwesbaarheid van die man. Die “jagveld” het verander en die jagter het die prooi geword in ’n herskrywing van die patriargale jagverhaal.

### 5.3.4 Maskuliniteit en militêre diensplig

Een van die bepalende kenmerke van WAM’s se maskuliniteit gedurende die sewentiger- en tagtigerjare was die verrigting van militêre diensplig en die bosoorlog (Visagie 2004: 60). Maskuliniteit is diep geïntegreer in militêre instansies wêreldwyd. Connell (2000: 41) noem dat imperialisme en kolonialisme beide “gendered” prosesse is en dat dit dikwels meebring dat die gekoloniseerde en kolonialis binne een leeftyd die rolle van beide die sogenaamde “insider” en “outsider” in die samelewing beklee (Uskalis 1998: 247). Vir die kandidaat is hierdie stelling van toepassing op alle Suid-Afrikaners, insluitende WAM’s.

’n Groot deel van Lourens se belewing van sy manlike subjektiwiteit is afhanklik van sy ervaring as valskermsoldaat in die SAW. Reeds op skool, ’n belangrike sosialiseringsagent, is die skakel tussen maskuliniteit en militarisme gemaak (96). In Lourens se woonstel is ’n plakkaat teen die muur: “Be a man among men. The Rhodesian Army” (14). In *Ek stamel ek sterwe* (Venter 2005: 24) sê ’n vader ter afskeid aan sy seun wat grens toe gaan: “Dis jou groot kans, man, maak die beste daarvan, die army gaan ’n man van jou maak.” Lourens se weermagdae is inherent en onherroeplik deel van sy belewing van sy maskuliniteit. Sy vriend, MJ, sê vir hom: “Fok, Lourens, mens kan jou uit die army haal, maar mens sal nooit die army uit jóú kan haal nie” (125). Lourens maak die volgende verkleinerende stelling waardeur hy mans wat nie diensplig gedoen het nie se maskuliniteit betwyfel: “Watter useless, kak bliksem moet jy nie wees om vir jou diensplig vir twee jaar in die Lugmagkoor te sing nie? ... en met varsity girls te probeer score – dis nou, bygesê, as jy enigsins belangstel in seks met meisies ...” (10). Soldaatwording en manwording is vir Steyn (1999: 20) onlosmaaklik verbind.

Lourens se grensherinneringe versterk die mitologiese verbinding tussen maskuliniteit en weermagbetrokkenheid, soos deur Steyn (1999: 6) uitgewys. Aan die ander kant kontrasteer sy herinneringe met grensliteratuur soos dié van Alexander Strachan (1984), wie se tekste nie skroom om die genadeloosheid, wreedheid, terreur, hartseer en dood wat met die bosoorlog gepaard gegaan het, te omskryf nie. Op die flapteks van Strachan se *'n Wêreld sonder grense* (1984), noem Hennie Aucamp dat 'n vraagteken geplaas moet word "... by die ou cliché dat jy army toe gaan om 'n man te word". Lourens dink egter nie dat die tyd wat hy in die SAW was, 'n "slegte idee" was nie (91). *Wit plafon*, in teenstelling met grensliteratuur wat meestal krities na die oorlog kyk, beskou militêre diensplig en die oorlog meer in terme van behoudende waardes wat tipies met maskuliniteit geassosieer word, 'n fratriargie waar waardes soos kameraadskap, heldhaftigheid en avontuur belangrik is. Hierdie waardes herinner aan die mitologiese volksverhale en heroïese idealisme van WAM's as jagters en krygers in vroeëre literatuur.

Gemilitariseerde geweld en maskuliniteit word voortdurend bevestig deur 'n bewonderende blik van "ander." Lourens onthou hoe die SAUK pas gesneuwelde dienspligtiges se name op die skerm vertoon het om hul heldhaftigheid te eer (96). Waar Lourens aanvanklik die blik van "ander" as bewonderend en ter bevestiging van sy maskuliniteit ervaar het, het hierdie blik ná 1994 verander na afkeurend en ondermynend. Roos (2006: 51) verwys na 'n "Boer bashing" waarby die volgende opmerking van Lourens aansluit: "As jy teen 1994 ouer as 20 was, het jou hande as't ware met bloed gedrup ..." (88). Lourens is bekommerd oor wat mense gaan sê as hulle hoor dat hy die grens geniet het (56). Sy genegeerde militêre geskiedenis en vervreemding van "ander" laat hom sonder 'n rigtinggewende fallus. Op bladsy 116 beskryf hy hoe hy 'n militêre uniform van 'n valskermsoldaat in 'n pandjieswinkel vind – 'n simbool van die gevalle maskuliniteit van WAM's.

Lourens is dikwels nostalgies oor die verlede, toe 'n meer stabiele maskuliniteit gehandhaaf is. Saam met nostalgie is daar ook skuldgevoelens, wat Lourens 'n "Calvinistiese gekots" noem (17), "'n uitgestelde boetedoening" waarvolgens jy betaal

wat jy voorheen geniet het (17). Skuld het deel geword van WAM's se maskuliniteit. Lourens wonder hoe dit sal voel om vry te wees, "[v]ry van verwyte. Vry om jou sê te sê, sonder dat een of ander dimwit jou mening as rassisties afmaak" (204). Lourens is moeg om verwyt te word vir alles wat verkeerd is in Suid-Afrika (137).

i. Vrees

Shefer *et al* (2007: 3) assosieer hegemoniese maskuliniteit met 'n gedwonge vreesloosheid. Hierdie vreesloosheid dwing mans om deel te neem aan 'n lewenslange saga om nie te misluk nie. Vreesloosheid moet konstant bewys word (Middleton 1992: 214). Lourens se vrees vir vernedering en spot weeg waarskynlik swaarder as sy vrees om moontlik sy lewe te verloor, vandaar sy identifikasie met die heroïese optrede wat met maskuliniteit en oorlog geassosieer word. Lourens vertel dat hulle graag met SWAPO wou kontak maak, hoe jong soldate gehoop het om hul "eerste koppe" te kry (171), hoe hulle die "sewe soorte kak" uit die SWAPO-soldate geskiet het (92) en hoe een van die vyand koelbloedig doodgeskiet is, "sommer net so" (93). "We are ashamed to be afraid", sê Kimmel (1994: 131). "Our fear is the fear of humiliation."

Ironies genoeg het Lourens se militêre diensplig uiteindelik wel tot vernedering gelei, een van mans se grootste vrese – "die vernedering om vir alles geblameer te word" (143). Sy dae in die weermag het irrelevant geword (116), sy militêre geskiedenis is genegeer. 'n Gedeelte van sy maskuliniteit word ontken. Die fallus bring nie meer vir hom heelheid en mag in sy lewe nie. "Hy wens hy kan alles vergeet. Niemand praat meer oor hulle militêre verlede nie. Wat is die nut daarvan om nog sulke dinge te onthou as almal die onderwerp vermy?" (96).

Van Staden (1992: 91) maak die stelling dat vrees behandel kan word deur daaroor te skryf. Dit is dan ook wat Lourens doen – hy skryf oor hoe angstig hy sy manlike subjektiwiteit ervaar en vind daarmee 'n fallus. Die vrees om uit 'n vliegtuig te spring is net so groot soos die vrees om 'n boek te publiseer, 'n vergelyking op p 174 waardeur hy

poog om sy lewe as WAM te integreer met WAM's se geskiedenis in Suid-Afrika – albei handelinge is vir hom 'n bevestiging van sy maskuliniteit, 'n oorwinning oor vrees.

ii. Intimiteit

Waar 'n gewapende konflik voorkom, soos wat die geval in Suid-Afrika was, is daar altyd 'n opsetlike kultivering van manlike hardheid en geweld (Cock 2001: 51; Connell 2000: 51; Xaba 2001). Vir Van Staden (1992: 147) bring 'n oorlogsituasie omtrent sonder uitsondering die vervreemding van die soldaat van die samelewing mee. Hierdie hardheid en vervreemding bring 'n verdere distansiëring van die simboliese moeder mee, asook alles wat met vroulikheid geassosieer word. Die wegvlug vanaf die vroulike domineer Lourens se lewe en is tekenend in alles wat hy doen. Dit is juis die verwerping en distansiëring van intimiteit (die vroulike) wat die manlike psige des te meer breekbaar maak (Kimmel 1994: 127). Gibson en Lindegaard (2007: 136) en Kimmel (1994: 132) noem spesifiek dat mans neig om hulle van intimiteit, empatie, medelye, versorging, toegeneentheid, afhanklikheid en ontvanklikheid te distansieer. Die meeste van Lourens se verhoudings is platvloers en oppervlakkig en word voltrek binne die "male bonding" van 'n fratriargie. Hy erken ook dat hy swak is met menseverhoudings en eerder motorfietse verkies (33). Sy maskuliniteit word in 'n mate afgemaak as onsigbaar vir homself, 'n afwesige inwaarts gerigte manlike blik aangesien hy eerder 'n hegemoniese siening van sy maskuliniteit aanhang en nie in voeling met sy emosies wil wees nie.

Tog noem hy verskeie kere dat hy alleen voel, tot op die punt van ongemaklikheid (110). 'n Lacaniaanse leegte is teenwoordig in die rusteloosheid van die karakter, sy gevoel van buitestaanderskap: "Wat is die nut van die wit man in Afrika, het Lourens gewonder ..." (103).

Op bladsy 170 vind hy dat hy hierdie leegte met sy skryfwerk, wat hy inherent as 'n vroulike aktiwiteit beskou, kan vul. Daardeur bevry hy homself uit die tronk van sy eie manlike rol.

### 5.3.5 Manlike diskoerse en paradokse

In die samelewing is diskoerse selfonderhoudend, maar terselfdertyd selfondermynend (Van Staden 1994: 24). Dominante diskoerse kom dikwels as natuurlik voor, slaag daarin om onsigbaar te bly en skuil onder ’n vaandel van universele normaliteit (Lemon 1991: 7; McLeod 1998: 219; Rowlands *et al,* 1998: 8). Hierdie diskoerse se mag lê juis daarin dat hulle die feit verbloem dat hulle slegs een van baie verskillende diskoerse is.Waar sekere diskoerse ten opsigte van maskuliniteit bevestig word, is die gepaardgaande ondermyning en diepgaande fragmentering van die manlike subjektiwiteit ook teenwoordig.

#### i. Die held teenoor die vyand

Militêre diensplig staan georganiseerde geweld voor en gewelddadige optrede word as aanvaarbaar en heroïes beskou. Die idee van ’n aggressiewe maskuliniteit is deur die bosoorlog as aanvaarbaar voorgehou, en binne die konteks van apartheid selfs as heroïes en noodsaaklik vir WAM’s se hegemoniese maskuliniteit beskou (Cock 2001: 50). Gewelddadige optrede is dikwels ’n toets vir maskuliniteit en dapperheid en ’n reg van selfhandhawing vir mans. Morrell (2001:12) wys tereg op die wisselwerking tussen geweld en maskuliniteit binne die Suid-Afrikaanse geskiedenis en Van Coller (2009: 72) noem dat politieke geweld noukeurig opgeteken is in die Suid-Afrikaanse literatuur. Waar ’n “kultuur van geweld” as aanvaarbare kommunikasiemedium geskep is, is dit nie noodwendig binne die alledaagse kultuur- en familie-opset aanvaarbaar nie (Gibson & Lindegaard 2007: 129, 138). Connell (2000: 22) verwys na die onversoenbaarheid van die konflikterende ideale van maskuliniteit soos dit in die politiese/ekonomiese sfeer teenoor die persoonlike/familiale sfeer voorkom – die geweld en aggressie wat vir Lourens aan die grens normaal was, kom barbaars en wreed voor as hy dit aan ’n vriend oorvertel (92). In die diskrepansie lê kontrasterende en konflikterende emosies vir Lourens opgesluit.

Lourens word op bladsy 26 ’n “heteroseksuele anachronisme” genoem. Sy maskuliniteit is nog gewortel in die ou patriargale bestel waardeur oorlogsgeweld as sleutelkonsep van sy maskuliniteit beskou is. Ook wil Lourens sy maskuliniteit stabiliseer in terme van ’n ou Afrikaner-identiteit deurdat hy nostalgies praat oor die bosoorlog en die manlike stereotipes van weleer. Vir Uskalis (1998: 260) kom nostalgie en stereotipes neer op ’n fantasie-projeksie wat die ware geskiedenis afwesig verklaar. Die fantasie wat om heroïese geweld geskep word (soos in die militêre diens en sekere sportsoorte), onderhou Lourens se maskuliniteit, maar ondergrawe dit ook deurdat die self-vernietiging van geweld vir hom onsigbaar is. Hy klou vas aan onvanpaste stereotipes van maskuliniteit in ’n veranderende samelewing, wat Lemon (1991: 115) sien as die kern van die “sogenaamde krisis” wat WAM’s beleef.

Die “goeie ouens” is net so skuldig aan immorele optrede as die “slegte ouens” wat goeie motiewe het (137), probeer Lourens paradoksale diskoerse van die verlede en hede bymekaarbring. Die skeidslyn tussen positiewe en negatiewe sye van maskuliniteit vervaag vir hom.

ii. Hegemonie teenoor hegemonie?

’n Nuwe regeringsbeleid in Suid-Afrika het sedert 1994 daarop uitgegaan om gender- en rassediskriminasie teen vrouens en ander gemarginaliseerde groepe te verlig (Morrell, 2001: 3; Morrell, 2002: 309; Ouzgane & Morell, 2005: 1). Daardeur is die hegemoniese mag van WAM’s ondergrawe. Regstellende aksie is ’n voorbeeld van die aanslag op die magsbasis van WAM’s, aangesien vrouens en swart mense bo WAM’s bevoordeel word (Visagie 2004: 81).

’n Diskoers keer egter altyd op homself (Van Staden 1992: 25). Deur een hegemonie te ondermyn, bereik die diskoers dikwels die teenoorgestelde deurdat die diskoers homself as ’n mag vestig en ’n ander hegemonie skep (Van Staden 1992: 23). Vir Lourens het slegs ’n verandering in magshiërargie plaasgevind met swart mans as die nuwe magsdraers. Die hegemoniese diskoers onderhou homself steeds deurdat daar nou,

volgens Lourens, teen wit mans gediskrimineer word. Hegemoniese maskuliniteit het ’n selfondermynende falliese diskoers geword. In Lourens se metateks is daar byvoorbeeld nie ’n tekort aan WAM’s wat vrywillig die middel, Tiranosol, wil neem en hul velkleur van wit na swart wil verander nie (164).

### 5.3.6 Maskuliniteit, velkleur en politiek

Alle literêre diskoerse is vir Van Coller (2009: 12) “ideologies gekleurd”. Daar kom deurgaans in *Wit plafon* ’n bemoeienis, spel en spanning met velkleur voor en die problematiek van velkleur staan sentraal tot die konstruksie van Lourens se maskuliniteit. Maskuliniteit moet voortdurend bevestig word deur die erkenning van “ander.” Lourens is bewus van die ongunstige blik van “ander” teenoor WAM’s: “Hy weet dat wanneer hy ook al iewers in ’n straat loop, hy net so gestereotipeer word in die oë van enige swart waarnemer as dít waarvan hy en mans van sy geslag beskuldig word” (110). Die negatiewe blik van ander voel hy konstant tot op die punt van paranoia.

Onder die apartheidsregime is ’n geslag WAM’s gesosialiseer deur ’n vrees vir die swart “ander,” soseer dat ’n leegte geskep is deur die swart “ander” wat altyd afwesig was. Sodanige etnosentriese kondisionering gaan met ’n konstante wantroue teen die “ander” gepaard (Jansen 2009: 80, 112). Swart mense het ook die rol van die minderwaardige “ander” vertolk, waarop onmanlike eienskappe, vrese en onbevoegdhede geprojekteer kon word. Lourens het steeds ’n meerderwaardige, arrogante houding teenoor “ander” in Afrika. Hy beweer dat “beskawing” in Afrika vervang is deur iets “waar oermotiewe die motivering agter alles is, al word dit verpak in oënskynlike intellektuele klankgrepe ...” (103). Op bladsy 103 is hy seker dat “... die gemiddelde swarte gedink het dat dinge soos die wiel, wiskunde, meetkunde en die mediese wetenskap nog altyd teenwoordig was in Afrika” (103). Lourens kla gereeld oor die onbevoegdheid van die nuwe regering (58). “Hulle weier dan om gekwalifiseerde wittes in die staatsdiens aan te stel, al is daar ernstige tekorte en duisende poste vakant” (67). Met regstellende aksie is een hegemonie vir Lourens met ’n ander een vervang, selfs al trek WAM’s steeds ekonomiese en politiese voordeel uit ’n wêreldwye patriargie en het die lewenstyl van die deursnee-

Afrikaanssprekende sedert 1994 weinig verander of versleg (Roos 2006: 49). Lourens se redakteur, Lara, beskryf dan ook Lourens se boek, *Transformasie-medikasie*, as ’n heimlike hunkering na wit baasskap (190). “Fok, man, swart is die nuwe swart! Of ... e ... wit is die ou swart ... nee, swart is die nuwe ou wit ...” (67), merk hy verward teenoor sy vriend MJ op.

Die motief van die hegemoniese man as broodwinner word as een van die basiese eienskappe van hegemoniese maskuliniteit beskou (Du Pisani 2001: 158). Om die rol van die broodwinner te “perform”, moet jy volgens Lourens swart wees. “Polisie werk wittes uit”, noem hy op bladsy 82. “Is die wittes effens senuagtig in die nuwe Suid-Afrika? Voel hulle hul moet heeltyd oor die skouer kyk en ál hoe harder werk om hul toekoms te verseker?” (62). Lourens ontdek deur die skryf van *Transformasie-medikasie* dat hy slegs aan die standaarde van die hegemoniese man en suksesvolle broodwinner kan voldoen deur sy velkleur na swart te verander. “Africa belongs to the black man” (135). Lourens besef dat sy velkleur (as simbool van sy ingesteldheid teenoor die nuwe Suid-Afrika) sal moet verander as hy weer aan Afrika wil behoort en nie as WAM onwelkom voel nie (201).

5.3.7 Maskuliniteit en seksualiteit

Hoewel daar sterk vrouens soos Lara Krog, Sandra Basson en Hetta Brönn in die teks voorkom, sien Lourens vrouens meestal as geobjektiveer en in terme van hul seksualiteit. Vrouens word geassosieer met “steek” (41) en “doos” (144). Op bladsy 189 praat Lourens verkleinerend en arrogant met ’n jong vrou in ’n kroeg. As hy sy redakteur, Lara, beskryf, doen hy dit in terme van haar fisiese eienskappe, hoe mooi sy en hoe styf haar borste is. Ook Sandra Basson word beskryf as iemand met wie hy ’n hele naweek wil seks hê (58).

Lourens bevind hom gedurig in ’n magstryd met vrouens. Hy kyk Lingerie Specials op TV, maar verwissel van kanaal toe die modelle begin praat (102), ’n bevestiging van vrouens wat gesien moet word, maar nie gehoor nie. Sy uithangplek is die Fireman’s

Arms. “Tot ’n paar jaar gelede is vrouens nie hier toegelaat nie” (7). Hy kyk Sandra in haar oë toe hy haar groet, “... lank genoeg dat sy kan weet hy is nie haar bitch nie” (19).

Wanneer Lourens se vrou hom skei, word hy simbolies gekastreer. Dit is vir hom ’n falliese verlies, die vernietiging van ’n falliese magsillusie. Hy merk op dat hy so ontoereikend voel dat hy bly is dat hy nie in ’n verhouding is nie “... want ek dink nie eers ek het genoeg selfvertroue om ’n ereksie te kry nie!” (163). Op ’n stadium verlang hy terug na ’n hegemoniese, ’n geïdealiseerde maskuliniteit: “Hy wens hy was tall, dark and handsome. En stil en sterk” (28). Dalk sal vrouens dan van hom hou, peins hy.

Lourens voel veral na sy egskeiding alleen. Hy voel verwyderd van sy Jungiaanse anima, van dit wat in sy onbewuste skuil, van sy vrou wat hom voltooi het. “Die gevoel van alleenheid dreig weer om hom te oorweldig. Dit herinner hom weer aan toe sy eksvrou hom ’n paar jaar gelede ... per SMS laat weet het dat sy wil skei” (110). Emosioneel het hy homself ondergrawe deur nie emosies te wys nie, en dit is juis hierdie gebrekkige innerlike lewe wat in hegemoniese maskuliniteit voorgestaan word wat Lourens sy verhouding met sy vrou kos (28). Die onderdrukking van emosies is vir Middleton (1992: 121) ’n sleutelkonsep in die konstruksie van maskuliniteit.

Lourens poog om die lacuna wat deur onvervulde emosionele behoeftes en gebrekkige intimiteit gelaat word, met iets anders te vul. Dikwels gebruik mans hul werk om hierdie leegte te vul, maar Lourens beskou sy werk as ’n “sinnelose daaglikse roetine” (114), ’n sinneloosheid wat ongetwyfeld bydra tot sy gevoel van oorbodigheid en nutteloosheid as ’n WAM in Suid-Afrika. Dit is ’n alleenheid wat hy voel ten spyte van sy vriendskappe met ander mans, ’n lacuna wat hom onvervuld en onvoltooid laat (110).
Hy streef wel na volheid, wat waarskynlik meer op fantasie gebaseer is as hy sê: “Miskien sal die regte vrou nog kom” (28).

Seksuele verhoudings oor die kleurgrens heen is nog nie vir Lourens vervleg met sy maskuliniteit nie. Oor die teks van Kleinboer (*Kontrei* 2003), wat seksuele verhoudings oor die kleurgrens gedetailleerd en kompulsief beskryf, sê een van die karakters in *Wit*

*plafon*: “Genugtig, Kleinboer, nogal ’n debutant, skryf ’n boek oor meidenaai en wen ’n prys” (21). In ’n veelrassige buurt let Lourens op dat daar verhoudings oor die kleurgrens heen voorkom en besef dat sy konserwatiewe pa in die Vrystaat geskok sal wees as hy vir hom die mooi bruin vroue wys (115).

Psigoanalise het lankal reeds op die verbinding tussen maskuliniteit en homoseksualiteit gewys en daardeur homofobie as een van die sleutelkonsepte in die onderhoud van ’n patriargale samelewing uitgewys (Alsop *et al,* 2002: 146, 156; Connell 1995: 9). Lourens se teenpool en alter ego is Laurens, ’n gay man. Lourens distansieer hom van sy vroulike kant (en van Laurens) en erken ongemak, maar is tog bietjie gevlei, toe ’n vriendin hom op sy vroulike kant wys (14). Tog fassineer Laurens vir Lourens. Biologies dink hy aan Laurens as ’n man, maar assosieer Laurens meer met vroulike stereotipes (89). So word Laurens se kleredrag beskryf in duidelike teenstelling met wat ander mans dra (107). In teenstelling met Laurens, maak Lourens dit duidelik dat hy van die army en van vroue hou en sy maskuliniteit word in alles om hom weerspieël – so is sy binneversiering “tipies van ’n man diep in die dertig,” min meubels, basies en minimalisties (13). Hy noem ook dat hy gereelde, anonieme seks soos die meeste ander heteroseksuele mans het (15).

### 5.3.8 Fratriargiese verhoudings

Lourens verkies ander wit mans as gespreksgenote en ontmoet sy vriend voortdurend in die kroeg waar hulle dronk gesprekke oor werk, oorlog en sport, vrouens en politiek gaan. Dit is op die groepskennis en identiteit van die fratriargie van ander wit mans waarop WAM’s terugval. ’n Voorskriftelike hegemoniese rolmodel wat van geslag tot geslag as die indirekte kennis van ’n kollektiewe identiteit oorgedra is, is nie meer van toepassing nie (Jansen 2009: 84). Die vaderfiguur en die Wet van die Vaders word verplaas deur ’n fratriargie van broers en onderlinge, dog oppervlakkige, vriendskappe (Brod 1990: 133; Kimmel 1994: 129). Op bladsy 112 verwys Lourens na die onnodigheid van ouer wit mans in Suid-Afrika.

Mans geniet veral mekaar se geselskap gedurende sportaktiwiteite – in hierdie geval om sport te kyk (Crous 2005: 23). Hoe Lourens en MJ mekaar groet, is veral tekenend van hoe fratriargiese broers met mekaar praat: “Jis  broer, hoe lyk dit?” (63), “MJ, jou bliksem, hoe lyk dit met ’n bier ná werk?” (141), “Jis, kleintjie!”, “Ja, dikgat.” (142). “Hei Lou, wat sê jy ons gaan eet lekker Porra-kos by die Diaz Tavern ...?” (12). “Piele, sê Lourens en vat nog ’n groot sluk Castle draught” (12). In hierdie fratriargiese gesprekke onderskryf mans hulself as dinamies en vrouens word dikwels oor gefantaseer of heeltemal uitgeskakel – ’n vermomming van ’n onrustige, verwarde gevoel agter die retoriek van maskuliniteit en kameraderie. MJ beskuldig Lourens dat hy net aan “doos” dink, selfs al voer hulle ’n politieke gesprek (144). Die gender-orde en magsisteme word deur fratriargiese gesprekke gehandhaaf en dit is ook ’n manier vir mans om hul fantasieë van hulself te onderhou (Gibson & Lindegaard 2007: 138).

Tussen MJ en Lourens word hierdie kru gesprekke en politieke aanmerkings vol bravade aangevuur deur alkohol. “Drank wil jou laat naai en baklei” (216). “Vyf martini’s, vier draughts en ’n bottel goedkoop Portugese witwyn ...” lys Lourens sy drankverbruik vir die aand (43). “Om hard te drink...” is vir Van Staden (1994: 145) een van die macho-eienskappe van mans. Hoë-risiko gedrag soos oormatige drankmisbruik word deur Lourens aangegryp om hom in kontak met sy emosies te bring. “Wanneer jy dronk is, sê jy altyd te veel. Of te min” (43) erken hy, wat slegs kan kommunikeer as hy te veel gedrink het. As Lourens spottenderwys opmerk dat ’n kroeg ’n plek van transformasie is, blyk dit dat hy hier verwys na ’n transformasieproses wat dalk in homself begin.

Binne die fratriargie van hegemoniese maskuliniteit word sport hoog geag en skep dit volgens Messner (1992: 161) ’n homososiale sfeer waar kompetisie en gewelddadige fisiese kontak tussen mans genormaliseer word. ’n Gunsteling aktiwiteit van Lourens is om saam met sy vriend, of op sy eie, sport te kyk. Gepas noem hy aan MJ dat sport en oorlog dieselfde ding is. “Dis soos sokker, man, dis dieselfde bleddie storie” (8). Hierdie bewering kan teruggevoer word na ’n opmerking deur Lemon (1991: 65) dat sporthelde vandag in dieselfde lig as militêre helde gesien word. Albei onderskryf die aktiewe,

avontuurlustige en dapper eienskappe waarna mans streef en die heldeverering wat daarmee gepaard gaan.

5.3.9 Vervreemding en herontdekking

In die diversiteitswerkswinkel voel Lourens asof hy die “alleenste mens in die wêreld” is (90). Hy is ’n wit, heteroseksuele joernalis in sy laat dertigerjare, “... nóg Europeër, nóg Afrikaan ...” (155), “Nóg vis, nóg vlees” (178). Gedurig dreig gevoelens van alleenheid, aggressie, frustrasie en magteloosheid om hom te oorweldig (143). Die vyand is nie langer die “swart gevaar” nie – die vyand is nou geïnternaliseer en leef voort in teenstrydige diskoerse en ideologiese konflikte. Lourens se inwaarts gerigte blik ondersoek met tye daardie hoekies van die psige wat hy eerder sou wou ignoreer as hy wonder oor sy bevoegdheid as WAM. Dikwels probeer hy, in ’n poging om sy manlike kern te beskerm, apartheid regverdig (136), maar wonder dan tog op bladsy 110 of hy werklik ’n rassis is.

Ná Lourens sy boek voltooi het, voel hy asof hy nie meer by sy ou lewe hoort nie (200). Hy kan nie teruggaan en weer oor motors skryf nie (210). Transformasie deur die skryfproses het wel plaasgevind vir Lourens as WAM. Hy het teruggetree van die oorblyfsels van WAM’s se hegemoniese maskuliniteit en gaan nou poog om homself verder te herdefinieer en weer deel van Afrika te word.

## 5.4 Samevatting

Afrikaanse letterkunde weerspieël dat WAM’s in Suid-Afrika ’n nuwe lewenstyl vir hulself moet definieer (Roos 2006: 44). Die emosionele isolasie, alleenheid binne ’n fratriargie van ander WAM’s en gebrekkige betekenisvolle verhoudings, soos in Lourens se lewe, vervreem hom van sy identiteit as WAM en Suid-Afrikaner. Ratele (2009: 301) beweer dat mense dikwels hul seksuele identiteite uitleef in lyn met die seksuele vrees, onkunde en rassisme wat deur die apartheidsbedeling voorgestaan is. Dit blyk die geval met Lourens te wees.

Deur die teks en metateks verval die tradisionele manlike subjektiwiteit van WAM’s geleidelik in ’n leegte wat vir party eindig in selfvernietiging. Die onderskeid tussen die postmoderne held en vyand het verdwyn en Lourens se falliese magsillusies is daarmee saam vernietig. Vir Lourens word hierdie leemte slegs dieper toe sy vrou hom verlaat omdat hy nie kan kommunikeer nie. Daar is vir hom geen ander weg as om met die moeisame proses van die herdefiniëring van sy rol as WAM te begin nie, ’n soeke na die falliese vervulling teen sy psigiese leegte.

# HOOFSTUK 6

## Slotbeskouing

’n Problematisering van die subjektiwiteit van WAM’s kom literêr-histories al hoe meer in die kontemporêre Afrikaanse prosa voor (Visagie 2004: 240). Hierdie studie het twee tekste, naamlik *Kontrei* deur Kleinboer (2003) en *Om na ’n wit plafon te staar* deur Jaco Kirsten (2009), onderwerp aan ’n stiplees waardeur daar na sekere merkers van WAM’s se belewing van hul maskuliniteit gekyk is.

Waar hoofstuk twee die teoretiese agtergrond van maskuliniteit uiteensit, kyk hoofstuk drie spesifiek na die lewe van WAM’s in Suid-Afrika. Terwyl daar nie noodwendig van ’n “krisis” in maskuliniteit gepraat kan word nie, word die leser wel deeglik ingelyf in die komplekse subjektiwiteit van WAM’s ná 1994. Uit ’n eklektiese benadering tot teorieë oor maskuliniteit is daar sekere merkers geïdentifiseer waarmee hegemoniese eienskappe van maskuliniteit geassosieer word en waarvoor daar in die tekste gesoek is. Hoofstuk vier en vyf bespreek die tekste aan die hand van hierdie merkers.

Dit was egter gou vir die outeur duidelik dat hierdie verhandeling ’n ambisieuse onderwerp aangepak het. Die interkonneksie tussen intieme en persoonlike ervarings, sowel as tussen grootskaalse historiese en sosiale gebeurtenisse wat in Suid-Afrika plaasgevind en in *Kontrei* en *Wit plafon* neerslag gevind het, kan nie naastenby volledig in ’n verhandeling met so ’n beperkte omvang soos hier uitgewys word nie. Dog is daar gepoog om in die tekste uit te lig hoe magsdiskoerse en ’n dinamies veranderende gender-orde in die nuwe, hibriede postapartheid Suid-Afrika tot konflik, vervreemding, angs en teenstrydighede op ’n persoonlike sowel as sosiale vlak vir WAM’s gelei het. ’n Mens kan dus te wagte wees dat sodanige konflikte rondom WAM’s se manifestasies van maskuliniteit gereeld in hedendaagse Afrikaanse prosa sal voorkom. Die outeur is egter verbaas dat daar nie meer prosatekste is wat die onderwerp aanspreek nie. Saam met Kirsten en Kleinboer is Jaco Fouché waarskynlik een van die skrywers wat WAM’s se maskuliniteit in die nuwe Suid-Afrika bevraagteken en dit sal lonend wees om enige van sy tekste aan ’n soortgelyke studie te onderwerp.

Daar is natuurlik geen manier wat ’n literêre teks eerlik benader kan word nie. In hierdie studie is die outeur ’n vrou wat oor manlike diskoerse skryf. Dit kan tot interessante en/of uiters bevooroordeelde aannames lei met die interpretasie van die teks. Maar of die outeur nou ’n man of vrou is, is dit volgens Foucault in elk geval onmoontlik om enige teks buite gegewe diskoerse te interpreteer. Daar sal vervolgens kortliks na ooreenkomste en verskille tussen hierdie merkers van maskuliniteit in die onderhawige tekste gekyk word:

- **Die skryfproses en taalgebruik:** In albei tekste noem die protagoniste spesifiek waarom hulle skryf. Vir Lourens is dit ’n herbesinning oor sy maskuliniteit. Hy skryf in teen sy eie hulpeloosheid wat hy as WAM ervaar. Die verteller in *Kontrei* skryf om homself te wreek – ’n gewelddadige daad teenoor vrouens en teenoor homself. Inderwaarheid skryf hy dus ook in teen gevoelens van hulpeloosheid wat hy teenoor sy geliefde ervaar. Vir albei, uiteindelik, word die teks die fallus. Die hantering van taal en die skryfhandeling is in albei tekse ’n vorm van verset teen die manlike protagonis se magteloosheid.

  Albei onderskryf hul heteroseksualiteit onomwonde deur hul macho taalgebruik en voel dat hul identiteit ondermyn word as Afrikaans nie korrek gepraat of geskryf word nie. By baie Afrikaners is daar die vrees dat Afrikaans – onherroeplik met apartheid verknoop – sal ondergaan (Brink 1985: 146; Dent 2006: iv; Kannemeyer 2005: 547). Vir Lacan is die toetrede tot taal vir die jong seun ’n verwerwing van manlike subjektiwiteit (Visagie 2004: 55). Maskuliniteit bestaan slegs deur taal – in hierdie geval Afrikaans – wat geassosieer word met onderdrukking en mag, die witman se taal. Die linguistiese en semantiese verhouding tussen Afrikaans as apartheidstaal en Afrikaans as falliese betekenaar word nie in hierdie verhandeling ondersoek nie en word aanbeveel as ’n interessante studie op sy eie.

- **Vrouens en intimiteit**: In die tekste is maskuliniteit vir WAM’s ’n “managed achievement” wat konstant in verhouding tot “ander” gekonstrueer word. Hierdie “ander” is veral vrouens, ander WAM’s en swart mense. Daar kan vermoed word dat

’n eksistensiële destabilisasie, soos wat vir WAM’s in Suid-Afrika plaasgevind het, die nodigheid van “ander” vergroot om hul maskuliniteit te bevestig en te onderskryf.

Albei karakters distansieer hulle van die vroulike “ander” deur objektivering van vrouens. Objektivering van vrouens is ’n belangrike manier waardeur die diskoers van hegemoniese mag onderskryf word. Vir mans in die tekste gaan objektivering saam met hul gebrekkige intieme lewe. Objektivering is hulle manier om van vroulike intimiteit te distansieer. Vir die manlike subjekte in die tekste is maskuliniteit gebaseer op onderdrukking van emosies en ’n vrees vir afhanklikheid, terwyl hulle simbolies vasklou aan die illusie van die mag van die fallus.

Dit is juis die verwerping en distansiëring van intimiteit (die vroulike) wat die manlike psige des te meer breekbaar maak en lei tot ’n konstante soeke na hoe om hierdie leemte te vul. Sommige akademici soos Frosh (1995: 230) beweer dat maskuliniteit onderlê word deur leegheid, ’n konstante soeke na die anima. Ten spyte van hul macho gedrag, is daar wel by albei karakters ’n strewe om teenstrydige manlike en vroulike elemente tot ’n harmoniese geheel te integreer, ’n strewe wat konstant deur vrees in die wiele gery word.

Mans wat nie buigbaar is en kan aanpas by ’n minder rigiede manlike rol wat sekere vroulike eienskappe insluit nie, hanteer waarskynlik die veelvuldige eise van ’n globale samelewing minder goed.

- **Fratriargie en homofobie**: Vriendskappe word belangriker soos wat die Wet van die Vader, gegrond op ’n simbiose van apartheid en patriargie, met suspisie bejeën word. In albei tekste geskied sosialisering gemaklik binne ’n nie-bedreigende, fratriargiese raamwerk van sport kyk en drankgebruik, waarvolgens interaksie stereotipies, gedistansieer en sonder intieme emosies is. Die verteller in *Kontrei* se sosialisering bestaan meestal uit sport kyk in kroeë, waar hy geselsies aanknoop met vreemdelinge. Soms het hy saam met ’n vriend ’n kroegete, maar dit vul nie sy emosionele leegte nie. Dit is veral Lourens wat op sy fratriargiese band met MJ staat maak om sy

maskuliniteit as WAM te onderhou. Sterk fratriargiese bande vereis dat mans dit duidelik stel dat daar nie ’n homoseksuele belangstelling is nie, wat in *Wit plafon* as homofobie manifesteer. Hoewel daar definitief voordele verbonde is aan fratriargiese vriendskappe, laat sodanige vriendskappe ’n leegte wanneer dit in isolasie van meer intieme verhoudings voorkom.

- **Vrouens en seksualiteit**: Seks en mag is intrinsiek in *Kontrei* verweef en die verteller ervaar sy maskuliniteit as eensydig en slegs op die seksuele gefokus. Hierdie eensydige, kompulsiewe fokus op seks lei tot ’n objektivering van sy eie liggaam en ’n verdere distansiëring van sy anima, wat die verteller met ’n gevoel van magteloosheid en leegheid laat. Tog herhaal hy sy seksuele gedrag, sy “performance”, al is hy bewus daarvan dit nie aan sy behoeftes voldoen nie. Inderwaarheid kastreer die verteller homself deur oor en oor betekenislose seks te hê, juis terwyl hy kompulsief penetrasie najaag om te bevestig dat kastrasie nie voorgekom het nie.

Mans se afhanklikheid van “ander” om hul maskuliniteit (en veral seksualiteit) te bevestig, veroorsaak interessante teenstrydighede tussen mag en magteloosheid, ’n afhanklike behoefte na ’n “ander”, terwyl daardie “ander” terselfdertyd mans se breekbare identiteit bedreig.

’n Interessante vergelyking in die twee tekste kom voor deurdat *Kontrei* beskou word as ’n herskrywing van die plaasroman, terwyl daar in *Wit plafon* sekere temas is wat herinner aan ’n jagverhaal. Die boer in die plaasroman se geweer en penis word aan mekaar gelykgestel as simbool van die fallus. Die kragmeting tussen jagter en prooi, die WAM as bedreigde spesie, word op gespeel in *Wit plafon*. Vir Van Staden (1992: 94) maak dit nie saak wie of wat gejag word nie – of dit die jag van ander mense in ’n oorlog is, of dit jag(s) vir ’n vrou is – die fallus word altyd gebanaliseer tot iets wat kan skiet. Seks en geweld in die twee tekste is sinonieme betekendes van die fallus, saamgesnoer in die metafoor van jag.

- **Patriargie, hegemonie en religie**: Binne patriargie word maskuliniteit as een van die mees gebiedende en afdwingbare draaiboeke gesien, en mans leef in aanhoudende paranoia, vrees en onsekerheid oor hul eie vaardigheid en aanvaarbaarheid as mans. Die ontvoogding van die Afrikaanse prosa blyk uit die toenemende tekste wat WAM's se manlike subjektiwiteit en die patriargale Wet van die Vader bevraagteken. 'n Ontmaskering van die ouer generasie se waardes as skynheilig gaan gepaard met die verkrummeling van die Afrikaanse patriargale ideaal.

Die Wet van die Vader geld nie meer vir die verteller in *Kontrei* nie. Hy daag grense van WAM's se maskuliniteit uit, maar ondersteun met tye steeds die patriargale diskoers van mag en geweld teenoor vrouens. Erosie van die vader-seun-verhouding kom in *Kontrei* voor deurdat die biologiese vader nie as geskikte rolmodel vir die verteller beskou word nie en die simboliese vaderfiguur, die SAW (*Wit plafon*), het die seun (soldaat) verloën. Albei karakters eindig op met 'n patriarg met voete van klei.

In *Wit plafon* word Lourens bewus van hoe sy maskuliniteit vanaf 'n hegemoniese, kultureel-dominante subjektiwiteit, na 'n sosiaal gemarginaliseerde, antagonistiese, dikwels oneerbare, negatiewe identiteit beweeg. Hoewel daar met tye in beide tekste nog na die hegemoniese vervulling van die manlike rol gestreef word, is daar terselfdertyd tekens dat die karakters pynlik bewus is van die beperkings van hierdie rol, die self-bedrieglikheid en destruksie wat daarmee gepaard gaan. Vir albei karakters in die teks word die falliese as te leeg en beklemmend ervaar. Vir WAM's is dit 'n daaglikse werk om hul maskuliniteit te bevry uit die houvas van apartheid en van die vaderfiguur as die verpersoonliking van apartheid.

Die patriargale en religieuse word in beide tekste bymekaargebring deur die Calvinistiese beeld van die *kruis*. Vir Lourens word die Afrikanerman gekruisig oor alles wat in die samelewing fout is. Vir die verteller in *Kontrei* word sy pa gekruisig omdat hy nie kan aanvaar dat sy seun met 'n swart vrou getrou het nie.

- **Militêre diensplig, geweld en avontuur**: Die merke van die bosoorlog word vir Steyn (1999: 5) steeds in Suid-Afrikaners se kollektiewe psige rondgedra en beïnvloed onder meer hul begrip van maskuliniteit. Waar militêre diensplig ’n beduidende rol in Lourens se manlike subjektiwiteit beklee, verwys die verteller in *Kontrei* net in die verbygaan na sy militêre diensplig. Beide van hulle moes noodgedwonge met die gewelddadige en heroïese wat met apartheid gepaard gegaan het, identifiseer deur verpligte diensplig te doen.

  Die manlike eienskappe wat Lourens gedurende sy diensplig geïnternaliseer het, is onvanpas in die omwenteling waaraan WAM’s onderwerp is deur die nuwe regering. Lourens was voorberei vir ’n oorlog wat nooit gebeur het nie, op ’n rol van ’n volksheld wat nie meer bestaan nie. Hy voel oortollig en nutteloos.

  Die onlangse pletora van herpublikasies van veral jag- en avontuurverhale laat ’n mens wonder of daar ’n behoefte aan sodanige tekste van die ou orde is om maskuliniteit te bevestig. Die moontlikheid word geopper dat mans al hoe meer na hul oeroorsprong soek om sin aan hul bestaan te gee, ’n teruggryp na vroeë tye toe man-wees vermoedelik eenvoudiger was. Van hierdie her-publikasies is W.A. de Klerk (*Drie swerwers oor die einders*, 2009, eerste druk 1953), Doc Immelman (*Die leeu van Okarusewa*, 2008, eerste druk 1967); P.J. Schoeman (*Op klein spoortjies*, 2010, eerste druk 1944; *Uitspring kêrels*, 2010, eerste druk 1951) en J. von Moltke (*Veldsmanne*, 2005, eerste druk 1958). Selfs onlangse tekste wat oor vervloë dae handel, is besonder gewild, soos bewys deur die werke van Lategan P. Bredenkamp (*Jan Leendert*, 2008; *Waar die wêreld wyd is*, 2010).

  *Kontrei* en *Wit plafon* word in ’n metafoor verenig wanneer Lourens die oorlog met sport vergelyk en die verteller in *Kontrei* seks met sport vergelyk. Soos sport, kom oorlog en seks, as merkers van maskuliniteit, in die teks voor as fallus wat ’n leemte probeer vul wat die karakters se psiges onderlê.

- **Bevraagtekening en besinning**: Daar is wel dekonstruksie van stereotipes by albei karakters teenwoordig, ’n inwaarts gerigte blik waardeur hulle met tye poog om hulself te rekonsilieer met die nuwe bedeling. Selfondersoek, waar die inwaarts gerigte blik daardie hoekies van die psige ondersoek wat gewoonlik geïgnoreer wil word, kan ’n gevaarlike blik wees wat vrees, angs en ongemak vir die karakters veroorsaak, maar ook tot ’n proses van onthulling, selfontdekking en harmonie kan lei.

  Beide karakters vermoed dat ’n sisteem van patriargale dominansie ook skadelik vir die dominante groep is – in hierdie geval WAM’s – aangesien so ’n sisteem die dominante groep verhoed om hul volle self-potensiaal te bereik (Brod 1990: 126). In sy kontroversiële boek, *For whites only*, maak die outeur Charles Cilliers die volgende stelling: “... racism, and the particular racism that led to and became apartheid is something of an order of magnitude of evil so much greater than I think we, as whites, have never fully come to appreciate what was done to us, as much as what we did to blacks. We were made to become unloving and cold. In our dealings with blacks, we were made into the worst versions of ourselves” (2008: 63).

- **Maskuliniteit as negatiewe identiteit?**: Dit was opmerklik en selfs verontrustend vir die outeur dat maskuliniteit meestal as ’n “negatiewe” identiteit beskou is. Daar moet egter in gedagte gehou word dat die twee tekste onder bespreking die navorsing gerig het en dat daar in beide tekste gekyk word na *konflik* wat voorkom in die subjektiewe belewing van maskuliniteit. Die teorie het gevolglik gefokus op die pessimisme wat in die tekste na vore getree het.

  Dit neem egter nie die feit weg dat Frosh (1995: 230) die kern van maskuliniteit as ’n leegheid beskou waarop die manlike identiteit gebou is nie. Seidler (1989: 7), soos aangehaal in Frosh (1995: 222), beweer: “[M]asculinity is an essentially negative identity learnt through defining itself against emotionality and connectedness.” En Rowlands *et al*, (1998: 3) beweer dat maskuliniteit tot ’n mate afgemaak kan word as ’n leë, oorbodige kategorie waardeur mans onsigbaar geword het. Deur die manlike

blik is mans onsigbaar vir hulself en Middleton (1992: 152) gaan sover as om die inwaarts gerigte manlike blik as afwesig te beskou.

Die positiewe aspek verbonde aan maskuliniteit as ’n sosiale konstruksie, is dat maskuliniteit as ’n voortdurende proses van wording beskou word, wat impliseer dat *positiewe* en *negatiewe* veranderinge binne maskulineit voortdurend plaasvind. Maskuliniteit is vloeibaar, ’n lewenslange proses van wording. Binne diskoerse kan WAM’s keuses uitoefen, mits hulle bewus is van ander, verskuilde diskoerse. Vir mans met ’n sterk sin van identiteit, is die proses van wording ’n uitdaging, ’n proses van bemagtiging wat kan lei tot uniek subjektiewe belewinge van hul maskuliniteite. “The self is not given to us, we have to create ourselves as a work of art” sê Foucault (aangehaal in Whitehead 2002: 215).

In beide tekste – hoe gebrekkig ook al – probeer die manlike subjekte ’n kontinuïteit en harmonie in hul lewe bring en ’n psigologiese gemaklikheid met hulself en hul gemeenskap skep.

In *Kontrei* en *Wit plafon* blyk dit dat die manlike karakters wel besef dat hul maskuliniteit nie altyd in pas met politiese en sosiale veranderinge in Suid-Afrika is nie, dat hulle magteloosheid ervaar en konstant ’n emosionele leegte probeer vul. Albei tekste is desperate pogings van die “nuwe man” in Suid-Afrika wat probeer om sy maskuliniteit te herdefinieer binne ’n stelsel waarin hy patriargale mag probeer prysgee sonder om ’n sekere menswaardigheid te verloor. In beide tekste lê die antwoord deels in WAM’s se politieke benadering. Lourens se metateks eindig waar ’n wit man kan kies om ’n swart vel te hê. Die verteller in *Kontrei* se geslagsdeel (fallus) word gelykgestel aan dié van ’n swart man.

Soos wat merkers van maskuliniteit na vore gekom het in *Kontrei* en *Wit plafon*, het dit geblyk dat hierdie merkers eerder roetewysers is wat ’n pad aandui waarvan die eindbestemming nie bestaan nie. Om sonder ’n vaste eindbestemming te reis, is nie noodwendig negatief nie. Daar word geglo dat skrywers van prosa hierdie reis sal

dokumenteer soos die grense van hegemoniese maskuliniteit in Suid-Afrika meer poreus en vaag begin raak en dat maskuliniteite meer uiteenlopend voorgestel sal word. 'n Interessante tyd van heraanpassing en herdefiniëring van gender-rolle kan in die Afrikaanse prosa verwag word deur te kyk na sekere temas binne WAM's se belewingswêreld.

# Bibliografie

Alsop, R., Fitzsimons, A. & Lennon, K. 2002. *Theorizing gender*. Cambridge: Polity Press.

Arnfred, S., Bakare-Yusuf, B., Kisiang'ani, E., Lewis, D., Oyewumi, O. & Steady, F. (eds.). 2004. *African gender scholarship: Concepts, methodologies and paradigms*. Senegal: Council for the development of social science research in Africa (CODESIRA).

Artz, L. 2009. "The weather watchers: Gender, violence and social control." In: Steyn, M. & Van Zyl, M. (eds.). 2009. *The prize and the price. Shaping sexualities in South Africa*. Cape Town: HSRC, pp. 169-191.

Beuke-Muir, C. 2001. "Die kwesbaarheid van die moderne man en die manifestasie daarvan in die prosa van Piet van Rooyen". *Stilet* XIII: 1, pp. 1-10.

Botes, N. & Cochrane, N. 2007. "Van drag king tot lipstick lesbian: 'n Voorlopige kontinuum van lesbiese genderidentiteit met spesifieke toepassing op die Afrikaanse kortverhaal." *Stilet*, XIX:2, pp. 100-115.

Brink, A.P. 1985. *Literatuur in die strydperk*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Brink, A.P. 2004. "Kontrei is koning." *Insig*, 31 Maart 2004, p. 76.

Brod, H. 1990. "Pornography and the alienation of male sexuality". In: Hearn, J. & Morgan, D. (eds.). 1990. *Men, masculinities & social theory*. London: Unwin Hyman Ltd, pp. 124-139.

Brod, H. & Kaufman, M. (eds.). 1994. *Theorizing masculinities.* California: Sage.

Buchanan, I. 2010. *Dictionary of Critical Theory*. New York: Oxford University Press.

Burck, C & Speed, B. (eds.). 1995. *Gender, Power & Relationships*. London: Routledge.

Butler, J. 1990. *Gender Trouble*. New York & London: Routledge Classics.

Cilliers, C. 2008. *For whites only*. Johannesburg: X-Concepts Publications.

Coates, J. 2004. *Women, men and language.* Great Britain: Pearson Education.

Cock, J. 2001. "Gun violence and masculinity in contemporary South Africa". In: Morrell, R. (ed.). 2001. *Changing men in Southern Africa*. Pietermaritzburg: University of Natal Press, pp. 43-55.

Coetzee, C. 2009. "'n Oumanne verhaal met nuwe woede en bitterheid." *Rapport*, 19 April 2009, p. 5.

Connell, R.W. 1987. *Gender & power*. Cambridge: Polity.

Connell, R.W. 1994. "Psychoanalysis on Masculinity". In: Brod, H. & Kaufman, M. (eds.). 1994. *Theorizing masculinities.* California: Sage, pp. 11-38.

Connell, R.W. 1995. *Masculinities*. Cambridge: Polity.

Connell, R.W. 2000. *The men and the boys*. Cambridge: Polity.

Crous, M. 2005. "Presentations of masculinity in a selection of male-authored post-apartheid novels". Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

Davies, R. 2009. *Afrikaners in the new South Africa*. London: Taurus Academic Studies.

Dent, E. 2007. *Exploring the construction of white male identity in selected novels by J.M. Coetzee.* Beskikbaar by: http://hdl.handle.net/10500/1583. Datum van gebruik: 8 September 2009.

De Villiers, J. & Cloete, H. 2010. "Wees manne, nié sissies – Angus." *Rapport*, 18 April 2010, p. 1.

De Vries, F. 2004. "Homegrown Bukowski." *This Day*, 22 January 2004, p. 8.

De Vries, W. 2009. "Ek propageer niks nie, bevraagteken als." *Die Burger*, 3 April 2009, p. 10.

Du Pisani, K. 2001. "Puritanism transformed. Afrikaner masculinities in the Apartheid and Post-apartheid period". In: Morrell, R. (ed.). 2001. *Changing men in Southern Africa*. Pietermaritzburg: University of Natal Press, pp. 157-175.

Engelbrecht, T. 2003. "Woeste Suid-Afrikaanse Seks-mal Roman uit Praag-stal." *Rapport*, 28 Desember 2003, p. 7.

Epprecht, M. 2005. "Male-male sexuality in Lesotho: Two conversations". In: Reid, G & Walker, L. (eds.). 2005. *Men Behaving Differently.* Cape Town: Double Storey, pp. 183-204.

Epstein, D. 1998. "Whiteness and masculinity". *Agenda*, nr. 37, pp. 49-59.

Fairclough, N. 2001. *Language and Power.* 2nd Edition. London: Pearson Education.

Fromm, E. 2004. *The dogma of Christ and other essays on religion, psychology and culture.* London: Routledge Classics.

Frosh, S. 1995. "Unpacking masculinity. From rationality to fragmentation". In: Burck, C & Speed, B. (eds.) *Gender, Power & Relationships*. London: Routledge, pp. 218-231.

Francken, E. & Renders, L. 2005. *Skrywers in die strydperk. Krachtlijnen in de Zuid-Afrikaanse letterkunde.* Amsterdam: Uitgeverij Bert Bakker.

Gibson, D. & Lindegaard, M. 2007. "South African boys with plans for the future: Why focus on dominant discourses tells us only part of the story". In: Shefer, T., Ratele, K., Strebel, A., Shabalala, N. & Buikema, R. (eds.) 2007. *From boys to men. Social constructions of masculinity in contemporary society.* Landsdowne: UCT, pp. 128-144.

Gevisser, M. 1994. "A different fight for freedom: a history of South African lesbian and gay organisation from from the 1950s to the 1990s". In: Gevisser, M. & Cameron, E. (eds.) *Defiant desire: gay and lesbian lives in South Africa*. Johannesburg: Raven Press, pp. 14-86.

Goldstein, M. 1995. "The experience of being male: A phenomenological study". Ongepubliseerde MA (Sielkunde)-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Hambidge, J. 2000. "Gender-konstruksies in die Afrikaanse Letterkunde: 'n Ondersoek in kultuurstudies, literêre teorie en kreatiewe skryfwerk". Ongepubliseerde Ph.D - verhandeling, Universiteit van Kaapstad.

Hambidge, J. 2004a. "Om die ou Adam af te lê." *Die Burger*, 7 Februarie 2004, p. 13.

Hambidge, J. 2004b. "Hoe ry die Boere sit-sit so." *Die Volksblad*, 16 Februarie 2004, p. 6.

Hearn, J. & Morgan, D. (eds.). 1990. *Men, masculinities & social theory*. London: Unwin Hyman.

Hearn, J. & Morgan, H. 1990. "Men, masculinities and social theory". In: Hearn, J. & Morgan, D. (eds.). 1990. *Men, masculinities & social theory*. London: Unwin Hyman, pp. 1 - 18.

Hearn, J. 2007. "The problems boys and men create, the problems boys and men experience". In: Shefer, T., Ratele, K., Strebel, A., Shabalala, N. & Buikema, R. (eds.). 2007. *From boys to men. Social constructions of masculinity in contemporary society.* Landsdowne: UCT, pp. 13-32.

Hilton, M. 1996. "Lost Boys? Violence and imperialism in popular construction of masculinity". In: Styles, M, Bearne, E & Watson, V. (eds.). 1996. *Voices Off.* London: Cassell, pp. 291-309.

Holmes, M. 2009. *Gender and Everyday Life*. Great Britain: Routledge.

Horowitz, I. 2001. "Cultural practices of masculinity in post-apartheid South Africa". In: Pease, B. & Pringle, K. (eds.). 2001. *A man's world*. London: Zed, pp. 231 – 244.

Isaacs, G. & McKendrick, B. 1992. *Male homosexuality in South Africa. Identity formation, culture, and crisis.* Cape Town: Oxford University.

Isaacson, M. 2006. "Radical Work from Kleinboer takes no Missionary Position." *Sunday Independent*, 26 November 2006, p. 18.

Jansen, J.D. 2009. *Knowledge in the blood*. South Africa: UCT.

Kannemeyer, J.C. 2005. *Die Afrikaanse literatuur 1652 – 2004*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Kaufman, M. 1994. "Men, feminism and men's contradictory experience of power". In: Brod, H. & Kaufman, M. (eds.). 1994. *Theorizing masculinities.* California: Sage, pp. 142-163.

Kimmel, M. 1994. "Masculinity as homophobia. Fear, shame and silence in the construction of gender identity". In: Brod, H. & Kaufman, M. (eds.). 1994. *Theorizing masculinities.* California: Sage, pp. 119-140.

Kimmel, M. & Kaufman, M. 1994. "Weekend warriors. The new men's movement." In: Brod, H. & Kaufman, M. (eds.). 1994. *Theorizing masculinities.* California: Sage, pp. 259-288.

Kimmel, M. & Messner, M. (eds.). 1992. *Men's lives.* New York: MacMillan.

Kirsten, J. 2008. *My kant van die saak*. Kaapstad: Tafelberg.

Kirsten, J. 2009a. *Om na 'n wit plafon te staar.* Kaapstad: Tafelberg.

Kirsten, J. 2009b "Dis ál wat ek het." *Rapport*, 1 Maart 2009, p. 20.

Kleinboer. 2003. *Kontrei*. Dainfern: Praag.

Lacan, J. 1977. *Ecrits. A selection*. London: Hogarth.

Lemon, J. 1991. "Images of men and the crisis of masculinity: An exploratory study". Ongepubliseerde MA-verhandeling, UNISA.

Louw, C. 2009. *Boetman en die swanesang van die verligtes*. Kaapstad: Human & Rousseau.

MacDonald, M. 2006. *Why race matters in South Africa*. Pietermaritzburg: University of Natal Press.

Malan, M. 2009. "Boek takel Afrikaanse media." *Rapport*, 22 Maart 2009, p. 12.

Marais, N. 2005. "'n Diskursiewe ondersoek van enkele verteenwoordigende Afrikaanse en Nederlandse historiese romans". Ongepubliseerde Ph.D-verhandeling, Universiteit van die Vrystaat.

Marais, W. 2009. "G'n Meesterstuk, maar tog die lees werd." *Volksblad*, 8 Junie 2009, p. 4.

McLeod, J. 1998. "Men against masculinity: The fiction of Ian McEwan". In: Rowlands, A., Liggins, E. & Uskalis, E. (eds.). 1998. *Signs of Masculinity. Men in literature 1700 to the present*. Amsterdam: Rodopi, pp. 218-245.

Messner, M. 1992. "Boyhood, organized Sports, and the construction of masculinities". In: Kimmel, M. & Messner, M. (eds.). 1992. *Men's lives.* New York: MacMillan, pp. 161-176.

Middleton, P. 1992. *The inward gaze. Masculinity & subjectivity in modern culture*. London: Routledge.

Morrell, R. 1998. "The new man?" *Agenda*, nr. 37, pp. 7-12.

Morrell, R. (ed.). 2001. *Changing men in Southern Africa*. Pietermaritzburg: University of Natal Press.

Morrell, R. 2001. "The times of change: Men and masculinity in South Africa". In:

Morrell, R. (ed.). 2001. *Changing men in Southern Africa.* Pietermaritzburg: University of Natal Press, pp. 3-37.

Morrell, R. 2005. "Men, movements, and gender transformation in South Africa". In: Ouzgane, L. & Morrell, R. (eds.). 2005. *African masculinities. Men in Africa from the late nineteenth century to the present*. Pietermaritzburg: University of Natal Press, pp. 271-288.

Mputhing, P. 2007. "Into Joburg's sordid underworld, with missionary zeal." *The Weekender*, 8 April 2007, p. 5.

Niehaus, I. 2009. "Renegotiating masculinity in the lowveld: Narratives of male-male sex in compounds, prisons and at home". In: Steyn, M. & Van Zyl, M. (eds.). 2009. *The prize and the price. Shaping sexualities in South Africa*. Cape Town: HSRC, pp. 85-111.

Ouzgane, L. & Morrell, R. (eds.). 2005. *African masculinities. Men in Africa from the late nineteenth century to the present.* Pietermaritzburg: University of Natal Press.

Ouzgane, L. & Morrell, R. (2005). "Introduction". In: Ouzgane, L. & Morrell, R. (eds.). 2005. *African masculinities. Men in Africa from the late nineteenth century to the present.* Pietermaritzburg: University of Natal Press.

Oyewumi, O. 2004. "Conceptualising gender: Eurocentric foundations of feminist concepts and the challenge for African epistemologies". In: Arnfred, S., Bakare-Yusuf, B., Kisiang'ani, E., Lewis, D., Oyewumi, O. & Steady, F. (eds.). 2004. *African gender scholarship: Concepts, methodologies and paradigms.* Senegal: Council for the development of social science research in Africa (CODESIRA), pp. 1-8.

Pease, B. & Pringle, K. (eds.). 2001. *A man's world*. London: Zed.

Ratele, K. 1998. "The end of the black man". *Agenda*, nr. 37, pp. 60-64.

Ratele, K. 2009. "Apartheid, anti-apartheid and post-apartheid sexualities". In: Steyn, M. & Van Zyl, M. (eds.). 2009. *The prize and the price. Shaping sexualities in South Africa*. Cape Town: HSRC, pp. 290-305.

Reddy, V. 1998. "Negotiating gay masculinities". *Agenda*, nr. 37, pp. 65-70.

Reddy, V. 2005. "Wit mans toegerus met wapens: Die grenstematiek in drie verwante dramatekste". *Stilet*, Jaargang XVII:3, pp. 104-130.

Reid, G. & Walker, L. (eds.). 2005. *Men behaving differently.* Cape Town: Double Storey.

Reid, G. & Walker, L. 2005. "Masculinities in question". In: Reid, G. & Walker, L. (eds.). 2005. *Men behaving differently.* Cape Town: Double Storey, pp. 1-20.

Remy, J. 1990. "Patriarchy and fratriarchy as vorms of andocracy". In: Hearn, J. & Morgan, D. (eds.). 1990. *Men, masculinities & social theory.* London: Unwin Hyman, pp. 43-54.

Richards, B. 1990. "Masculinity, identification, and political culture". In: Hearn, J. & Morgan, D. (eds.). 1990. *Men, masculinities & social theory*. London: Unwin Hyman, pp. 160-167.

Richter, L. & Morrell, R. (eds.). 2006. *'Baba': Men and fatherhood in South Africa*. Cape Town: HSRC.

Roos, H. 2006. "Die Afrikaanse prosa 1997 – 2002". In: Van Coller, H. (red.). 2006. *Perspektief & Profiel.* Pretoria: Van Schaik Uitgewers, pp. 43-104.

Roothman, B., Kirsten. D. & Wissing, M. 2003. "Gender differences in aspects of psychological well-being". *South African Journal of Psychology*, 33(4), pp. 212-218.

Rowlands, A., Liggins, E. & Uskalis, E. 1998. *Signs of masculinity. Men in literature 1700 to the present.* Amsterdam: Rodopi.

Rowlands, A., Liggins, E. & Uskalis, E. 1998. "Introduction". In: Rowlands, A., Liggins, E. & Uskalis, E. (eds.). 1998. *Signs of masculinity. Men in literature 1700 to the present.* Amsterdam: Rodopi.

SAPA. 2010. "Black workers still get a raw deal, says Vavi." *Pretoria News*, 14 May 2010, p. 1.

Schoene-Harwood, B. 2000. *Writing men*. Edinburgh: Edinburgh University Press.

Schwenger, P. 1984. *Phallic critique. Masculinity and Twentieth-Century Literature*. Londen: Routledge & Kegan Paul.

Shefer, T., Ruiters, K. 1998. "The masculine construct in heterosex". *Agenda*, nr. 37, pp. 39-45.

Shefer, T., & Foster, D. 2009. "Heterosex among young South Africans: Research reflections". In: Steyn, M. & Van Zyl, M. (eds.) 2009. *The prize and the price. Shaping sexualities in South Africa*. Cape Town: HSRC, pp. 267-289.

Shefer, T., Ratele, K., Strebel, A., Shabalala, N. & Buikema, R. 2007. "From boys to men: An overview". In: Shefer, T., Ratele, K., Strebel, A., Shabalala, N. & Buikema, R. (eds.). 2007. *From boys to men. Social constructions of masculinity in contemporary society.* Landsdowne: UCT, pp. 1-12.

Shefer, T., Ratele, K., Strebel, A., Shabalala, N. & Buikema, R. (eds.). 2007. *From boys to men. Social constructions of masculinity in contemporary society.* Landsdowne: UCT.

Sideris, T. 2005. "You have to change but you don't know how!: Contesting what it means to be a man in a rural area in South Africa". In: Reid, G & Walker, L. (eds.). 2005. *Men behaving differently.* Cape Town: Double Storey, pp. 111-137.

Smit, M. 2004. "Kleinboer se roer." *Beeld*, 10 Januarie 2004, p. 9.

Smith, F. 2004. "In die nuwe betonoerwoud word hart in lateks gehul." *Die Burger,* 22 Maart 2004, p. 9.

Steinberg, W. 1994. *Masculinity: Identity, conflict and transformation*. New York: Shambhala.

Steyn, M. & Van Zyl, M. (eds.). 2009. *The prize and the price. Shaping sexualities in South Africa*. Cape Town: HSRC.

Steyn, M. & Van Zyl, M. 2009. "The prize and the price". In: Steyn, M. & Van Zyl, M. (eds). 2009. *The prize and the price. Shaping sexualities in South Africa*. Cape Town: HSRC, pp. 3-17.

Steyn, Stephanus M. 1999. "Die verbeelding van manlike subjektiwiteit in die populêre Afrikaanse grensliteratuur". Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

Strachan, A. 1984. *'n Wêreld sonder grense*. Kaapstad: Tafelberg.

Strebel, A., Crawford, M., Shefer, T., Cloete, A., Henda, N., Kaufman, M., Simbayi, L., Magome, K. & Kalichman, S. 2006. *Journal of Social Aspects of HIV/AIDS*, 3(3), pp. 516-528.

Suttner, R. 2007. "Masculinities in the ANC-LED liberation movement". In: Shefer, T., Ratele, K., Strebel, A., Shabalala, N. & Buikema (eds.). 2007. *From boys to men*. Landsdowne: UCT, pp. 195-224.

Swart, S. 2001. "Man, gun and horse. Hard right Afrikaner masculine identity in post-apartheid South Africa". In: Morrell, R. (ed.). 2001. *Changing men in Southern Africa.* Pietermaritzburg: University of Natal Press, pp. 75-89.

Tripp, A., Casimiro, I, Kwesiga, J. & Mungwa, A. 2009. *African women's movements*. New York: Cambridge University Press.

Uskalis, E. 1998. "Making the public male: Performing masculinities, power and tradition in Graham Swift's Waterland and Peter Carey's The Tax Inspector". In: Rowlands, A., Liggins, E. & Uskalis, E. (eds.). 1998. *Signs of masculinity. Men in literature 1700 to the present.* Amsterdam: Rodopi, pp. 246-269.

Van Coller, H. (red.). 2006. *Perspektief & Profiel.* Pretoria: Van Schaik.

Van Coller, H.P. 2009. *Tussenstand. Letterkundige opstelle*. Pretoria: Van Schaik.

Van der Merwe, C.N. 1994. *Breaking barriers. Stereotypes and the changing of values in Afrikaans writing 1875 – 1990.* Amsterdam: Rodopi.

Van der Merwe, C. & Viljoen, H. 1998. *Alkant Olifant. 'n Inleiding tot die Literatuurwetenskap.* Pretoria: Van Schaik.

Van Rooyen, F. 2009. "SA vroue trek nog aan die kortste end." *Beeld*, 14 Oktober 2009, p. 10.

Van Staden, J.C. 1992. "Manlike diskoerse: Teorie, mag, politiek, teks, geweld en seks – gerig op die prosa van P.J. Haasbroek en Alexander Strachan". Ongepubliseerde MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria.

Van Zyl, M. 2009. "Beyond the constitution: From sexual rights to belonging". In: Steyn, M. & Van Zyl, M. (eds.). 2009. *The prize and the price. Shaping sexualities in South Africa*. Cape Town: HSRC, pp. 364-387.

Venter, E. 2005. *Ek stamel en sterwe*. Kaapstad: Tafelberg.

Viljoen, L. 2002. "Die kleur van mens: Antjie Krog se *Kleur kom nooit alleen nie* (2000) en die rekonstruksie van identiteit in post-apartheid Suid-Afrika". *Stilet*, Jg. XIV:1, pp. 20-49.

Viljoen, L. 2003. "Breyten en die vaders: Perspektiewe op die rol van die vader in Breytenbach se vroeë poësie". *Stilet* 15 (2), pp. 28-52.

Visagie, A. 1999. "Manlikheid en konflik in die eietydse Afrikaanse jagliteratuur". Beskikbaar by: www.pala.ac.uk/resources/proceedings/1999/ptf/visagiereferaat. Gebruik: 5 Augustus 2009.

Visagie, A. 2004. "Manlike subjektiwiteit in die Afrikaanse prosa vanaf 1980 tot 2000". Ongepubliseerde Ph.D - verhandeling, Universiteit van Stellenbosch.

Visagie, A. 2005. "Wit mans, swart vroue: *Man-bitch* van Johan van Wyk (2001) en *Kontrei* van Kleinboer (2003) as seksuele outobiografieë". *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 12 (2), pp. 225-253.

Walker, L. 2005. "Negotiating the boundaries of masculinities in post-apartheid South Africa". In: Reid, G. & Walker, L. (eds.). 2005. *Men behaving differently.* Cape Town: Double Storey, pp. 161-182.

Whitehead, S.M. 2002. *Men and masculinities.* Cambridge: Polity.

Xaba, T. 2001. "Masculinity and its malcontents. The confrontation between 'struggle masculinity' and 'post-struggle masculinity' (1990-1997)". In: Morrell, R. (ed.). 2001. *Changing men in Southern Africa*. Pietermaritzburg: University of Natal Press, pp. 105-124.

Zevenbergen, A. 2009. *Spots of a leopard. On being a man*. Cape Town: Laughing Leopard.

## Opsomming

Na die 1994-verkiesing in Suid-Afrika het die posisie van wit, Afrikaanse mans (WAM's) binne die gender-orde verander. Die vervlegting van WAM's se subjektiwiteit met 'n dominante ideologie is deur die nuwe regering ongedaan gemaak. Gevolglik het veranderde diskoerse van mag en maskuliniteit al hoe meer in Suid-Afrikaanse literatuur ter sprake gekom.

Hierdie verhandeling kyk na hoe WAM's se maskuliniteit in twee literêre tekste, *Kontrei* deur Kleinboer (2003) en *Om na 'n wit plafon te staar* deur Jaco Kirsten (2009), manifesteer. Hierdie twee tekste is aan 'n stiplees onderwerp en, gebaseer op sekere teorieë van maskuliniteit, is sekere merkers van maskuliniteit belig. Beide tekste het die lewe van 'n WAM in post-apartheid Suid-Afrika as onderwerp en in beide tekste manifesteer magsverlies, onsekerheid, psigologiese gefragmenteerdheid en vervreemding op verkillende wyses in die manlike subjektiwiteit.

'n Eklektiese benadering tot maskuliniteit word in hoofstuk twee gevolg deurdat verskeie teorieë oor maskuliniteit bestudeer is. Die teoretiese perspektiewe van Jacques Lacan, Michel Foucault en Judith Butler word bespreek, aangesien hulle idees aangaande maskuliniteit suksesvol en ekstensief deur ander akademici toegepas is op die analise van maskuliniteit en literatuur. Psigoanalise en maskuliniteit word bespreek met spesifieke verwysing na die simboliek van die Oedipus-kompleks en die Lacaniaanse leegte wat maskuliniteit onderlê. In samehang met psigoanalise word maskuliniteit belig deur die falliese aard van die tekste en karakters uit te wys. Foucault se teorie oor diskoerse wat mekaar onderhou en terselfdertyd ondermyn, word in die tekste belig en die fragmentering van die karakters se maskuliniteit word uitgewys. Butler se herhaaldelike "performances" van die manlike rol kom in beide tekste voor. Verder word maskuliniteit as 'n sosiale konstruksie teen die agtergrond van Marxisme en sosiologie beskou. Hoofstuk drie kyk na die konteks waarbinne WAM's se maskuliniteit in Suid-Afrika afspeel.

In hoofstuk vier en vyf word die manlike karakters in beide tekste bespreek deur na hegemoniese merkers van maskuliniteit te kyk. Die man as jagter, soldaat en boer, beoefenaar van geweld en hoë-risiko gedrag, sy gebrek aan emosionele intimiteit, sy optrede teenoor vrouens en swartes as "ander", sy seksualiteit, patriargale en fratriargale verbintenisse en politiese ingesteldhede word as merkers van maskuliniteit bespreek.

Sleutelwoorde:
Afrikaans, maskuliniteit, manlikheid, identiteit, wit mans, Kleinboer, Jaco Kirsten, patriargie, fratriargie.

## Summary

After the 1994 elections in South Africa the position of white, Afrikaans men (WAM's) changed within the gender order. The intertwinement of WAM's subjectivity with a dominant ideology was undone by the new government. Consequently, changing discourses of power and masculinity became more present within South African literature.

This dissertation looks at how WAM's masculinity manifests in two literary texts, *Kontrei* by Kleinboer (2003) and *Om na 'n wit plafon te staar* by Jaco Kirsten (2009). These two texts were submitted to a close reading and, based on certain theories of masculinity, certain markers of masculinity were exposed. Both texts have the life of a WAM in post-apartheid South Africa as subject and in both texts the loss of power, uncertainty, psychological fragmentation and alienation manifest in different ways in the masculine subjectivity.

An eclectic approach of masculinity is followed in chapter two as a variety of theories about masculinity were studied. The theoretical perspectives of Jacques Lacan, Michel Foucault and Judith Butler are discussed, as their ideas have been used successfully and extensively by academics to analyze masculinity an literature. Psycho-analysis and masculinity are discussed with specific reference to the symbolism of the Oedipus complex and the Lacanian emptiness that underlies masculinity. Interconnected with psycho-analysis the phallic nature of the text and characters are exposed. Foucault's theory about discourses that support and undermine each other simultaneously is exposed in the texts and the fragmentation of the characters' masculinities are shown. Butler's repetitive "performances" of the male role appears in both texts. Furthermore, masculinity is seen as social construct against a Marxist and sociological background. Chapter three looks at the context in which masculinity unfolds for WAM's in South Africa.

In chapter four and five the male characters in both texts are discussed by looking at hegemonic markers of masculinity. The man as hunter, soldier and farmer, perpetrator of violence and high risk behaviour, his lack of emotional intimacy, his behaviour towards women and blacks as "other", his sexuality, patriarchal and fraternal connections and political predispositions are discussed as markers of masculinity.

Key words:
Afrikaans, masculinity, manliness, identity, white men, Kleinboer, Jaco Kirsten, patriarchy, fratriarchy.